RES - 62 2.

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS

# DIE ARBEIDSPATROON VAN INDIËRS IN NATAL

deur

D. T. VAN DER SPUY

NAVORSINGSREEKS Nr. 62

INLIGTINGSAFDELING
INFORMATION SECTION

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en
Maatskaplike Navorsing
PRETORIA
1968

001.3072068 RES 62 NBSR

GP-S-(F)-L

Klasnr./Class No. | Registernr./No.
001.3072068 NBSR
RES 62
36389/8
RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
BIBLIOTEEK
LIBRARY
HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

36389/8

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

HUMANITAS
RGN • HSRC

VERVALDATUM / DATE DUE

'YS

ΓAL

.IKE NAVORSING

1968

Die inhoud van hierdie verslag mag vryelik aangehaal word mits
die bron erken word

0 0 0 0 5 5 0 5 3 3

001.3072068 NBSR RES 62

* 0 5 5 0 5 3 *

RGN ... RC
1977
STANDKODE RES62
001.30720068
G
36369 8

## VOORWOORD

Die Minister van Indiërsake het op 8 Februarie 1962 in die Senaat van die Republiek van Suid-Afrika verklaar dat die Indiërs van Suid-Afrika voortaan as permanente inwoners van die Republiek beskou sal word. Sedert hierdie belangrike beleidsverklaring is daar van owerheidsweë heelwat aandag aan maatskaplike navorsing onder die Indiërbevolking geskenk. Die onderhawige verslag is die resultaat van 'n tweede groot ondersoek wat deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing onderneem is. Die verslag Die Sosio-Ekonomiese Posisie van die Indiërbevolking in Natal, ook van hierdie Buro, het reeds verskyn.

'n Woord van dank aan diegene wat behulpsaam was met die insameling van die gegewens en ook aan die nagenoeg 5, 000 Indiërs wat om inligting genader is. Sonder die samewerking van hierdie persone sou die opname nie moontlik gewees het nie.

P. M. ROBBERTSE
DIREKTEUR

INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | INLEIDING | 1 |
| 1.1 | Doel | 1 |
| 1.2 | Navorsingsprosedure | 1 |
| 1.3 | Die steekproef | 1 |
| 1.4 | Begripsbepaling | 3 |
| 2. | WOONPLEK EN MIGRASIE | 5 |
| 2.1 | Inleiding | 5 |
| 2.2 | Woonplek | 5 |
| 2.3 | Redes vir migrasie | 7 |
| 3. | ONDERWYSPEIL EN AKADEMIESE KWALIFIKASIES | 10 |
| 3.1 | Inleiding | 10 |
| 3.2 | Onderwyspeil | 10 |
| 3.3 | Kursusse geslaag | 15 |
| 3.4 | Privaatstudie na toetrede tot die arbeidsmag | 15 |
| 3.5 | Naskoolse akademiese kwalifikasies, onderwysdiplomas en -sertifikate | 15 |
| 3.6 | Tegniese sertifikate | 19 |
| 3.7 | Ander bykomstige kwalifikasies | 19 |
| 3.8 | Vakmanskap en vakmanstatus | 20 |
| 4. | TOETREDE TOT DIE ARBEIDSMAG | 23 |
| 4.1 | Inleiding | 23 |
| 4.2 | Ouderdom by toetrede tot die arbeidsmag | 23 |
| 4.3 | Tydperk tussen skoolverlating en diensaanvaarding | 23 |
| 5. | BEROEP | 26 |
| 5.1 | Inleiding | 26 |
| 5.2 | Die vaste werkers | 26 |
| 5.3 | Die werkers wat nie ten volle geëmplojeer is nie | 30 |
| 5.4 | Afstand tussen woon- en werkplek | 37 |
| 6. | INKOMSTE | 39 |
| 6.1 | Inleiding | 39 |
| 6.2 | Die persoonlike kontantinkomste | 39 |
| 6.3 | Inkomste in goedere | 53 |
| 6.4 | Vermeerdering in salaris | 57 |
| 6.5 | Inkomste uit een of meer soorte werk | 57 |
| 6.6 | Bydraes | 57 |

| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 7. | BEROEP- EN WERKGEWERVERWISSELING | 60 |
| 7.1 | Inleiding | 60 |
| 7.2 | Beroepverwisseling | 60 |
| 7.3 | Werkgewerverwisseling | 62 |
| 8. | DIE OMVANG VAN WERKLOOSHEID | 66 |
| 8.1 | Inleiding | 66 |
| 8.2 | Probleme met die identifisering van werkloses | 66 |
| 8.3 | Die geraamde getal werkloses | 67 |
| 8.4 | Ander werkloosheidsyfers | 67 |
| 9. | DIE WERKLOSES | 69 |
| 9.1 | Inleiding | 69 |
| 9.2 | Algemene kenmerke | 69 |
| 9.3 | Die laaste beroep wat die werklose beoefen het | 69 |
| 9.4 | Tydperk werkloos | 71 |
| 9.5 | Die tydperk wat die werklose in sy laaste betrekking gestaan het | 74 |
| 9.6 | Rede vir werkloosheid | 74 |
| 9.7 | Inkomste deur die werklose verlang | 74 |
| 9.8 | Bestaansmiddele van die werklose | 80 |
| 9.9 | Registrasie by die Departement van Arbeid | 80 |
| 9.10 | Die werklose as werksoeker | 82 |
| 10. | DIE LENGTE VAN DIE WERKWEEK | 84 |
| 10.1 | Inleiding | 84 |
| 10.2 | Lengte van die werkweek by die vaste werker | 84 |
| 10.3 | Lengte van die werkweek by persone wat nie ten volle geëmplojeer is nie | 85 |
| 11. | DIVERSE | 90 |
| 11.1 | Inleiding | 90 |
| 11.2 | Onderemplojering | 90 |
| 11.3 | Voorkeur ten opsigte van werkgewer | 92 |
| 11.4 | Afwesigheid | 95 |
| 11.5 | Verlof | 99 |
| 12. | SAMEVATTING | 101 |
| 12.1 | Inleiding | 101 |
| 12.2 | Woonplek en migrasie | 101 |
| 12.3 | Onderwyspeil en akademiese kwalifikasies | 101 |
| 12.4 | Toetrede tot die arbeidsmag | 102 |
| 12.5 | Beroep | 102 |

| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 12.6 | Inkomste | 103 |
| 12.7 | Beroep- en werkgewerverwisseling | 103 |
| 12.8 | Die omvang van werkloosheid | 103 |
| 12.9 | Die werkloses | 104 |
| 12.10 | Die lengte van die werkweek | 104 |
| 12.11 | Diverse | 104 |
| | LITERATUURLYS | 105 |

TABELLE


| Nr. | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1.1 | SAMESTELLING VAN DIE STEEKPROEF | 2 |
| 2.1 | WOONPLEK | 5 |
| 2.2 | GEBOORTEPLEK VOLGENS DIE WOONPLEK VAN DIE PROEFPERSONE | 6 |
| 2.3 | WOONPLEK BY AANVAARDING VAN EERSTE VOLTYDSE WERK VOLGENS WOONPLEK TYDENS OPNAME | 7 |
| 2.4 | GETAL KERE SEDERT VYFTIENDE VERJAARDAG GETREK VOLGENS OUDERDOM | 8 |
| 2.5 | REDE VIR TREK NA HUIDIGE WOONPLEK VOLGENS GESLAG | 9 |
| 3.1 | ONDERWYSPEIL VOLGENS GESLAG | 10 |
| 3.2 | ONDERWYSPEIL VOLGENS OUDERDOM | 12 |
| 3.3 | ONDERWYSPEIL VOLGENS WOONPLEK | 13 |
| 3.4 | ONDERWYSPEIL VOLGENS HUISTAAL | 14 |
| 3.5 | ONDERWYSPEIL VOLGENS BEROEPSITUASIE | 16 |
| 3.6 | GETAL KURSUSSE WAT ONDERVRAAGDES GESLAAG HET | 17 |
| 3.7 | PRIVAATSTUDIE NA TOETREDE TOT DIE ARBEIDSMAG VOLGENS ONDERWYSPEIL | 18 |
| 3.8 | NASKOOLSE AKADEMIESE KWALIFIKASIES VOLGENS GESLAG | 19 |
| 3.9 | BYKOMSTIGE KWALIFIKASIES VOLGENS GESLAG | 20 |
| 3.10 | VAKMANNE IN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS ONDERWYSPEIL | 21 |
| 4.1 | OUDERDOM BY TOETREDE TOT DIE ARBEIDSMAG VOLGENS GESLAG | 23 |
| 4.2 | TYDPERK VAN LEDIGHEID NÁ SKOOLVERLATING VOLGENS GESLAG | 24 |
| 4.3 | TYDPERK VAN LEDIGHEID NÁ SKOOLVERLATING VOLGENS ONDERWYS-PEIL | 25 |
| 5.1 | HOOFBEROEPGROEP VAN VASTE WERKERS VOLGENS GESLAG | 26 |
| 5.2 | HUIDIGE BEROEP VAN VASTE WERKERS VOLGENS OUDERDOM | 27 |
| 5.3 | HUIDIGE BEROEP VAN VASTE WERKERS VOLGENS ONDERWYSPEIL | 29 |
| 5.4 | GETAL PERSONE WAT OOR TEGNIESE SERTIFIKATE BESKIK VOLGENS DIE SOORT WERK WAT HULLE VERRIG | 30 |
| 5.5 | HUIDIGE BEROEP VAN VASTE WERKERS VOLGENS GELOOF | 31 |
| 5.6 | RESPONSIE VAN VASTE WERKERS OP 'N VRAAG OF HULLE VIR HULSELF OF VIR IEMAND ANDERS WERK VOLGENS ONDERWYSPEIL | 32 |
| 5.7 | RESPONSIE VAN VASTE WERKERS OP 'N VRAAG OF HULLE VIR HULSELF OF VIR IEMAND ANDERS WERK VOLGENS GELOOF | 33 |
| 5.8 | WERKERS WAT NIE TEN VOLLE GEËMPLOJEER IS NIE VOLGENS VERNAAMSTE BEROEP DEUR HULLE BEOEFEN | 35 |
| 5.9 | BEROEPE BEOEFEN DEUR WERKERS WAT NIE TEN VOLLE GEËMPLOJEER IS NIE VOLGENS GESLAG | 34 |
| 5.10 | WERKERS WAT NIE TEN VOLLE GEËMPLOJEER IS NIE VOLGENS WOONPLEK | 36 |
| 5.11 | REDES WAAROM DEELTYDSE WERK IN PLAAS VAN VOLTYDSE WERK GEDOEN WORD VOLGENS GESLAG | 37 |
| 5.12 | AFSTAND TUSSEN WOON- EN WERKPLEK VOLGENS WOONPLEK | 38 |

| Nr. | | Bladsy |
|---|---|---|
| 6.1 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VOLGENS GESLAG | 39 |
| 6.2 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VOLGENS OUDERDOM | 41 |
| 6.3 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VOLGENS ONDERWYSPEIL | 42 |
| 6.4 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VOLGENS HUISTAAL | 43 |
| 6.5 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VOLGENS GELOOF | 44 |
| 6.6 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN PROFESSIONELE EN TEGNIESE WERKERS, ADMINISTRATIEWE, UITVOERENDE EN BESTUURSWERKERS EN KLERKLIKE WERKERS | 46 |
| 6.7 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN VERKOOPSWERKERS | 47 |
| 6.8 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN LANDBOUERS EN VISSERS | 48 |
| 6.9 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN MYN-, STEENGROEF- EN VERWANTE WERKERS EN WERKERS IN VERVOER-, AFLEWERINGS- EN KOMMUNIKASIEDIENSTE | 49 |
| 6.10 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN VAKMANNE | 50 |
| 6.11 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN HALFGESKOOLDE WERKERS | 51 |
| 6.12 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN ARBEIDERS | 52 |
| 6.13 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN PERSOONLIKE DIENS-, SPORT- EN ONTSPANNINGSWERKERS | 54 |
| 6.14 | KONTANTINKOMSTE VAN WERKERS WAT NIE TEN VOLLE GEËMPLOJEER IS NIE VOLGENS HOOFBEDRYWIGHEID | 55 |
| 6.15 | INKOMSTE IN GOEDERE IN DIE VORM VAN GRATIS HUISVESTING VOLGENS MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE | 56 |
| 6.16 | INKOMSTE IN GOEDERE IN DIE VORM VAN GRATIS MAALTYE VAN WERKGEWERS ONTVANG VOLGENS MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE | 56 |
| 6.17 | HUIDIGE VERDIENSTE VAN VASTE WERKERS TEENOOR DIÉ VAN DRIE JAAR GELEDE VOLGENS GESLAG | 57 |
| 6.18 | HUIDIGE VERDIENSTE VAN VASTE WERKERS TEENOOR DIÉ VAN DRIE JAAR GELEDE VOLGENS ONDERWYSPEIL | 58 |
| 6.19 | GETAL WERKE WAARUIT 'N INKOMSTE VERKRY WORD VOLGENS WOONPLEK | 58 |
| 6.20 | BYDRAES EN PERSENTASIE ONDERVRAAGDES VAN WIE SE INKOMSTE AFTREKKINGS GEMAAK WORD | 59 |
| 7.1 | EERSTE BEROEP VAN VASTE WERKERS VOLGENS HUIDIGE BEROEP | 61 |
| 7.2 | EERSTE EN HUIDIGE BEROEP VAN VASTE WERKERS | 60 |
| 7.3 | GETAL BEROEPE BEOEFEN DEUR WERKERS WAT NIE TEN VOLLE GEËMPLOJEER IS NIE VOLGENS GESLAG | 62 |
| 7.4 | GETAL WERKGEWERS BY WIE DIE VASTE WERKERS IN DIE VOORAFGAANDE VYF JAAR IN HUL HUIDIGE BEROEP WERKSAAM WAS | 63 |
| 7.5 | TYDPERK WERKSAAM BY HUIDIGE WERKGEWER OF SELFGEËMPLOJEER VOLGENS GESLAG | 63 |
| 7.6 | TYDPERK WERKSAAM IN HUIDIGE SOORT WERK VOLGENS GESLAG | 64 |
| 7.7 | REDE VIR VERWISSELING VAN WERKGEWER VOLGENS GESLAG | 64 |
| 9.1 | LAASTE BEROEP WAT DIE WERKLOSE BEOEFEN HET VOORDAT WERKLOOSHEID INGETREE HET VOLGENS GESLAG | 69 |
| 9.2 | TYDPERK VAN WERKLOOSHEID VOLGENS GESLAG | 71 |
| 9.3 | TYDPERK VAN WERKLOOSHEID VOLGENS OUDERDOM | 72 |

| Nr. | | Bladsy |
|---|---|---|
| 9.4 | TYDPERK VAN WERKLOOSHEID VOLGENS ONDERWYSPEIL | 73 |
| 9.5 | BETREKKING BEKLEE NET VOORDAT WERKLOOSHEID INGETREE HET VOLGENS TYDPERK WAT DIE BETREKKING BEKLEE IS | 75 |
| 9.6 | REDE VIR WERKLOOSHEID VOLGENS WOONPLEK | 76 |
| 9.7 | MINIMUMKONTANTLOON WAARVOOR WERKLOSES BEREID IS OM TE WERK VOLGENS GESLAG | 77 |
| 9.8 | MINIMUMKONTANTLOON WAARVOOR WERKLOSES BEREID IS OM TE WERK VOLGENS OUDERDOM | 78 |
| 9.9 | MINIMUMKONTANTLOON WAARVOOR WERKLOSES BEREID IS OM TE WERK VOLGENS LAASTE VORIGE BEROEP WAT BEOEFEN IS | 79 |
| 9.10 | REDES WAAROM SEKERE WERKLOSES NOOIT GEREGISTREER HET NIE | 81 |
| 9.11 | GETAL KERE WAT WERKLOSES, GEDURENDE DIE MAAND WAT DIE OPNAME VOORAFGEGAAN HET, HUL WOONPLEK VERLAAT HET OM WERK TE SOEK VOLGENS OUDERDOM | 83 |
| 10.1 | LENGTE VAN WERKWEEK IN TERME VAN WERKDAE VOLGENS GESLAG | 84 |
| 10.2 | LENGTE VAN WERKWEEK IN TERME VAN WERKURE VOLGENS GESLAG | 84 |
| 10.3 | LENGTE VAN WERKWEEK IN TERME VAN WERKURE VOLGENS WOONPLEK | 86 |
| 10.4 | LENGTE VAN WERKWEEK IN TERME VAN WERKURE VOLGENS ONDERWYS-PEIL | 87 |
| 10.5 | GEMIDDELDE GETAL URE PER WEEK GEWERK VOLGENS GESLAG | 85 |
| 10.6 | LENGTE VAN WERKWEEK IN TERME VAN WERKURE VOLGENS VER-NAAMSTE SOORT SEISOEN- OF STUKWERK | 89 |
| 11.1 | RESPONSIE VAN VASTE WERKERS OP 'N VRAAG OF HULLE VIR 'N WERK OPGELEI IS WAT HULLE NIE TYDENS DIE OPNAME GEDOEN HET NIE VOLGENS GESLAG | 90 |
| 11.2 | SOORT WERK WAARMEE MEER VERDIEN KAN WORD | 91 |
| 11.3 | REDE WAAROM BETER BESOLDIGDE WERK NIE GEDOEN WORD NIE VOLGENS SOORT WERK WAARMEE MEER VERDIEN KAN WORD | 93 |
| 11.4 | BEREIDWILLIGHEID OM VIR LEDE VAN ANDER GELOOFS- OF BEVOL-KINGSGROEPE TE WERK VOLGENS GESLAG | 92 |
| 11.5 | BEREIDWILLIGHEID OM VIR LEDE VAN ANDER GELOOFS- OF BEVOL-KINGSGROEPE TE WERK VOLGENS GELOOF | 94 |
| 11.6 | VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN WERKGEWER VOLGENS GESLAG | 95 |
| 11.7 | VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN WERKGEWER VOLGENS GELOOF | 96 |
| 11.8 | GETAL DAE GEDURENDE VOORAFGAANDE TWAALF MAANDE NIE OP ARBEIDSMARK MEEGEDING NIE VOLGENS GESLAG | 95 |
| 11.9 | GETAL DAE WERKLOOS GEDURENDE VOORAFGAANDE TWAALF MAANDE VOLGENS GESLAG | 97 |
| 11.10 | GETAL DAE GEDURENDE VOORAFGAANDE TWAALF MAANDE VAN WERK AFWESIG WEENS SIEKTE VOLGENS GESLAG | 97 |
| 11.11 | GETAL DAE GEDURENDE VOORAFGAANDE TWAALF MAANDE VAN WERK AFWESIG WEENS ONGELUKKE EN BESERINGS VOLGENS GESLAG | 97 |
| 11.12 | GETAL DAE GEDURENDE VOORAFGAANDE TWAALF MAANDE VAN WERK AFWESIG AS GEVOLG VAN ONGUNSTIGE WEERSTOESTANDE VOLGENS GESLAG | 98 |
| 11.13 | GETAL DAE GEDURENDE VOORAFGAANDE TWAALF MAANDE VAN WERK AFWESIG WEENS SWANGERSKAP EN BEVALLINGS | 98 |

| Nr. | | Bladsy |
|---|---|---|
| 11.14 | TOTALE GETAL DAE GEDURENDE VOORAFGAANDE TWAALF MAANDE AFWESIG VAN WERK VOLGENS GESLAG | 98 |
| 11.15 | GETAL DAE GEDURENDE VOORAFGAANDE TWAALF MAANDE VAN WERK AFWESIG MET VERLOF MET EN SONDER BETALING VOLGENS GESLAG | 100 |

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 DOEL

Hierdie ondersoek is deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing onderneem op versoek van die Departement van Indiërsake. Die doel met die ondersoek is om 'n studie te maak van die Indiërwerker[1] en sy arbeidspatroon. Aspekte wat aandag geniet het, is onder andere residensiële en arbeidsmigrasie, onderwyspeil, inkomste, die omvang en oorsake van werkloosheid en die voorkoms van seisoen- en stukwerk.

Die opname is beperk tot Natal waar meer as 80 persent van die land se Indiërbevolking woonagtig is (10, bl. A-10).

## 1.2 NAVORSINGSPROSEDURE

Die gegewens wat deur middel van onderhoudvoering met die betrokke proefpersone verkry is, is op voorafgekodifiseerde vraelyste aangebring. Die ontwerpvraelys is vooraf in verskeie onderhoudsituasies deeglik uitgetoets. Sodoende is vasgestel in welke mate dit aan die vooropgestelde vereistes voldoen het. Na die voorondersoek is die tekortkominge wat ondervind is, aangevul en die vraelys gefinaliseer.

Om moontlike agterdog van die ondervraagdes te bekamp, is daar van Indiërveldwerkers gebruik gemaak om die onderhoude te voer en die vraelyste te voltooi. Hierdie veldwerkers is onder die studente van die Universiteitskollege Durban gewerf en deeglik in die gebruik van die vraelys opgelei. Blanke navorsingsbeamptes het streng toesig oor die veldwerkers gehou en voltooide vraelyste is, sover as moontlik, direk na die onderhoude nagesien. Soms is daar ook opvolgbesoeke gedoen om die inligting op voltooide vraelyste te verifieer. Die veldwerkers is elke dag na die beginpunte van die onderskeie opnemersdistrikte vergesel en daar is gesorg dat die steekproefvoorskrifte nagekom is.

Die veldondersoek het sonder onderbreking vanaf 3 tot 25 Julie 1964 geduur.

## 1.3 DIE STEEKPROEF

Vanselfsprekend was dit nie moontlik om binne 'n kort tydsbestek al die ekonomies bedrywige[2] Indiërs in Natal om inligting te nader nie. Gegewens wat egter van 'n verteenwoordigende steekproef van die universum verkry word, is feitlik net so betroubaar as gegewens wat van die universum self verkry word.

Vir die samestelling van die steekproef het die bevolkingsyfers van 1960 as grondslag gedien en is op 'n steekproef van 5,000 persone (mans van 15 tot 64 jaar en vroue van 15 tot 59 jaar oud) besluit. Die grootte van hierdie steekproef het betroubare ontledings en gevolgtrekkings moontlik gemaak. Volgens die sensus van 1960[3] was daar 394,854 Indiërs in Natal woonagtig van wie ongeveer 25 persent (102,286) ekonomies bedrywig was. Ongeveer een uit elke 20 ekonomies aktiewe Indiërs in Natal is dus tydens die opname om inligting genader.

Die proefpersone is in enkele of in groepe van aangrensende sensusopnemersdistrikte by die ondersoek betrek. Hierdie opnemersdistrikte, of groepe daarvan, is ewekansig gekies

---

[1] Vir die doeleindes van hierdie ondersoek omvat die begrip „Indiërs" alle persone van Indiërafkoms of persone wat hulself as Indiërs beskou.

[2] Kyk paragraaf 1.4.1.

[3] Bevolkingsensus, 1960, Steekproeftabellasies No. 3 (Hoofberoepsgroepe: Blankes, Kleurlinge en Asiate). In die amptelike statistiek word na „Asiate" verwys, dit wil sê „inboorlinge van Asië en hul afstammelinge" en nie slegs Indiërs nie. Aangesien die getal nie-Indiërs (byvoorbeeld Sjinese) 'n baie klein persentasie van die totale Asiatebevolking in Natal uitmaak, beïnvloed dit nie die gegewens noemenswaardig nie en geld die statistiek ten opsigte van Asiate nagenoeg ook vir die Indiërbevolking.

uit nege van die tien ekonomiese streke[1] waarin Natal ingedeel is nadat die distrikte volgens bevolkingsgrootte gestratifieer en op 'n landelik-stedelike grondslag ingedeel is. Die een ekonomiese streek wat buite rekening gelaat is, het slegs 'n geringe Indiërbevolking gehad[2]. Die stratifiëring volgens bevolkingsgrootte het meegebring dat 'n sensusopnemersdistrik met byvoorbeeld 10,000 Indiërs 'n gelyke kans gehad het om ingesluit te word as byvoorbeeld 10 saamgegroepeerde opnemersdistrikte met 'n gesamentlike Indiërbevolking van 10,000 persone.

Die getal persone wat in elke opnemersdistrik (of groepering van opnemersdistrikte) opgeneem moes word, is bereken met inagneming van bevolkingsgrootte, die verhouding mans tot vroue wat ekonomies bedrywig is (nagenoeg 9:1) en volgens woonplek (stedelike en landelike gebiede) sodat in totaal 5,000 persone by die ondersoek betrek kon word.

Die sensusopnemersdistrikte wat ewekansig gekies is, is oor twee-en-twintig landdrosdistrikte versprei. Tabel 1.1 toon hoeveel persone, mans en vroue en stedelike en landelike gevalle, in elk van hierdie landdrosdistrikte ingesluit is.

TABEL 1.1

SAMESTELLING VAN DIE STEEKPROEF

| Landdrosdistrik | Stedelik | | | Plattelands | | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | Vroue | Totaal | Mans | Vroue | Totaal | Mans | Vroue | Totaal |
| Durban | 2,410 | 250 | 2,660 | - | - | - | 2,410 | 250 | 2,660 |
| Pinetown | 300 | 31 | 331 | 44 | 2 | 46 | 344 | 33 | 377 |
| Port Shepstone | 71 | 4 | 75 | 36 | 4 | 40 | 107 | 8 | 115 |
| Umzinto | 48 | 3 | 51 | 90 | 11 | 101 | 138 | 14 | 152 |
| Inanda | 144 | 17 | 161 | 111 | 10 | 121 | 255 | 27 | 282 |
| Lower Tugela | 116 | 13 | 129 | 403 | 33 | 436 | 519 | 46 | 565 |
| Mtunzini | 16 | 1 | 17 | 8 | 1 | 9 | 24 | 2 | 26 |
| Eshowe | - | - | - | 8 | 1 | 9 | 8 | 1 | 9 |
| Pietermaritzburg | 304 | 53 | 357 | 18 | 5 | 23 | 322 | 58 | 380 |
| Umvoti | 11 | 2 | 13 | - | - | - | 11 | 2 | 13 |
| Camperdown | 7 | 1 | 8 | 10 | 2 | 12 | 17 | 3 | 20 |
| New Hanover | - | - | - | 16 | 5 | 21 | 16 | 5 | 21 |
| Alfred | 5 | - | 5 | - | - | - | 5 | - | 5 |
| Richmond | 7 | 1 | 8 | 12 | 2 | 14 | 19 | 3 | 22 |
| Estcourt | 19 | 4 | 23 | 36 | 5 | 41 | 55 | 9 | 64 |
| Kliprivier | 61 | 12 | 73 | 9 | 1 | 10 | 70 | 13 | 83 |
| Lions River | 14 | 3 | 17 | - | - | - | 14 | 3 | 17 |
| Weenen | 16 | 2 | 18 | - | - | - | 16 | 2 | 18 |
| Mpendle | - | - | - | 8 | 2 | 10 | 8 | 2 | 10 |
| Dundee | 54 | 7 | 61 | 11 | 1 | 12 | 65 | 8 | 73 |
| Newcastle | 34 | 2 | 36 | 16 | 1 | 17 | 50 | 3 | 53 |
| Lower Umfolozi | 15 | 2 | 17 | 16 | 2 | 18 | 31 | 4 | 35 |
| TOTAAL | 3,652 | 408 | 4,060 | 852 | 88 | 940 | 4,504 | 496 | 5,000 |

[1] Die ekonomiese streke is deur die Buro vir Marknavorsing van die Universiteit van Suid-Afrika in samewerking met die Buro vir Statistiek afgebaken. 'n Kaart wat die 51 streke van die Republiek aandui, verskyn in elk van die Steekproeftabellasies van die Bevolkingsensus, 1960.

[2] Dié streek - waar slegs 46 Indiërs tydens die 1960-sensus aangetref is - sluit die volgende landdrosdistrikte in: Nqutu, Ubombo, Mahlabatini, Mtonjaneni, Ingwavuma, Nkandla en Nongoma. Soos in die geval van Blankes mag Indiërs nie in Bantoegebiede grond besit nie (Steekproeftabellasie No. 2, 1960).

Die onderhoudvoering in elk van hierdie sensusopnemersdistrikte het in die stedelike gebiede vanaf ewekansig gekose beginpunte (wat op gedetailleerde kaarte deur middel van syfers aangebring is) plaasgevind. Die veldwerker moes vanaf beginpunt nommer 1 onderhoude voer met persone in die wooneenhede[1] aan die regterkant van die straat. Hy moes kloksgewys om die blok werk totdat hy weer by die beginpunt uitkom. Die proses is herhaal vanaf beginpunt nommers 2, 3, 4 ensovoorts, totdat die voorafbepaalde getal persone vir daardie opnemersdistrik ondervra is.

In landelike omgewings was dit nie altyd moontlik om beginpunte aan te dui nie. Soms was kaarte vir die gebiede nie verkrygbaar nie en moes die navorsingsbeamptes self die beginpunte bepaal. Daar is egter toegesien dat nie meer as vyf ekonomies bedrywige persone op een plaas ingesluit word nie. In hierdie opsig is uitsonderings ten opsigte van groot suikerplantasies gemaak.

Verskeie ander voorskrifte in verband met die steekproef moes nagekom word. Die bewoners van die hoekhuis by die beginpunt (beginpunte in stedelike gebiede is deurgaans by straathoeke aangetoon) is aanvanklik oorgeslaan. Die ander hoekhuise in dieselfde blok moes egter besoek word en so ook die hoekhuis by die beginpunt as die res van die blok nie die vereiste getal persone vir onderhoude opgelewer het nie. Hierdie prosedure is gevolg om te voorkom dat persone in hoekhuise nie oorverteenwoordig word nie[2]

'n Maksimum van drie ekonomies bedrywige persone is per wooneenheid ondervra. Indien daar meer as drie ekonomies bedrywige mans in 'n wooneenheid aangetref is, moes die drie jongste mans ondervra word. Op hierdie wyse sou die getalsoorwig van bejaarde mans in daardie wooneenhede waar slegs een man aangetref word, geneutraliseer word.

Die reël dat 'n maksimum van drie persone per wooneenheid ondervra word, het meegebring dat die „gebiedskwotas" soms oorskry is. Waar 19 uit 'n kwota van 20 persone in 'n besondere opnemersdistrik reeds ondervra is en die volgende wooneenheid wat besoek is, twee of selfs drie persone wat vir ondervraging gekwalifiseer het, opgelewer het, is vraelyste ten opsigte van albei of al drie voltooi. Indien daar slegs een vraelys voltooi sou word om die kwota te verkry, sou dit beteken het dat wooneenhede waar meer as een persoon ondervra kon word, in die steekproef onderverteenwoordig sou word. Die gevolg hiervan was dat die groottotaal op 5,108 in stede van 5,000 te staan gekom het. Hiervan was 4,248 persone (83.2%) ten volle geëmplojeer, 231 (4.5%) nie ten volle geëmplojeer nie en 629 (12.3%) werkloos[3]

## 1.4 BEGRIPSBEPALING

### 1.4.1 <u>Ekonomies bedrywige persone</u>

Om vir ondervraging te kwalifiseer, moes 'n persoon aktief op die arbeidsmark meeding (elders in die verslag word die begrip „in die arbeidsmag wees" as alternatief gebruik), dit wil sê hy moes -

- vir homself werk; of
- vir iemand anders werk; of
- nie werk nie maar in staat wees om te kan werk en in 'n mindere of meerdere mate aktief na werk soek; en
- in die geval van mans van 15 tot 64 en in die geval van vroue van 15 tot 59 jaar oud wees.

Hierdie omskrywing sluit vaste werkers, seisoenwerkers, stukwerkers, „korttydwerkers" en werkloses in[4].

---

[1] Kyk paragraaf 1.4.5.

[2] Hoekerwe is dikwels duurder as aangrensende erwe. Die moontlikheid dat die bewoners van hoekhuise meer welvarend as hul bure is, is dus nie uitgesluit nie.

[3] Kyk paragraaf 1.4.

[4] Huisvroue, studente, skoliere en werkskuwes is dus nie by die ondersoek betrek nie. Laasgenoemde is persone wat kan en behoort te werk maar nie werk nie en nie wil werk nie. Pensioentrekkers is ingesluit indien hulle, na aftrede, weer begin werk het en jonger as 65 jaar in die geval van mans en 60 jaar in die geval van vroue is. Indien hulle egter nie werk nie maar aktief na werk soek, is hulle nie in die steekproef opgeneem nie aangesien dit aanvaar is dat 'n pensioentrekker nie werkloos kan wees nie.

1.4.2 Vaste werkers

'n Vaste werker verrig werk wat normaalweg dwarsdeur die jaar voorkom en waarvan die aard van die werk min of meer permanent is. Onderwysers, verpleegsters, winkel-assistente, landbouers met uitsondering van seisoenwerkers, is voorbeelde van vaste werkers. Waar die begrip „persone wat ten volle geëmplojeer was" in die verslag voorkom, moet dit as sinoniem met vaste werkers beskou word.

1.4.3 Persone wat nie ten volle geëmplojeer is nie

'n Persoon is nie ten volle geëmplojeer nie indien hy „korttyd" werk, dit wil sê minder ure per week werk as wat normaalweg deur werkers in sy beroep gewerk word, of indien hy om een of ander rede verkies om 'n deel van die jaar nie te werk nie. In hierdie verslag word korttyd-, seisoen- en stukwerkers as werkers wat nie ten volle geëmplojeer is nie, beskou.

(a) Korttydwerkers
Dit is persone wat minder as die normale getal ure per week werk.

(b) Seisoenwerkers
'n Seisoenwerker werk normaalweg nie dwarsdeur die jaar nie maar slegs gedurende 'n sekere seisoen of seisoene. Persone wat byvoorbeeld slegs werk wanneer vrugte gepluk, verpak of verwerk word of as kelner diens doen gedurende vakansieseisoene, is as seisoenwerkers ingedeel. Seisoenwerkers is met ander woorde persone by wie daar 'n gereelde patroon van seisoenwerk voorkom.

(c) Stukwerkers
'n Stukwerker is 'n kontrakteur op klein skaal. Hy onderneem om een spesifieke en goed-omskrewe taak te voltooi en word dikwels eers besoldig wanneer die taak, of gedeeltes daarvan, afgehandel is. Nadat die taak waarin hy gewoonlik spesialiseer, afgehandel is, soek hy na ander dergelike werk. Werkers wat van huis tot huis gaan en byvoorbeeld aanbied om herstelwerk, verf- of klipwerk te doen teen vergoeding, is algemene voorbeelde van stukwerkers[1].

(d) Werkloses
'n Werklose is 'n persoon wat nie werk nie maar in staat is om te werk en in 'n mindere of meerdere mate aktief na werk soek.

(e) Wooneenheid
'n Wooneenheid is 'n woning wat aanvanklik vir die gebruik van een gesin of huishouding gebou is, of later vir die doel ingerig is.

[1] Soms is stuk- of seisoenwerkers tydens die opname sonder werk aangetref. Hulle is egter nie as werkloses geklassifiseer nie aangesien dit 'n normale verskynsel is dat hierdie soort werkers vir korter of langer periodes werkloos kan wees voordat nuwe take aangepak word.

## HOOFSTUK 2

## WOONPLEK EN MIGRASIE

### 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die woonplek van die ondervraagdes en sekere migrasietendense behandel.

### 2.2 WOONPLEK

Die verskillende woonplekke waar die proefpersone aangetref is, is ingedeel in stad, groot dorp, dorp, klein dorp, kleinhoewe en plaas[1).

In tabel 2.1 word die ondervraagdes volgens woonplek aangedui.

TABEL 2.1

WOONPLEK

| Woonplek | G* | % |
|---|---|---|
| Stad | 2,865 | 56.1 |
| Groot dorp | 581 | 11.4 |
| Dorp | 204 | 4.0 |
| Klein dorp | 630 | 12.3 |
| Kleinhoewe | 77 | 1.5 |
| Plaas | 751 | 14.7 |
| TOTAAL | 5,108 | 100.0 |

* G beteken „getal".

Volgens hierdie tabel woon die grootste persentasie van die ondersoekgroep, naamlik 56.1 persent, in die stad. Veertien punt sewe persent woon op plase en onderskeidelik 12.3, 11.4, 4.0 en 1.5 persent in klein dorpe, groot dorpe, dorpe en op kleinhoewes.

#### 2.2.1 Woonplek en geboorteplek

Om die migrasietendense van die ondersoekgroep te bepaal, is hulle geboorteplekke as uitgangspunt geneem en met die huidige woonplek in verband gebring. Vir die doeleindes van die huidige ondersoek word die geboorteplekke van die ondervraagdes in vier kategorieë ingedeel, naamlik stad (slegs die munisipale gebied van Durban-Pinetown), dorp (dorpe van verskillende groottes), plaas (plase en kleinhoewes) en „buite die Republiek".

Tabel 2.2 toon dat migrasie vanaf die stad na die dorpe en plase van betreklik geringe omvang was. Slegs 6.9 persent van die gevalle wat in die stad gebore is, is nie in die stad aangetref nie. Hierteenoor het 16.7 persent van diegene wat in dorpe gebore is, na die stad verhuis en 'n verdere 4.8 persent na plase. Van diegene wat op plase gebore is, het onderskeidelik 14.7 en 17.5 persent na die stad of die dorpe verhuis.

---

1) Stad: Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is die munisipale gebied van Durban-Pinetown beskou as 'n stad.

Groot dorp: Groot dorpe met 'n inwonertal wat 10,000 oorskry, byvoorbeeld Pietermaritzburg, Dundee, Estcourt, Ladysmith en Newcastle.

Dorp: Dorpe met 'n bevolking van 2,000 tot 9,999, byvoorbeeld Greytown, Harding, Port Shepstone, Umzinto en Weenen.

Klein dorp: Dorpies met 'n bevolking van minder as 2,000, byvoorbeeld Camperdown, Lions River, Mpendle, Mtunzini, New Hanover en Richmond.

Kleinhoewe: Klein plasies wat nie groter as 25 morg is nie en wat buite die munisipale grense van stede en dorpe geleë is.

Plaas: Plase groter as 25 morg wat buite die munisipale grense van stede en dorpe geleë is.

TABEL 2.2

GEBOORTEPLEK VOLGENS DIE WOONPLEK
VAN DIE PROEFPERSONE

| Geboorteplek | Woonplek | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Groot dorp | | Dorp | | Klein dorp | | Kleinhoewe | | Plaas | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Stad | 2,459 | 93.1 | 53 | 2.0 | 17 | 0.6 | 47 | 1.8 | 8 | 0.3 | 57 | 2.2 | 2,641 | 100.0 |
| Dorp | 235 | 16.7 | 461 | 32.8 | 157 | 11.2 | 476 | 33.8 | 10 | 0.7 | 68 | 4.8 | 1,407 | 100.0 |
| Plaas | 148 | 14.7 | 52 | 5.2 | 23 | 2.3 | 100 | 10.0 | 57 | 5.7 | 624 | 62.2 | 1,004 | 100.0 |
| Buite die Republiek | 23 | 41.1 | 15 | 26.8 | 7 | 12.5 | 7 | 12.5 | 2 | 3.6 | 2 | 3.6 | 56 | 100.0 |
| TOTAAL | 2,865 | 56.1 | 581 | 11.4 | 204 | 4.0 | 630 | 12.3 | 77 | 1.5 | 751 | 14.7 | 5,108 | 100.0 |

Daar is dus 'n duidelike stadwaartse trek te bespeur hoewel die bogenoemde gegewens daarop dui dat trekke vanaf plase na dorpe ietwat meer voorkom as trekke direk van die plase na die stad. J. M. Lötter het bevind dat meer Indiërs op plase graag na dorpe as na die stad wil verhuis (4, bl. 18).

2.2.2 Woonplek by aanvaarding van eerste voltydse werk en huidige woonplek

Die woonplek van die steekproefbevolking by aanvaarding van 'n eerste voltydse werk, word in tabel 2.3 met hul woonplek tydens die opname vergelyk.

TABEL 2.3

WOONPLEK BY AANVAARDING VAN EERSTE VOLTYDSE WERK VOLGENS WOONPLEK TYDENS OPNAME

| Woonplek by toetrede tot die arbeidsmag | Woonplek tydens opname | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Nog nooit gewerk nie | 73 | 58.9 | 31 | 25.0 | 20 | 16.1 | 124 | 100.0 |
| Stad | 2,671 | 95.2 | 100 | 3.6 | 34 | 1.2 | 2,805 | 100.0 |
| Dorp | 90 | 6.7 | 1,183 | 87.4 | 80 | 5.9 | 1,353 | 100.0 |
| Plaas | 31 | 3.8 | 101 | 12.2 | 694 | 84.0 | 826 | 100.0 |
| TOTAAL | 2,865 | 56.1 | 1,415 | 27.7 | 828 | 16.2 | 5,108 | 100.0 |

Die afleiding wat uit tabel 2.3 gemaak kan word, is dat daar nie 'n noemenswaardige verandering van woonplek plaasgevind het nadat die Indiërs hul eerste voltydse werk aanvaar het nie. In die betrokke tydperk was daar wel 'n veel groter mate van verhuising weg van die dorpe en plase as weg van die stad. Dit blyk ook weer dat die meeste persone wat die plase verlaat het, na die dorpe - en nie na die stad nie - verhuis het.

2.2.3 Getal trekke

In tabel 2.4 word die getal kere wat die persone in die ondersoekgroep sedert hul vyftiende lewensjaar getrek het, volgens ouderdom ontleed[1)]

Die oorgrote meerderheid van die proefpersone het nog nie sedert hulle vyftiende lewensjaar van woonplek verwissel nie (81.8%). Veertien punt een persent het een keer, 2.0 persent twee keer en 2.2 persent drie en meer kere getrek. Van die proefpersone in die verskillende ouderdomsgroepe toon die 55- tot 64-jariges die grootste verwisseling van woonplek.

2.3 REDES VIR MIGRASIE

2.3.1 Rede vir trek na huidige distrik

Die proefpersone is ook gevra om redes te verstrek waarom hulle verhuis het na die distrik waar hulle tydens die opname gewoon het[2)] Slegs die belangrikste rede vir die trek is in elke geval aangeteken. In tabel 2.5 word dié redes volgens geslag ontleed. Die 3,964 persone (77.6% van die ondersoekgroep) wat nog steeds in die distrik woon waarin hulle gebore is, word uit die tabel weggelaat.

---

1) Met 'n „trek" word 'n trek van een plaas na 'n ander plaas, van een dorp of stad na 'n ander dorp of stad, of van 'n dorp of plaas na 'n stad en omgekeerd bedoel. Trekke van een voorstad na 'n ander voorstad in dieselfde stad of dorp of van een deel van 'n plaas na 'n ander deel van die plaas, word vir die doeleindes van hierdie ondersoek nie as trekke beskou nie.

2) Indien aan hulle bekend, moes die redes vir trekke wat hulle as kinders met hulle ouers meegemaak het, ook verstrek word. Soos uit tabel 2.5 blyk, was die redes vir dié trekke dikwels onbekend.

TABEL 2.4

GETAL KERE SEDERT VYFTIENDE VERJAARDAG
GETREK VOLGENS OUDERDOM

| Getal kere getrek | Ouderdom | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15–24j. | | 25–34j. | | 35–44j. | | 45–54j. | | 55–64j. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 1,681 | 90.2 | 1,258 | 81.5 | 695 | 75.5 | 408 | 71.7 | 134 | 63.2 | 4,176 | 81.8 |
| 1 | 151 | 8.1 | 234 | 15.2 | 169 | 18.4 | 112 | 19.7 | 54 | 25.5 | 720 | 14.1 |
| 2 | 20 | 1.1 | 26 | 1.7 | 27 | 2.9 | 19 | 3.3 | 10 | 4.7 | 102 | 2.0 |
| 3 en meer | 12 | 0.6 | 25 | 1.6 | 29 | 3.2 | 30 | 5.3 | 14 | 6.6 | 110 | 2.2 |
| TOTAAL | 1,864 | 100.0 | 1,543 | 100.0 | 920 | 100.0 | 569 | 100.0 | 212 | 100.0 | 5,108 | 100.0 |

TABEL 2.5

REDE VIR TREK NA HUIDIGE WOONPLEK VOLGENS GESLAG

| Rede | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Onbekend | 317 | 30.8 | 25 | 21.6 | 342 | 29.9 |
| Om werk te soek | 368 | 35.8 | 18 | 15.5 | 386 | 33.7 |
| Beter bestaans-moontlikhede | 84 | 8.2 | 3 | 2.6 | 87 | 7.6 |
| Om naby eie mense te wees | 87 | 8.5 | 17 | 14.7 | 104 | 9.1 |
| As gevolg van huwelik | 14 | 1.4 | 38 | 32.8 | 52 | 4.5 |
| Beter fasiliteite bv. kerk en skole | 44 | 4.3 | 4 | 3.4 | 48 | 4.2 |
| Ander redes | 114 | 11.1 | 11 | 9.5 | 125 | 10.9 |
| TOTAAL | 1,028 | 100.0 | 116 | 100.0 | 1,144 | 100.0 |

Ekonomiese oorwegings (om werk te soek of omdat daar gemeen is dat beter bestaansmoontlikhede elders bestaan) is meesal genoem en was veral van belang by die mans. Die grootste enkele persentasie vroue (32.8%) wat getrek het, het as gevolg van 'n huwelik getrek. Hierdie rede staan in verband met die tradisie van die Indiërs waarvolgens 'n getroude paar ná hul huwelik by die man se ouers moet gaan inwoon.

'n Aansienlike persentasie van die gevalle (29.9%) het as kinders saam met hulle ouers getrek en kon nie presies aandui wat die beweegredes vir die trekke was nie.

# HOOFSTUK 3

# ONDERWYSPEIL EN AKADEMIESE KWALIFIKASIES

## 3.1 INLEIDING

Die aard van die onderwys en die peil wat 'n persoon daarin bereik, bepaal in 'n aansienlike mate die soort beroep wat hy kies, sy inkomste en die lewenspeil wat hy handhaaf. 'n Ondersoek soos die onderhawige kan nie volledig wees sonder om aandag aan die onderwyspeil van die proefpersone te skenk nie.

In hierdie hoofstuk word dus gelet op die hoogste standerd wat die Indiërs op skool geslaag het en ander aspekte soos naskoolse opleiding van 'n akademiese en tegniese aard.

## 3.2 ONDERWYSPEIL

In die volgende vyf tabelle word die onderwyspeil met geslag, ouderdom, woonplek, huistaal en „soort werker" in verband gebring.

### 3.2.1 Onderwyspeil en geslag

In tabel 3.1 word die onderwyspeil van die 5,108 ondervraagdes volgens geslag ontleed.

TABEL 3.1

ONDERWYSPEIL VOLGENS GESLAG

| Onderwyspeil | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Nooit op skool nie | 302 | 6.6 | 120 | 22.8 | 422 | 8.3 |
| Nooit in die Republiek op skool nie | 10 | 0.2 | 4 | 0.8 | 14 | 0.3 |
| Was op skool maar geen standerd geslaag nie | 35 | 0.8 | 8 | 1.5 | 43 | 0.8 |
| St. 1 of laer | 180 | 3.9 | 26 | 4.9 | 206 | 4.0 |
| St. 2 of 3 | 487 | 10.6 | 71 | 13.5 | 558 | 10.9 |
| St. 4 of 5 | 1,235 | 27.0 | 111 | 21.1 | 1,346 | 26.4 |
| St. 6 | 1,301 | 28.3 | 62 | 11.8 | 1,363 | 26.7 |
| St. 7 | 272 | 5.9 | 19 | 3.6 | 291 | 5.7 |
| St. 8 | 330 | 7.2 | 53 | 10.1 | 383 | 7.5 |
| St. 9 | 110 | 2.4 | 20 | 3.8 | 130 | 2.5 |
| St. 10 | 320 | 7.0 | 32 | 6.1 | 352 | 6.9 |
| TOTAAL | 4,582 | 100.0 | 526 | 100.0 | 5,108 | 100.0 |

Die grootste enkele persentasie van die totale groep, naamlik 26.7 persent, het standerd ses geslaag en 22.6 persent het verder as standerd ses gevorder. Vier-en-twintig punt drie persent was nooit op skool nie, was alleenlik in die buiteland op skool, het geen standerd geslaag nie of kon dit nie verder as standerd drie bring nie, terwyl 26.4 persent standerd vier of vyf geslaag het.

Die Indiërs was, veral in die verlede, traag om hul dogters skool toe te stuur omdat daar volgens tradisie verwag is dat dogters tuis sal bly en hulle by hul huishoudelike take sal bepaal. Baie Moslems staan byvoorbeeld skepties teenoor die waarde van Westerse onderwys vir dogters uit vrees vir „verkeerde opvattinge" en indoktrinasie teen Islam (3, bl. 16-17). Ook in hierdie ondersoekgroep word 'n veel groter persentasie vroue as mans gevind wat nooit op skool was nie (22.8% teenoor 6.6%).

Ten spyte van hierdie agterstand, is dit egter opvallend dat 23.6 persent van die vroue teenoor 22.5 persent mans kwalifikasies hoër as standerd ses behaal het en dat relatief byna net soveel vroue as mans standerd tien geslaag het (onderskeidelik 6.1% en 7.0%). Dit val saam met S. Cooppan se bevinding: „......... it would appear that the girls who do manage to get to a school at all, and then survive the elimination process to reach Standard VI, VIII or X, display about the same tenacity (or have the same incentive) as the boys to continue their education ..... and to postpone their school-leaving to a later stage in their life. ... No doubt this social change is taking place with the concurrence of the parents" (1, bl. 41).

Hierbenewens kan ook gemeld word dat volgens tradisie die vrou nie op die ope arbeidsmark moet meeding nie, veral nie na haar huwelik nie. Tog is dit in die algemeen toelaatbaar dat die vroue met hoër kwalifikasies, byvoorbeeld medici, regsgeleerdes en onderwyseresse, na hul huwelik hulle onderskeie beroepe mag bly beoefen. In hierdie verband verklaar H. Kuper: „The intellectual women are the only women who do not lose status by spinsterhood, and if they marry they are expected to continue with their careers" (2, bl. 71) en beweer P. D. Hey dat „Christian and Hindu women (particularly Tamil-speaking and Hindi-speaking women, but not Gujurati and Moslem women), are likely to continue working after marriage if they have professional training ..." (3, bl. 22-23). Dit kan dus verwag word dat hoewel 'n geringer persentasie vroue as mans in die algemene bevolking standerd tien geslaag het (4, bl. 20), die persentasie vroue wat oor die hoogste kwalifikasies beskik en op die arbeidsmark meeding, gunstig sal vergelyk met die ooreenstemmende persentasie mans.

### 3.2.2 Onderwyspeil en ouderdom

Volgens tabel 3.2 neem die persentasie persone wat nooit op skool was of geen standerd geslaag het nie, toe met stygende ouderdom. Teenoor slegs 4.1 persent van die persone in die kategorie 15 tot 24 jaar was 42.5 persent van diegene in die kategorie 55 tot 64 jaar nooit op skool nie. Die persentasies van persone wat standerd een of 'n laer kwalifikasie behaal het, toon ook 'n toename met stygende ouderdom.

Die feit dat 'n geringer persentasie proefpersone in die ouderdomsgroep 15 tot 24 jaar as in die groep 25 tot 34 jaar standerd sewe en hoër geslaag het, kan daaraan toegeskryf word dat baie persone in die eersgenoemde groep nog op skool was en gevolglik nie in die ondersoek opgeneem is nie[1).]

### 3.2.3 Onderwyspeil en woonplek

Tabel 3.3 toon dat die Indiërs woonagtig in groot dorpe en in dorpe dit die verste op skool gebring het. Teenoor 37.0 persent van die bewoners van groot dorpe en 30.4 persent van die bewoners van dorpe, het onderskeidelik 22.7, 22.1 en 21.6 persent van diegene wat in stede, op landbouhoewes en in klein dorpies woon, dit verder as standerd ses gebring. Slegs 9.9 persent van die plaasbewoners het ten minste standerd sewe geslaag en hierbenewens was bykans 'n kwart van hulle nooit op skool nie.

Laasgenoemde groep se agterstand op onderwysgebied kan onder andere toegeskryf word aan die feit dat onderwysinrigtings nie altyd vir hulle maklik bereikbaar is nie, en die ouers nie altyd oor die middele beskik om hul kinders weg van die huis te laat studeer nie. Daarbenewens is daar op die plase nie 'n behoefte aan „geleerde" Indiërs nie en is dit waarskynlik dat plattelandse kinders wat wel 'n relatief hoë onderwyspeil bereik het, na die dorpe en stede sal gaan om daar 'n heenkome te vind.

### 3.2.4 Onderwyspeil en huistaal

Die onderwyspeil van die ondersoekgroep word ook met hul huistaal in verband gebring. Vanweë die klein getalle wat Afrikaans en ander minder bekende Indiërtale tuis praat, kan gevolgtrekkings beswaarlik ten opsigte van hierdie groepe gemaak word. Die aandag word gevolglik slegs tot Tamil-, Hindi-, Gujerati-, Telugu-, Urdu-, en Engelssprekendes beperk.

Volgens tabel 3.4 is die onderwyspeil van die Engelssprekendes en dié van die Gujeratisprekendes die hoogste. Onderskeidelik 47.1 en 39.3 persent van hierdie groepe het

---

1) S. Cooppan vind in sy ondersoek onder Indiërjeugdiges in Durban dat die mediaanouderdom van standerd ses-leerlinge 16.84 jaar, van standerd agt-leerlinge 18.35 en van standerd tien-leerlinge 20.20 jaar is (1, bl. 28).

TABEL 3.2

ONDERWYSPEIL VOLGENS OUDERDOM

| Onderwyspeil | Ouderdom | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15-24j. | | 25-34j. | | 35-44j. | | 45-54j. | | 55-64j. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Was nooit op skool of geen standerd geslaag nie* | 76 | 4.1 | 78 | 5.1 | 114 | 12.4 | 121 | 21.3 | 90 | 42.5 | 479 | 9.4 |
| St. 1 of laer | 35 | 1.9 | 48 | 3.1 | 54 | 5.9 | 40 | 7.0 | 29 | 13.7 | 206 | 4.0 |
| St. 2 of 3 | 154 | 8.3 | 129 | 8.4 | 141 | 15.3 | 105 | 18.5 | 29 | 13.7 | 558 | 10.9 |
| St. 4 of 5 | 537 | 28.8 | 369 | 23.9 | 261 | 28.4 | 139 | 24.4 | 40 | 18.9 | 1,346 | 26.4 |
| St. 6 | 576 | 30.9 | 467 | 30.3 | 213 | 23.2 | 93 | 16.3 | 14 | 6.6 | 1,363 | 26.7 |
| St. 7 | 152 | 8.2 | 93 | 6.0 | 25 | 2.7 | 16 | 2.8 | 5 | 2.4 | 291 | 5.7 |
| St. 8 | 175 | 9.4 | 122 | 7.9 | 58 | 6.3 | 27 | 4.7 | 1 | 0.5 | 383 | 7.5 |
| St. 9 | 63 | 3.4 | 53 | 3.4 | 10 | 1.1 | 4 | 0.7 | - | - | 130 | 2.5 |
| St. 10 | 96 | 5.2 | 184 | 11.9 | 44 | 4.8 | 24 | 4.2 | 4 | 1.9 | 352 | 6.9 |
| TOTAAL | 1,864 | 100.0 | 1,543 | 100.0 | 920 | 100.0 | 569 | 100.0 | 212 | 100.0 | 5,108 | 100.0 |

*Die proefpersone wat nooit in die Republiek op skool was nie, is by hierdie groep gevoeg. Voorts word dieselfde prosedure gevolg waar onderwyskwalifikasies aangedui of bespreek word.

TABEL 3.3

ONDERWYSPEIL VOLGENS WOONPLEK

| Onderwyspeil | Woonplek | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Groot dorp | | Dorp | | Klein dorp | | Hoewe | | Plaas | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Was nooit op skool of geen standerd geslaag nie | 188 | 6.6 | 33 | 5.7 | 10 | 4.9 | 59 | 9.4 | 7 | 9.1 | 182 | 24.2 | 479 | 9.4 |
| St. 1 of laer | 111 | 3.9 | 15 | 2.6 | 2 | 1.0 | 20 | 3.2 | 4 | 5.2 | 54 | 7.2 | 206 | 4.0 |
| St. 2 of 3 | 311 | 10.9 | 38 | 6.5 | 25 | 12.3 | 63 | 10.0 | 14 | 18.2 | 107 | 14.2 | 558 | 10.9 |
| St. 4 of 5 | 820 | 28.6 | 113 | 19.4 | 52 | 25.5 | 162 | 25.7 | 18 | 23.4 | 181 | 24.1 | 1,346 | 26.4 |
| St. 6 | 783 | 27.3 | 167 | 28.7 | 53 | 26.0 | 190 | 30.2 | 17 | 22.1 | 153 | 20.4 | 1,363 | 26.7 |
| St. 7 | 161 | 5.6 | 55 | 9.5 | 15 | 7.4 | 31 | 4.9 | 5 | 6.5 | 24 | 3.2 | 291 | 5.7 |
| St. 8 | 229 | 8.0 | 74 | 12.7 | 18 | 8.8 | 37 | 5.9 | 6 | 7.8 | 19 | 2.5 | 383 | 7.5 |
| St. 9 | 72 | 2.5 | 31 | 5.3 | 3 | 1.5 | 15 | 2.4 | 1 | 1.3 | 8 | 1.1 | 130 | 2.5 |
| St. 10 | 190 | 6.6 | 55 | 9.5 | 26 | 12.7 | 53 | 8.4 | 5 | 6.5 | 23 | 3.1 | 352 | 6.9 |
| TOTAAL | 2,865 | 100.0 | 581 | 100.0 | 204 | 100.0 | 630 | 100.0 | 77 | 100.0 | 751 | 100.0 | 5,108 | 100.0 |

TABEL 3.4

ONDERWYSPEIL VOLGENS HUISTAAL

| Onderwyspeil | Huistaal | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Tamil | | Hindi | | Gujerati | | Telugu | | Urdu | | Engels | | Ander tale | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Was nooit op skool of geen standerd geslaag nie | 216 | 10.6 | 122 | 8.1 | 9 | 4.2 | 72 | 13.6 | 50 | 10.2 | 9 | 2.8 | 1 | 5.3 | 479 | 9.4 |
| St. 1 of laer | 100 | 4.9 | 48 | 3.2 | 6 | 2.8 | 24 | 4.5 | 24 | 4.9 | 3 | 0.9 | 1 | 5.3 | 206 | 4.0 |
| St. 2 of 3 | 241 | 11.9 | 161 | 10.7 | 18 | 8.4 | 58 | 10.9 | 61 | 12.4 | 17 | 5.3 | 2 | 10.5 | 558 | 10.9 |
| St. 4 of 5 | 569 | 28.0 | 371 | 24.8 | 48 | 22.4 | 132 | 24.9 | 165 | 33.5 | 59 | 18.3 | 2 | 10.5 | 1,346 | 26.4 |
| St. 6 | 539 | 26.5 | 439 | 29.3 | 49 | 22.9 | 129 | 24.3 | 120 | 24.4 | 83 | 25.7 | 4 | 21.1 | 1,363 | 26.7 |
| St. 7 | 96 | 4.7 | 85 | 5.7 | 24 | 11.2 | 37 | 7.0 | 18 | 3.7 | 29 | 9.0 | 2 | 10.5 | 291 | 5.7 |
| St. 8 | 131 | 6.4 | 107 | 7.1 | 32 | 15.0 | 34 | 6.4 | 27 | 5.5 | 51 | 15.8 | 1 | 5.3 | 383 | 7.5 |
| St. 9 | 45 | 2.2 | 38 | 2.5 | 6 | 2.8 | 8 | 1.5 | 15 | 3.0 | 18 | 5.6 | - | - | 130 | 2.5 |
| St. 10 | 95 | 4.7 | 127 | 8.5 | 22 | 10.3 | 36 | 6.8 | 12 | 2.4 | 54 | 16.7 | 6 | 31.6 | 352 | 6.9 |
| TOTAAL | 2,032 | 100.0 | 1,498 | 100.0 | 214 | 100.0 | 530 | 100.0 | 492 | 100.0 | 323 | 100.0 | 19 | 100.0 | 5,108 | 100.0 |

minstens standerd sewe geslaag. Hierteenoor het slegs 18.0 persent van die Tamil- en 14.6 persent van die Urdusprekendes dit verder as standerd ses kon bring en verkeer hulle, wat onderwyspeil betref, in die swakste posisie. Onderskeidelik 23.8 en 21.7 persent van die Hindi- en Telugusprekendes het standerd 7 of 'n hoër standerd geslaag.

3.2.5 Onderwyspeil en beroepsituasie

In tabel 3.5 word die onderwyspeil van die drie groepe ekonomies bedrywige Indiërs, naamlik die wat ten volle en die wat nie ten volle geëmplojeer is nie sowel as die werkloses, aangetoon. Die onderwyspeil van die wat nie ten volle geëmplojeer is nie is die laagste. Vier-en-twintig punt sewe persent van dié groep was nooit op skool of het geen standerd geslaag nie, teenoor 8.8 persent van die ten volle geëmplojeerdes en 7.5 persent van die werkloses.

## 3.3 KURSUSSE GESLAAG

In hierdie afdeling word gelet op die getal kursusse wat die proefpersone wat verder as standerd ses gevorder het, in die ses vernaamste kursusgroepe op skool afgelê het[1).

Tabel 3.6 toon dat onderskeidelik 70.5, 69.3, 67.1, 28.1, 3.5 en 1.1 persent van die betrokke proefpersone ten minste drie kursusse geslaag het in die groepe tale, kulturele vakke, wetenskap, handelsvakke, huishoudkunde en kunsvlyt en tegniese vakke.

## 3.4 PRIVAATSTUDIE NA TOETREDE TOT DIE ARBEIDSMAG

Die vraag is aan die proefpersone gestel of hulle na toetrede tot die arbeidsmag privaat studeer het. Die 124 persone wat tydens die ondersoek (tabel 2.3) nog nooit gewerk het nie, word in hierdie afdeling buite rekening gelaat.

Volgens tabel 3.7 het 13.9 persent van die betrokke proefpersone na toetrede tot die arbeidsmag privaat studeer.

Die gegewens dui daarop dat hoe hoër die skoolstanderd wat geslaag is by toetrede tot die arbeidsmag, hoe groter die belangstelling is om deur middel van privaatstudie die kwalifikasies verder te verbeter.

## 3.5 NASKOOLSE AKADEMIESE KWALIFIKASIES, ONDERWYSDIPLOMAS EN -SERTIFIKATE

Nagenoeg vyf persent (256) van die proefpersone beskik oor naskoolse akademiese en/of professionele kwalifikasies. Die kwalifikasies van hierdie persone word vervolgens in tabel 3.8 aangedui.

Van die mans het die grootste persentasie, naamlik 64.5 persent, oor 'n standerd tien-plus 'n onderwyssertifikaat beskik, terwyl onder die vroue die grootste enkele persentasie (47.2%) standerd agt geslaag en 'n onderwyssertifikaat verwerf het.

Dit blyk dat dié persone wat naskoolse kwalifikasies verwerf, hulle meesal op die onderwysprofessie toespits.

---

[1)] Die kursusgroepe is:
Tale, bv. Afrikaans, Engels en Latyn.
Kulturele vakke, bv. Geskiedenis, Musiek, Kuns en Aardrykskunde.
Wetenskap, bv. Natuur- en Skeikunde, Wiskunde, Biologie en Plantkunde.
Handelsvakke, bv. Rekenkunde, Boekhou, Handel, Snel- en Tikskrif.
Huishoudkunde en Kunsvlyt, bv. Huishoudkunde, Naaldwerk en Modemakery en Kunsvlyt.
Tegniese vakke, bv. Metaalwerk en Houtwerk.

TABEL 3.5

ONDERWYSPEIL VOLGENS BEROEPSITUASIE

| Onderwyspeil | Beroepsituasie | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Persone ten volle geëmplojeer | | Persone nie ten volle geëmplojeer nie | | Werkloos | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Was nooit op skool of geen standerd geslaag nie | 375 | 8.8 | 57 | 24.7 | 47 | 7.5 | 479 | 9.4 |
| St. 1 of laer | 167 | 3.9 | 17 | 7.4 | 22 | 3.5 | 206 | 4.0 |
| St. 2 of 3 | 445 | 10.5 | 46 | 19.9 | 67 | 10.7 | 558 | 10.9 |
| St. 4 of 5 | 1,076 | 25.3 | 54 | 23.4 | 216 | 34.3 | 1,346 | 26.4 |
| St. 6 | 1,152 | 27.1 | 40 | 17.3 | 171 | 27.2 | 1,363 | 26.7 |
| St. 7 | 249 | 5.9 | 9 | 3.9 | 33 | 5.2 | 291 | 5.7 |
| St. 8 | 340 | 8.0 | 4 | 1.7 | 39 | 6.2 | 383 | 7.5 |
| St. 9 | 113 | 2.7 | 2 | 0.9 | 15 | 2.4 | 130 | 2.5 |
| St. 10 | 331 | 7.8 | 2 | 0.9 | 19 | 3.0 | 352 | 6.9 |
| TOTAAL | 4,248 | 100.0 | 231 | 100.0 | 629 | 100.0 | 5,108 | 100.0 |

TABEL 3.6

GETAL KURSUSSE WAT ONDERVRAAGDES GESLAAG HET

| Getal kursusse geslaag | Soort kursus | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Tale | | Kultureel | | Wetenskap | | Handel | | Huishoudkunde en Kunsvlyt | | Tegnies | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | - | - | 44 | 3.8 | 62 | 5.4 | 71 | 6.1 | 1,078 | 93.3 | 1,134 | 98.1 |
| 1 - 2 | 342 | 29.6 | 310 | 26.8 | 319 | 27.6 | 760 | 65.7 | 38 | 3.3 | 10 | 0.9 |
| 3 - 4 | 344 | 29.8 | 377 | 32.6 | 340 | 29.4 | 146 | 12.6 | 29 | 2.5 | 8 | 0.7 |
| 5 - 6 | 144 | 12.5 | 122 | 10.6 | 122 | 10.6 | 101 | 8.7 | 8 | 0.7 | 2 | 0.2 |
| 7 - 8 | 319 | 27.6 | 279 | 24.1 | 276 | 23.9 | 32 | 2.8 | 3 | 0.3 | - | - |
| 9 - 10 | 3 | 0.3 | 12 | 1.0 | 14 | 1.2 | 11 | 1.0 | - | - | 1 | 0.1 |
| 11 en meer | 4 | 0.3 | 12 | 1.0 | 23 | 2.0 | 35 | 3.0 | - | - | 1 | 0.1 |
| TOTAAL | 1,156 | 100.0 | 1,156 | 100.0 | 1,156 | 100.0 | 1,156 | 100.0 | 1,156 | 100.0 | 1,156 | 100.0 |

TABEL 3. 7

PRIVAATSTUDIE NA TOETREDE TOT DIE ARBEIDSMAG VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Responsie | Onderwyspeil | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nooit op skool of geen standerd geslaag nie | | St. 1–5 | | St. 6 en 7 | | St. 8 en 9 | | St. 10 | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 10 | 2. 1 | 67 | 3. 2 | 201 | 12. 4 | 208 | 42. 5 | 205 | 60. 7 | 691 | 13. 9 |
| Nee | 463 | 97. 9 | 2, 002 | 96. 8 | 1, 414 | 87. 6 | 281 | 57. 5 | 133 | 39. 3 | 4, 293 | 86. 1 |
| TOTAAL | 473 | 100. 0 | 2, 069 | 100. 0 | 1, 615 | 100. 0 | 489 | 100. 0 | 338 | 100. 0 | 4, 984 | 100. 0 |

TABEL 3.8

NASKOOLSE AKADEMIESE KWALIFIKASIES VOLGENS GESLAG

| Kwalifikasie | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| St. 6 plus onderwysdiploma/ sertifikaat | 2 | 1.0 | - | - | 2 | 0.8 |
| St. 7 plus onderwysdiploma/ sertifikaat | 1 | 0.5 | - | - | 1 | 0.4 |
| St. 8 plus onderwysdiploma/ sertifikaat | 14 | 6.9 | 25 | 47.2 | 39 | 15.2 |
| St. 9 plus onderwysdiploma/ sertifikaat | 3 | 1.5 | 10 | 18.9 | 13 | 5.1 |
| St. 10 plus onderwysdiploma/ sertifikaat | 131 | 64.5 | 14 | 26.4 | 145 | 56.6 |
| B.A.-graad | 6 | 3.0 | 1 | 1.9 | 7 | 2.7 |
| B.A.-graad plus onderwys-diploma/sertifikaat | 33 | 16.3 | 2 | 3.8 | 35 | 13.7 |
| B.A. (Hons.) | 1 | 0.5 | - | - | 1 | 0.4 |
| B.A. (Hons.) plus onderwys-diploma/sertifikaat | 3 | 1.5 | - | - | 3 | 1.2 |
| B.A., B.Ed. | 2 | 1.0 | - | - | 2 | 0.8 |
| B.A. LL.B. | 1 | 0.5 | - | - | 1 | 0.4 |
| M.A. plus onderwysdiploma/ sertifikaat | 1 | 0.5 | 1 | 1.9 | 2 | 0.8 |
| M.B. Ch.B. | 5 | 2.5 | - | - | 5 | 2.0 |
| TOTAAL | 203 | 100.0 | 53 | 100.0 | 256 | 100.0 |

3.6 TEGNIESE SERTIFIKATE

Alhoewel daar reeds sedert 1929 'n mate van tegniese onderwys vir Indiërs beskikbaar was, is dit eers met die oprigting van die bekende Tegniese Kollege M. L. Sultan (wat amptelik in 1956 geopen is) dat daadwerklike pogings aangewend is om in die behoeftes aan tegniese onderwys vir Indiërs te voorsien. „Benewens die 97 voltydse en 240 deeltydse personeellede het 6,853 deeltydse en voltydse studente gedurende 1963 opleiding aan die Tegniese Kollege in Durban sowel as sy takke elders ontvang" (5, bl. 8).

Daar is min Indiërs in die ondersoekgroep aangetref wat nadat hulle standerd ses geslaag het, tegniese sertifikate[1] verwerf het. Slegs agt persone met 'n E.T.S., agt met 'n N.T.S. I, vier met 'n N.T.S. II, ses met 'n N.T.S. III, drie met 'n G.T.S. I, een met 'n G.T.S. II en ses persone met 'n tegniese diploma is by die ondersoek ingesluit. Van die totaal van 36 het 41.7 persent in die ingenieurswese, 25.0 persent in die boubedryf, 16.7 persent in die meubelbedryf en 8.3 persent elk in die drukkers- en verversingsbedryf hul tegniese sertifikate verwerf.

3.7 ANDER BYKOMSTIGE KWALIFIKASIES

Tabel 3.9 toon ander bykomstige kwalifikasies wat bo en behalwe dié wat reeds in hierdie hoofstuk genoem is, deur lede van die ondersoekgroep verwerf is[2].

---

[1] E.T.S.: Elementêre Tegniese Sertifikaat
N.T.S.: Nasionale Tegniese Sertifikaat
G.T.S.: Gevorderde Tegniese Sertifikaat

[2] Die ondervraagde moes ook die naam van die kollege of inrigting meld waar, of deur middel waarvan, sodanige kwalifikasie behaal is. Sodoende is daarteen gewaak dat sertifikate wat nie aan opvoedkundige of professionele vereistes voldoen nie, aangedui is.

TABEL 3.9

BYKOMSTIGE KWALIFIKASIES VOLGENS GESLAG

| Kwalifikasie | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Kraamverpleging | - | - | 2 | 18.2 | 2 | 6.9 |
| Verpleging | 3 | 16.7 | 2 | 18.2 | 5 | 17.2 |
| Radiografie | 1 | 5.6 | - | - | 1 | 3.4 |
| Kunstandwerktuigkunde | 1 | 5.6 | - | - | 1 | 3.4 |
| Tikskrif | - | - | 1 | 9.1 | 1 | 3.4 |
| Shorthand | 1 | 5.6 | 2 | 18.2 | 3 | 10.3 |
| Boekhou | 9 | 50.0 | 3 | 27.3 | 12 | 41.4 |
| Boekhou en tikskrif | 1 | 5.6 | - | - | 1 | 3.4 |
| Prokureurstoelating | 2 | 11.1 | - | - | 2 | 6.9 |
| F. T. C. L. * | - | - | 1 | 9.1 | 1 | 3.4 |
| TOTAAL | 18 | 100.0 | 11 | 100.0 | 29 | 100.0 |

* F. T. C. L.: Fellow of Trinity College, London

Tabel 3.9 toon dat slegs 29 persone bykomstige kwalifikasies behaal het. Die grootste enkele persentasie hiervan (41.4%) het 'n boekhoukwalifikasie verwerf, terwyl nog 'n persoon (3.4%) 'n boekhou- en 'n tikskrifkwalifikasie behaal het. Persone met kraam- en ander verpleegsterskwalifikasies vorm saam die tweede grootste groep, naamlik 24.1 persent.

Die vroue in die verpleegstersberoep maak die grootste enkele persentasie uit, naamlik 36.4 persent, terwyl diegene met 'n boekhousertifikaat onder die mans die grootste enkele groep uitmaak, naamlik 50.0 persent.

## 3.8 VAKMANSKAP EN VAKMANSTATUS

R. Burrows is die mening toegedaan dat ... „The Indian is excluded very largely from the skilled trade ..." en „ ... nearly always lacks the minimum educational background or the educational qualifications which are necessary for apprenticeship training" (6, bl. 10). Dit was nie die doel met hierdie ondersoek om die waarheid van bogenoemde stelling te toets nie, maar wel om onder andere vas te stel hoeveel Indiërwerkers in die ware sin van die woord vakmanne is. 'n Probleem in hierdie verband waarvan vooraf kennis geneem is maar wat nogtans die ondersoek in 'n mate bemoeilik het, is die feit dat Indiërs hulself soms as vakmanne beskou, die werk van vakmanne verrig en dieselfde loon as vakmanne ontvang, maar nie enige dokumentêre bewyse van hul vakmanstatus kan voorlê nie.

Die meerderheid van die ondervraagdes, naamlik 4,963 (97.2%), het verklaar dat hulle nie vakmanne is nie, 100 (2.0%) het verklaar dat hulle vakmanne is en volle vakmanstatus geniet en 45 (0.9%) het hulself as vakmanne beskou maar erken dat hulle nie volle vakmanstatus geniet nie.

Die ontleding in tabel 3.10 toon dat die „vakmanne"[1)] in die ondersoekgroep persentsgewys die meeste voorkom onder diegene wat standerd sewe geslaag het (5.2%, teenoor 4.2% van diegene wat standerd agt geslaag het en 3.7% van diegene wat standerd ses geslaag het).

Bykans twee derdes van diegene wat volle vakmanstatus geniet, het verklaar dat hulle 'n vakleerlingskap voltooi het (63.0%), en een derde was minstens vyf jaar lank as ambagsmanne in 'n betrokke soort vakmansberoep werksaam en het tydens die opname die volle loon van vakmanne ontvang. Vier persent het aangedui dat hulle die amptelike vaktoets vir kwalifisering as vakman geslaag het.

1) Dit sluit in persone wat 'n erkende vakleerlingskap deurloop het, diegene wat 'n amptelike vaktoets geslaag het en diegene wat 'n ambagsman vir minstens 5 jaar was en die loon van 'n ten volle gekwalifiseerde vakman ontvang.

TABEL 3.10

VAKMANNE IN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Beroep-status | Onderwyspeil | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nooit op skool of geen st. geslaag nie | | St. 1 of laer | | St. 2 of 3 | | St. 4 of 5 | | St. 6 | | St. 7 | | St. 8 | | St. 9 | | St. 10 | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Vakman | 10 | 2.1 | 7 | 3.4 | 17 | 3.0 | 25 | 1.9 | 51 | 3.7 | 15 | 5.2 | 16 | 4.2 | - | - | 4 | 1.1 | 145 | 2.8 |
| Nie 'n vakman nie | 469 | 97.9 | 199 | 96.6 | 541 | 97.0 | 1,321 | 98.1 | 1,312 | 96.3 | 276 | 94.8 | 367 | 95.8 | 130 | 100.0 | 348 | 98.9 | 4,963 | 97.2 |
| TOTAAL | 479 | 100.0 | 206 | 100.0 | 558 | 100.0 | 1,346 | 100.0 | 1,363 | 100.0 | 291 | 100.0 | 383 | 100.0 | 130 | 100.0 | 352 | 100.0 | 5,108 | 100.0 |

Dit word betwyfel of al die vakmanne wat beweer het dat hulle 'n vakleerlingskap deurloop het, wel geregistreerde vakleerlinge was. Sommige het waarskynlik slegs 'n informele leertydperk deurloop.

Die vakmanne in die ondersoekgroep het in totaal 22 verskillende ambagte beoefen. Die grootste enkele persentasie, naamlik 24.0 persent, is messelaars.

Punt ses persent van die proefpersone was tydens die ondersoek as vakleerlinge werksaam en 0.9 persent het verklaar dat hulle wel 'n betrekking as vakleerling probeer bekom het maar nie daarin kon slaag nie. 'n Verdere 0.8 persent was voorheen as vakleerlinge ingeskryf maar het nie die kursus voltooi nie, terwyl een persoon verklaar het dat hy voorheen as 'n vakleerling ingeskryf was maar dat hy na sy proeftydperk voortsetting van vakleerlingskap geweier is.

## HOOFSTUK 4

## TOETREDE TOT DIE ARBEIDSMAG

### 4.1 INLEIDING

Vervolgens word gelet op die ouderdom waarop die ondervraagdes tot die arbeidsmag toegetree het[1] en die tydperk wat verloop het tussen skoolverlating en die tydstip waarop hulle begin werk het.

### 4.2 OUDERDOM BY TOETREDE TOT DIE ARBEIDSMAG

In tabel 4.1 word die ouderdom waarop die mans en vroue tot die arbeidsmag toegetree het, aangedui.

TABEL 4.1

OUDERDOM BY TOETREDE TOT DIE ARBEIDSMAG VOLGENS GESLAG

| Ouderdom | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Onder 13j. | 237 | 5.2 | 19 | 3.6 | 256 | 5.0 |
| 13 - 14j. | 361 | 7.9 | 31 | 5.9 | 392 | 7.7 |
| 15 - 16j. | 1,189 | 25.9 | 106 | 20.2 | 1,295 | 25.4 |
| 17 - 18j. | 1,388 | 30.3 | 81 | 15.4 | 1,469 | 28.8 |
| 19 - 20j. | 798 | 17.4 | 85 | 16.2 | 883 | 17.3 |
| 21 - 22j. | 325 | 7.1 | 40 | 7.6 | 365 | 7.1 |
| 23 - 24j. | 104 | 2.3 | 29 | 5.5 | 133 | 2.6 |
| 25j. en ouer | 73 | 1.6 | 107 | 20.3 | 180 | 3.5 |
| Weet nie | 5 | 0.1 | 6 | 1.1 | 11 | 0.2 |
| Nog nooit gewerk nie | 102 | 2.2 | 22 | 4.2 | 124 | 2.4 |
| TOTAAL | 4,582 | 100.0 | 526 | 100.0 | 5,108 | 100.0 |

Die tabel toon onder andere dat 'n aansienlike persentasie van die proefpersone op jeugdige leeftyd tot die arbeidsmag toegetree het (38.1% was hoogstens 16 jaar oud). Dit is duidelik dat die meeste van hierdie persone dit nie te ver op skool kon gebring het nie. Ewe opvallend is die groot getal (20.3%) vroue wat eers na hul vyf-en-twintigste verjaardag begin werk het.

Aangesien Indiërvroue - met die uitsondering van die gevalle in afdeling 3.2.1 genoem - normaalweg nie gaan werk nie, kan aanvaar word dat die meeste van diegene wat na hul vyf-en-twintigste verjaardag begin werk het, noodgedwonge moes uitspring om die gesinsinkomste aan te vul.

### 4.3 TYDPERK TUSSEN SKOOLVERLATING EN DIENSAANVAARDING

Tabel 4.2 bied 'n uiteensetting van die tydperk tussen skoolverlating en eerste diensaanvaarding. Van die totale groep van 5,108 persone was 543[2] nooit op skool of het nog nooit gewerk nie. Hulle word buite rekening gelaat.

---

[1] Met toetrede tot die arbeidsmag word bedoel die aanvaarding van die eerste voltydse werk. Tydelike of deeltydse werk wat 'n skolier gedurende die skoolvakansies of buite skoolure verrig het, is dus buite rekening gelaat. Alhoewel 'n persoon op die arbeidsmark meeding sodra hy begin werk soek, word sy toetrede tot die arbeidsmag (vir die doeleindes van hierdie ondersoek) beskou as die stadium waarop hy 'n betrekking aanvaar het.

[2] Daar was 422 werkers wat nooit op skool was nie (tabel 3.1) en 124 het nog nooit gewerk nie (tabel 4.1). Drie van die ondervraagdes wat nooit op skool was nie, het ook nog nooit gewerk nie, vandaar die totaal van 543 in plaas van 546.

TABEL 4. 2

TYDPERK VAN LEDIGHEID NÁ SKOOLVERLATING
VOLGENS GESLAG

| Tydperk van ledigheid | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Minder as 1 md. | 1,519 | 36.4 | 71 | 18.1 | 1,590 | 34.8 |
| 1 - 2 mde. | 422 | 10.1 | 26 | 6.6 | 448 | 9.8 |
| 3 - 4 mde. | 329 | 7.9 | 18 | 4.6 | 347 | 7.6 |
| 5 - 6 mde. | 358 | 8.6 | 17 | 4.3 | 375 | 8.2 |
| 7 - 11 mde. | 128 | 3.1 | 8 | 2.0 | 136 | 3.0 |
| 1 - 2 j. | 939 | 22.5 | 76 | 19.4 | 1,015 | 22.2 |
| 3 - 4 j. | 264 | 6.3 | 39 | 10.0 | 303 | 6.6 |
| 5 j. en langer | 200 | 4.8 | 133 | 33.9 | 333 | 7.3 |
| Weet nie | 14 | 0.3 | 4 | 1.0 | 18 | 0.4 |
| TOTAAL | 4,173 | 100.0 | 392 | 100.0 | 4,565 | 100.0 |

Onderskeidelik 34.8, 25.6 en 39.1 persent van die werkers het binne 'n maand, tussen een en ses maande en na verloop van minstens sewe maande begin werk. Die tydperk tussen skoolverlating en toetrede tot die arbeidsmag is oor die algemeen langer by die vroue as by die mans.

Daar is verskeie redes waarom die tydperk tussen skoolverlating en die verkryging van 'n betrekking dikwels so lank is en enkele belangrike faktore kan vermeld word: Dikwels word die skool op so 'n vroeë stadium verlaat dat die jeugdige en swak gekwalifiseerde skoolverlater beswaarlik kan meeding met ouer werksoekers om die beskikbare werkgeleenthede vir ongeskooldes, en werkgeleenthede - veral vir swak gekwalifiseerde persone - is in elk geval gering. Hierbenewens moet onthou word dat die samegestelde familiestelsel („joint family system") by die Indiërs - wat dikwels tot gevolg het dat daar meer as een broodwinner per huishouding is - die indiwidu in 'n groot mate van akute ekonomiese nood vrywaar.

In tabel 4.3 word die tydperk van ledigheid ná skoolverlating volgens onderwyspeil ontleed. Hiervolgens blyk dit dat hoe hoër die onderwyskwalifikasie wat deur die Indiërs verwerf word, hoe beter die kanse is om gou 'n betrekking te bekom. Slegs 28.8 persent van diegene wat geen standerd geslaag het nie, teenoor 39.7 en 54.0 persent van diegene wat onderskeidelik standerd agt en tien geslaag het, het binne 'n maand ná skoolverlating diens aanvaar.

TABEL 4.3

TYDPERK VAN LEDIGHEID NA SKOOLVERLATING VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Tydperk van ledigheid | Onderwyspeil | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nooit op skool of geen standerd geslaag nie | | St. 1 of laer | | St. 2 of 3 | | St. 4 of 5 | | St. 6 | | St. 7 | | St. 8 | | St. 9 | | St. 10 | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Minder as 'n maand | 19 | 28.8 | 66 | 32.7 | 186 | 33.9 | 416 | 31.8 | 426 | 32.1 | 97 | 34.0 | 145 | 39.7 | 51 | 41.8 | 184 | 54.0 | 1,590 | 34.8 |
| 1 - 2 mde. | 4 | 6.1 | 8 | 4.0 | 37 | 6.8 | 111 | 8.5 | 137 | 10.3 | 42 | 14.7 | 47 | 12.9 | 22 | 18.0 | 40 | 11.7 | 448 | 9.8 |
| 3 - 4 mde. | 5 | 7.6 | 3 | 1.5 | 34 | 6.2 | 104 | 7.9 | 119 | 9.0 | 30 | 10.5 | 22 | 6.0 | 13 | 10.7 | 17 | 5.0 | 347 | 7.6 |
| 5 - 6 mde. | - | - | 7 | 3.5 | 27 | 4.9 | 108 | 8.2 | 134 | 10.1 | 38 | 13.3 | 32 | 8.8 | 12 | 9.8 | 17 | 5.0 | 375 | 8.2 |
| 7 - 11 mde. | 1 | 1.5 | 4 | 2.0 | 5 | 0.9 | 42 | 3.2 | 51 | 3.8 | 9 | 3.2 | 15 | 4.1 | 2 | 1.6 | 7 | 2.1 | 136 | 3.0 |
| 1 - 2 j. | 7 | 10.6 | 36 | 17.8 | 108 | 19.7 | 319 | 24.4 | 340 | 25.6 | 58 | 20.4 | 76 | 20.8 | 19 | 15.6 | 52 | 15.2 | 1,015 | 22.2 |
| 3 - 4 j. | 3 | 4.5 | 20 | 9.9 | 61 | 11.1 | 108 | 8.2 | 70 | 5.3 | 9 | 3.2 | 18 | 4.9 | 2 | 1.6 | 12 | 3.5 | 303 | 6.6 |
| 5 jaar en langer | 17 | 25.8 | 57 | 28.2 | 89 | 16.2 | 98 | 7.5 | 48 | 3.6 | 2 | 0.7 | 9 | 2.5 | 1 | 0.8 | 12 | 3.5 | 333 | 7.3 |
| Weet nie | 10 | 15.2 | 1 | 0.5 | 1 | 0.2 | 4 | 0.3 | 1 | 0.1 | - | - | 1 | 0.3 | - | - | - | - | 18 | 0.4 |
| TOTAAL | 66 | 100.0 | 202 | 100.0 | 548 | 100.0 | 1,310 | 100.0 | 1,326 | 100.0 | 285 | 100.0 | 365 | 100.0 | 122 | 100.0 | 341 | 100.0 | 4,565 | 100.0 |

# HOOFSTUK 5

# BEROEP

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die aandag by die beroepe van die werkers wat ten volle (vaste werkers) en dié wat nie ten volle geëmplojeer was nie (stuk-, seisoen- en korttydwerkers), bepaal.

Daar sal, onder andere, aangedui word wat die onderwyspeil van elke beroepgroep is en hoe die ouderdomstruktuur van die werkers in elke groep daar uitsien.

## 5.2 DIE VASTE WERKERS

### 5.2.1 Beroep en geslag

Die vaste werkers word in tabel 5.1 volgens nege hoofberoepgroepe ingedeel[1].

TABEL 5.1

HOOFBEROEPGROEP VAN VASTE WERKERS VOLGENS GESLAG

| Beroep | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Professionele of tegniese werker | 268 | 6.9 | 87 | 22.5 | 355 | 8.4 |
| Administratiewe, uitvoerende of bestuurswerker | 73 | 1.9 | 3 | 0.8 | 76 | 1.8 |
| Klerklike werker | 447 | 11.6 | 18 | 4.7 | 465 | 10.9 |
| Verkoopswerker | 539 | 14.0 | 31 | 8.0 | 570 | 13.4 |
| Landbouer en visser | 241 | 6.2 | 25 | 6.5 | 266 | 6.3 |
| Myn-, steengroef- en verwante werker | 1 | 0.0 | - | - | 1 | 0.0 |
| Werker in vervoer-, aflewerings- en kommunikasiedienste | 313 | 8.1 | 1 | 0.3 | 314 | 7.4 |
| Ambagsman, produksiewerker en arbeider | 1,628 | 42.2 | 171 | 44.3 | 1,799 | 42.3 |
| Persoonlike diens-, sport- en ontspanningswerker | 352 | 9.1 | 50 | 13.0 | 402 | 9.5 |
| TOTAAL | 3,862 | 100.0 | 386 | 100.0 | 4,248 | 100.0 |

Die ambagsmanne, produksiewerkers en arbeiders kom die meeste voor (42.3%) en die verkoopswerkers (13.4%) en klerklike werkers (10.9%) onderskeidelik die tweede en derde meeste.

### 5.2.2 Beroep en ouderdom

Die Indiërbevolking word vanweë hul hoë geboortesyfer as redelik „jonk" beskou en volgens die 1960-sensus was 56.3 persent van die Asiatebevolking jonger as 20 jaar. Die ooreenstemmende syfers vir die Kleurlinge, Bantoes en Blankes is 54.5, 50.9 en 41.4 persent onderskeidelik (10, bl. A 29-30). Dit is derhalwe begryplik dat die grootste persentasie Indiërwerkers in heelwat van die beroepgroepe uit jong persone sal bestaan en tabel 5.2 toon dan ook dat 33.6 persent van die totale groep vaste werkers jonger as 25 jaar oud is.

---

[1] Die hoofberoepgroepe in hierdie en ander tabelle word in tabelle 5.2 en 5.3 nader toegelig.

TABEL 5.2

HUIDIGE BEROEP VAN VASTE WERKERS VOLGENS OUDERDOM

| Beroep | Ouderdom 15–24j. | | 25–34j. | | 35–44j. | | 45–54j. | | 55–64j. | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| **Professionele of tegniese werker** | | | | | | | | | | | | |
| Onderwyser en instrukteur | 67 | 21.4 | 171 | 54.6 | 43 | 13.7 | 27 | 8.6 | 5 | 1.6 | 313 | 100.0 |
| Ander, bv. prokureur, dokter, verpleegster | 11 | 26.2 | 19 | 45.2 | 7 | 16.7 | 5 | 11.9 | - | - | 42 | 100.0 |
| **Administratiewe, uitvoerende of bestuurswerker, bv.** direkteur, besigheidsbestuurder, hotel- en fabriekseienaar, boukontrakteur | 9 | 11.8 | 22 | 28.9 | 22 | 28.9 | 14 | 18.4 | 9 | 11.8 | 76 | 100.0 |
| **Klerklike werker, bv. klerk, kassier** | 201 | 43.2 | 176 | 37.8 | 60 | 12.9 | 24 | 5.2 | 4 | 0.9 | 465 | 100.0 |
| **Verkoopswerker** | | | | | | | | | | | | |
| Werkende eienaar in die groot- en kleinhandel | 15 | 9.7 | 48 | 31.2 | 45 | 29.2 | 36 | 23.4 | 10 | 6.5 | 154 | 100.0 |
| Ander persone in die groot- en kleinhandel, bv. winkel-assistent, slagter | 158 | 47.2 | 100 | 29.9 | 51 | 15.2 | 20 | 6.0 | 6 | 1.8 | 335 | 100.0 |
| Ander, bv. smouse en agente | 22 | 27.2 | 19 | 23.5 | 23 | 28.4 | 12 | 14.8 | 5 | 6.2 | 81 | 100.0 |
| **Landbouer en visser** | | | | | | | | | | | | |
| Boer en visser (selfgeëmplojeer) | 11 | 10.2 | 15 | 13.9 | 27 | 25.0 | 32 | 29.6 | 23 | 21.3 | 108 | 100.0 |
| Plaasarbeider | 66 | 42.0 | 30 | 19.1 | 23 | 14.6 | 20 | 12.7 | 18 | 11.5 | 157 | 100.0 |
| Visser wat vir iemand anders werk | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 | - | - | 1 | 100.0 |
| **Myn-, steengroef- en verwante werker** | - | - | - | - | 1 | 100.0 | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| **Werker in vervoer-, aflewerings- en kommunikasiedienste** | | | | | | | | | | | | |
| Bestuurder van motorvoertuie | 33 | 14.0 | 73 | 31.1 | 72 | 30.6 | 49 | 20.9 | 8 | 3.4 | 235 | 100.0 |
| Ander, bv. briewebesteller, bode, spoorwerker | 30 | 38.0 | 19 | 24.1 | 16 | 20.3 | 9 | 11.4 | 5 | 6.3 | 79 | 100.0 |
| **Ambagsman, produksiewerker en arbeider** | | | | | | | | | | | | |
| (a) Vakman | | | | | | | | | | | | |
| Vakman in die boubedryf | 4 | 13.8 | 12 | 41.4 | 8 | 27.6 | 2 | 6.9 | 3 | 10.3 | 29 | 100.0 |
| Vakman in die meubelbedryf | - | - | 1 | 14.3 | 3 | 42.9 | 3 | 42.9 | - | - | 7 | 100.0 |
| Ander vakmanne, bv. haarkapper, drukker | 3 | 10.7 | 9 | 32.1 | 11 | 39.3 | 5 | 17.9 | - | - | 28 | 100.0 |
| (b) Halfgeskoolde werker | | | | | | | | | | | | |
| Werker in die tekstielbedryf | 171 | 39.0 | 168 | 38.3 | 70 | 15.9 | 25 | 5.7 | 5 | 1.1 | 439 | 100.0 |
| Werker in die leer-, vel- en wolbedryf | 81 | 46.3 | 49 | 28.0 | 30 | 17.1 | 13 | 7.4 | 2 | 1.1 | 175 | 100.0 |
| Werker in die metaalbedryf en herstel van masjinerie | 43 | 29.9 | 46 | 31.9 | 29 | 20.1 | 19 | 13.2 | 7 | 4.9 | 144 | 100.0 |
| Werker in die voedsel-, tabak- en drankbedryf | 14 | 19.7 | 21 | 29.6 | 21 | 29.6 | 11 | 15.5 | 4 | 5.6 | 71 | 100.0 |
| Konstruksiewerker | 18 | 26.5 | 28 | 41.2 | 9 | 13.2 | 9 | 13.2 | 4 | 5.9 | 68 | 100.0 |
| Ander halfgeskooldes | 70 | 31.0 | 67 | 29.6 | 51 | 22.6 | 30 | 13.3 | 8 | 3.5 | 226 | 100.0 |
| (c) Arbeider | | | | | | | | | | | | |
| Arbeider in die voedselbedryf | 59 | 38.3 | 48 | 31.2 | 14 | 9.1 | 26 | 16.9 | 7 | 4.5 | 154 | 100.0 |
| Ander arbeiders in fabrieke | 179 | 58.5 | 56 | 18.3 | 40 | 13.1 | 23 | 7.5 | 8 | 2.6 | 306 | 100.0 |
| Arbeider by konstruksiewerke | 16 | 48.5 | 9 | 27.3 | 3 | 9.1 | 4 | 12.1 | 1 | 3.0 | 33 | 100.0 |
| Arbeider in die handel | 17 | 30.4 | 18 | 32.1 | 12 | 21.4 | 7 | 12.5 | 2 | 3.6 | 56 | 100.0 |
| Ander arbeiders | 19 | 30.2 | 14 | 22.2 | 17 | 27.0 | 11 | 17.5 | 2 | 3.2 | 63 | 100.0 |
| **Persoonlike diens-, sport- en ontspanningswerker** | | | | | | | | | | | | |
| Huisbediende en tuinwerker by private persone | 26 | 40.0 | 15 | 23.1 | 16 | 24.6 | 3 | 4.6 | 5 | 7.7 | 65 | 100.0 |
| Werker in hotelle, losieshuise, restaurants, bv. kok, kelner | 40 | 26.0 | 46 | 29.9 | 43 | 27.9 | 18 | 11.7 | 7 | 4.5 | 154 | 100.0 |
| Opsigter en skoonmaker van geboue | 5 | 22.7 | 4 | 18.2 | 7 | 31.8 | 3 | 13.6 | 3 | 13.6 | 22 | 100.0 |
| Veiligheidswerker, bv. polisie, nagwag | 3 | 18.8 | 4 | 25.0 | 8 | 50.0 | - | - | 1 | 6.3 | 16 | 100.0 |
| Ander, bv. wassery- en droogskoonmaakwerker, kroegman | 36 | 24.8 | 48 | 33.1 | 26 | 17.9 | 30 | 20.7 | 5 | 3.4 | 145 | 100.0 |
| TOTAAL | 1,427 | 33.6 | 1,355 | 31.9 | 808 | 19.0 | 491 | 11.6 | 167 | 3.9 | 4,248 | 100.0 |

Indien die syfers vir die beroepe afsonderlik ontleed word, blyk dit dat meer as 70 persent van die werkers in die volgende beroepgroepe tussen 15 en 34 jaar oud was: Onderwysers en instrukteurs (76.0%), ander professionele en tegniese werkers (71.4%), klerklike werkers (81.0%), ander verkoopswerkers behalwe werkende eienaars in die groot- en kleinhandel (77.1%), halfgeskoolde werkers in die tekstielbedryf (77.3%) en in die leer-, vel- en wolbedryf (74.3%), „ander" arbeiders in fabrieke (76.8%) en arbeiders in die konstruksiewese (75.8%).

'n Hoë persentasie arbeiders in fabrieke word in die heel jongste ouderdomsgroep (15 tot 24 jaar) aangetref, naamlik 58.5 persent. Opvallend is die vinnige afname van persone in hierdie beroepgroep namate die ouderdom toeneem. Ander beroepgroepe waar daar 'n betreklik hoë persentasie werkers in die 15- tot 24-jarige ouderdomsgroep voorkom, is die arbeiders in die konstruksiewese (48.5%), „ander" verkoopswerkers (47.2%), halfgeskoolde werkers in die leer-, vel- en wolbedryf (46.3%), klerklike werkers (43.2%), plaasarbeiders (42.0%) en huisbediendes en tuinwerkers by private persone (40.0%).

In ooreenstemming met J. M. Lötter se bevindings dat 'n hoë persentasie Indiërwerkers in die hoë ouderdomsgroepe uit landbouers bestaan (4, bl. 55), toon die tabel dat ongeveer 'n kwart van alle werkers in die ouderdomsgroep 55 tot 64 jaar landbouers is.

### 5.2.3 Beroep en onderwyspeil

Die onderwyspeil van die werkers word in tabel 5.3 ontleed. Eerstens blyk dit dat slegs in drie soorte beroepe meer as 10 persent van die bekleërs standerd tien geslaag het, naamlik die onderwysers en instrukteurs (70.6%), die ander professionele en tegniese werkers (45.2%) en die administratiewe, uitvoerende en bestuurswerkers (10.5%). Tweedens blyk dit dat slegs in vyf soorte beroepe meer as 20 persent van die bekleërs minstens standerd agt geslaag het, te wete die drie beroepsgroepe hierbo genoem met 93.9, 64.2 en 32.9 persent onderskeidelik, asook die klerklike werkers en die werkende eienaars in die handel met respektiewelik 45.4 en 25.3 persent.

Hierteenoor het 47.7 persent van die huisbediendes en tuinwerkers en 43.3 persent van die plaasarbeiders nooit die skool besoek of geen standerd geslaag nie.

### 5.2.4 Beroep en universiteitsgrade

Naas die Blankes is die Indiërs die bevolkingsgroep wat na verhouding oor die meeste universiteitsgrade beskik (11, bl. 19-82). In die huidige ondersoek is besonderhede ingewin met betrekking tot die getal ten volle geëmplojeerdes wat universiteitsgrade verwerf het en dié gegewens is met hulle beroepe in verband gebring.

Vier-en-vyftig van die vaste werkers het bevestig dat hulle oor universiteitsgrade beskik. Hiervan vul 51 persone (94.4%) poste in die professionele en tegniese beroepsgroep, een (1.9%) is 'n klerklike werker en twee (3.7%) is verkoopswerkers. In eersgenoemde groep is daar 42 persone (82.4%) wat as onderwysers, lektore of instrukteurs werksaam is, terwyl nege ondervraagdes (17.6%), onder andere prokureurs en mediese praktisyns, ander professionele of tegniese poste beklee.

### 5.2.5 Beroep en tegniese sertifikate

'n Baie klein persentasie van die steekproefbevolking beskik oor tegniese sertifikate. Die rigtings waarin sodanige sertifikate deur Indiërs verwerf kan word, is die ingenieurswese, die meubel-, drukkers-, verversings- en boubedryf.

In tabel 5.4 word die getal persone wat tegniese sertifikate besit, geklassifiseer volgens die hoofberoepgroep waaronder hulle ressorteer.

TABEL 5.3

HUIDIGE BEROEP VAN VASTE WERKERS VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Beroep | Onderwyspeil | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Het nooit skool besoek of het geen standerd geslaag nie | | St. 1 tot 3 | | St. 4 en 5 | | St. 6 en 7 | | St. 8 en 9 | | St. 10 | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Professionele of tegniese werker | | | | | | | | | | | | | | |
| Onderwyser en instrukteur | 3 | 1.0 | 1 | 0.3 | 1 | 0.3 | 14 | 4.5 | 73 | 23.3 | 221 | 70.6 | 313 | 100.0 |
| Ander, bv. prokureur, dokter, verpleegster | 1 | 2.4 | 1 | 2.4 | 3 | 7.1 | 10 | 23.8 | 8 | 19.0 | 19 | 45.2 | 42 | 100.0 |
| Administratiewe, uitvoerende of bestuurswerker, bv. direkteur, besigheidsbestuurder, hotel- en fabrieks-eienaar, boukontrakteur | 2 | 2.6 | 5 | 6.6 | 14 | 18.4 | 30 | 39.5 | 17 | 22.4 | 8 | 10.5 | 76 | 100.0 |
| Klerklike werker, bv. klerk, kassier | - | - | 6 | 1.3 | 30 | 6.5 | 218 | 46.9 | 167 | 35.9 | 44 | 9.5 | 465 | 100.0 |
| Verkoopswerker | | | | | | | | | | | | | | |
| Werkende eienaar in die groot- en kleinhandel | 12 | 7.8 | 17 | 11.0 | 38 | 24.7 | 48 | 31.2 | 28 | 18.2 | 11 | 7.1 | 154 | 100.0 |
| Ander persone in die groot- en kleinhandel, bv. winkelassistent, slagter | 10 | 3.0 | 34 | 10.1 | 82 | 24.5 | 155 | 46.3 | 45 | 13.4 | 9 | 2.7 | 335 | 100.0 |
| Ander, bv. smouse en agente | 6 | 7.4 | 13 | 16.0 | 18 | 22.2 | 31 | 38.3 | 8 | 9.9 | 5 | 6.2 | 81 | 100.0 |
| Landbouer en visser | | | | | | | | | | | | | | |
| Boer en visser (selfgeëmplojeer) | 22 | 20.4 | 33 | 30.6 | 28 | 25.9 | 20 | 18.5 | 4 | 3.7 | 1 | 0.9 | 108 | 100.0 |
| Plaasarbeider | 68 | 43.3 | 43 | 27.4 | 30 | 19.1 | 16 | 10.2 | - | - | - | - | 157 | 100.0 |
| Visser wat vir iemand anders werk | - | - | - | - | 1 | 100.0 | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| Myn-, steengroef- en verwante werker | - | - | 1 | 100.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| Werker in vervoer-, aflewerings- en kommunikasiedienste | | | | | | | | | | | | | | |
| Bestuurder van motorvoertuie | 15 | 6.4 | 60 | 25.5 | 69 | 29.4 | 78 | 33.2 | 12 | 5.1 | 1 | 0.4 | 235 | 100.0 |
| Ander, bv. briewebesteller, bode, spoorwerker | 8 | 10.1 | 11 | 13.9 | 24 | 30.4 | 30 | 38.0 | 6 | 7.6 | - | - | 79 | 100.0 |
| Ambagsman, produksiewerker en arbeider | | | | | | | | | | | | | | |
| (a) Vakman | | | | | | | | | | | | | | |
| Vakman in die boubedryf | 1 | 3.4 | 6 | 20.7 | 5 | 17.2 | 15 | 51.7 | 2 | 6.9 | - | - | 29 | 100.0 |
| Vakman in die meubelbedryf | 1 | 4.3 | - | - | - | - | 6 | 85.7 | - | - | - | - | 7 | 100.0 |
| Ander vakmanne, bv. haarkapper, drukker | - | - | 2 | 7.1 | 6 | 21.4 | 15 | 53.6 | 4 | 14.3 | 1 | 3.6 | 28 | 100.0 |
| (b) Halfgeskoolde werker | | | | | | | | | | | | | | |
| Werker in die tekstielbedryf | 21 | 4.8 | 73 | 16.6 | 169 | 38.5 | 160 | 36.4 | 14 | 3.2 | 2 | 0.5 | 439 | 100.0 |
| Werker in die leer-, vel- en wolbedryf | 2 | 1.1 | 13 | 7.4 | 53 | 30.3 | 104 | 59.4 | 3 | 1.7 | - | - | 175 | 100.0 |
| Werker in die metaalbedryf en herstel van masjinerie | 11 | 7.6 | 25 | 17.4 | 44 | 30.6 | 52 | 36.1 | 12 | 8.3 | - | - | 144 | 100.0 |
| Werker in die voedsel-, tabak- en drankbedryf | 14 | 19.7 | 9 | 12.7 | 24 | 33.8 | 21 | 29.6 | 3 | 4.2 | - | - | 71 | 100.0 |
| Konstruksiewerker | 8 | 11.8 | 16 | 23.5 | 27 | 39.7 | 15 | 22.1 | 1 | 1.5 | 1 | 1.5 | 68 | 100.0 |
| Ander halfgeskooldes | 21 | 9.3 | 35 | 15.5 | 61 | 27.0 | 81 | 35.8 | 21 | 9.3 | 7 | 3.1 | 226 | 100.0 |
| (c) Arbeider | | | | | | | | | | | | | | |
| Arbeider in die voedselbedryf | 31 | 20.1 | 30 | 19.5 | 54 | 35.1 | 36 | 23.4 | 3 | 1.9 | - | - | 154 | 100.0 |
| Ander arbeiders in fabrieke | 31 | 10.1 | 53 | 17.3 | 117 | 38.2 | 99 | 32.4 | 6 | 2.0 | - | - | 306 | 100.0 |
| Arbeider by konstruksiewerke | 9 | 27.3 | 7 | 21.2 | 11 | 33.3 | 6 | 18.2 | - | - | - | - | 33 | 100.0 |
| Arbeider in die handel | 6 | 10.7 | 15 | 26.8 | 22 | 39.3 | 13 | 23.2 | - | - | - | - | 56 | 100.0 |
| Ander arbeiders | 11 | 17.5 | 22 | 34.9 | 19 | 30.2 | 9 | 14.3 | 2 | 3.2 | - | - | 63 | 100.0 |
| Persoonlike diens-, sport- en ontspanningswerker | | | | | | | | | | | | | | |
| Huisbediende en tuinwerker by private persone | 31 | 47.7 | 15 | 23.1 | 15 | 23.1 | 4 | 6.2 | - | - | - | - | 65 | 100.0 |
| Werker in hotelle, losieshuise, restaurants | 15 | 9.7 | 26 | 16.9 | 57 | 37.0 | 53 | 34.4 | 3 | 1.9 | - | - | 154 | 100.0 |
| Opsigter en skoonmaker van geboue | 3 | 13.6 | 7 | 31.8 | 10 | 45.5 | 2 | 9.1 | - | - | - | - | 22 | 100.0 |
| Veiligheidswerker, bv. polisie, nagwag | - | - | 2 | 12.5 | 3 | 18.8 | 9 | 56.3 | 2 | 12.5 | - | - | 16 | 100.0 |
| Ander, bv. wassery- en droogskoonmaakwerker, kroegman | 11 | 7.6 | 32 | 22.1 | 41 | 28.3 | 51 | 35.2 | 9 | 6.2 | 1 | 0.7 | 145 | 100.0 |
| TOTAAL | 374 | 8.8 | 613 | 14.4 | 1,076 | 25.3 | 1,401 | 33.0 | 453 | 10.7 | 331 | 7.8 | 4,248 | 100.0 |

TABEL 5.4

GETAL PERSONE WAT OOR TEGNIESE SERTIFIKATE BESKIK VOLGENS DIE SOORT WERK WAT HULLE VERRIG

| Beroep | G | % |
|---|---|---|
| Professionele of tegniese werker | 6 | 18.2 |
| Administratiewe, uitvoerende of bestuurswerker | 2 | 6.1 |
| Klerklike werker | 5 | 15.2 |
| Verkoopswerker | 4 | 12.1 |
| Ambagsman, produksiewerker en arbeider | 11 | 33.3 |
| Persoonlike diens-, sport- en ontspanningswerker | 5 | 15.2 |
| TOTAAL | 33 | 100.0 |

Van die 33 vaste werkers wat tegniese sertifikate verwerf het, is slegs 33.3 persent ambagsmanne, terwyl die res ander poste beklee wat dikwels blykbaar nie met hulle tegniese opleiding in verband staan nie.

5.2.6 Beroep en geloof

Die beroep van die vaste werker word in tabel 5.5 met sy geloof in verband gebring. Slegs die hoofberoepsgroepe word aangedui.

Volgens tabel 5.5 is daar slegs 16 persone wat nie Hindoes, Moslems of Christene is nie, agt van wie tot geen geloof behoort nie. Aangesien hierdie getalle te gering is om afleidings te regverdig, word dit buite rekening gelaat.

Die grootste enkele persentasies Hindoes (43.1%), Moslems (37.1%) en Christene (44.2%) is as ambagsmanne, produksiewerkers en arbeiders werksaam, 'n veel hoër persentasie Moslems (36.0%) dan Hindoes (10.1%) en Christene (6.7%) is verkoopswerkers en 'n veel groter persentasie van die Christene (17.5%) dan van die Hindoes (8.2%) en Moslems (4.8%) is as professionele werkers ingedeel.

5.2.7 Die selfgeëmplojeerdes en onderwyspeil

Die vaste werkers is ook gevra of hulle selfgeëmplojeer is en of hulle vir iemand anders werk. Die responsies word in tabel 5.6 met die werkers se onderwyspeil in verband gebring.

Tabel 5.6 toon dat 452 werkers wat ten volle geëmplojeer is, vir hulself werk, dit wil sê nagenoeg een uit elke tien. Die grootste enkele persentasie selfgeëmplojeerdes het standerd ses geslaag, naamlik 25.9 persent, gevolg deur 24.3 persent wat dit nie verder as standerd vier of vyf kon bring nie. Slegs 9.1 persent het standerd agt en 6.2 persent standerd tien geslaag.

5.2.8 Die selfgeëmplojeerdes en geloof

Vervolgens word die geloof van die vaste werkers wat selfgeëmplojeer is, in tabel 5.7 ontleed.

Uit die tabel blyk dit dat nagenoeg een uit elke vyf (18.2%) Moslems selfgeëmplojeer is. Onder die Hindoes is daar 9.8 persent selfgeëmplojeerdes en onder die Christene slegs 4.6 persent.

5.3 DIE WERKERS WAT NIE TEN VOLLE GEËMPLOJEER IS NIE

In die steekproef van 5,108 ekonomies bedrywige Indiërs is 231 wat nie ten volle geëmplojeer is nie aangetref. Hiervan was 28 (12.1%) as seisoenwerkers (18 mans en 10 vroue), 121 (52.4%) as stukwerkers (92 mans en 29 vroue) en 82 (35.5%) as korttydwerkers (52 mans en 30 vroue) werksaam.

TABEL 5.5

HUIDIGE BEROEP VAN VASTE WERKERS VOLGENS GELOOF

| Beroep | Geloof | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hindoe | | Moslem | | Christen | | Ander | | Geen | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Professionele of tegniese werker | 277 | 8.2 | 27 | 4.8 | 50 | 17.5 | 1 | 12.5 | - | - | 355 | 8.4 |
| Administratiewe, uitvoerende of bestuurswerker | 55 | 1.6 | 18 | 3.2 | 2 | 0.7 | 1 | 12.5 | - | - | 76 | 1.8 |
| Klerklike werker | 390 | 11.5 | 49 | 8.7 | 26 | 9.1 | - | - | - | - | 465 | 10.9 |
| Verkoopswerker | 342 | 10.1 | 204 | 36.0 | 19 | 6.7 | 4 | 50.0 | 1 | 12.5 | 570 | 13.4 |
| Landbouer en visser | 250 | 7.4 | 6 | 1.1 | 9 | 3.2 | - | - | 1 | 12.5 | 266 | 6.3 |
| Myn-, steengroef- en verwante werker | 1 | 0.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.0 |
| Werker in vervoer-, aflewerings- en kommunikasiedienste | 263 | 7.8 | 28 | 4.9 | 20 | 7.0 | - | - | 3 | 37.5 | 314 | 7.4 |
| Ambagsman, produksiewerker en arbeider | 1,458 | 43.1 | 210 | 37.1 | 126 | 44.2 | 2 | 25.0 | 3 | 37.5 | 1,799 | 42.3 |
| Persoonlike diens-, sport- en ontspanningswerker | 345 | 10.2 | 24 | 4.2 | 33 | 11.6 | - | - | - | - | 402 | 9.5 |
| TOTAAL | 3,381 | 100.0 | 566 | 100.0 | 285 | 100.0 | 8 | 100.0 | 8 | 100.0 | 4,248 | 100.0 |

TABEL 5.6

RESPONSIE VAN VASTE WERKERS OP 'N VRAAG OF HULLE VIR HULSELF OF VIR IEMAND ANDERS WERK VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Responsie | Onderwyspeil | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Het nooit skool besoek of geen standerd geslaag | | St. 1 of laer | | St. 2 of 3 | | St. 4 of 5 | | St. 6 | | St. 7 | | St. 8 | | St. 9 | | St. 10 | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Werk vir hulself | 46 | 10.2 | 23 | 5.1 | 48 | 10.6 | 110 | 24.3 | 117 | 25.9 | 26 | 5.8 | 41 | 9.1 | 13 | 2.9 | 28 | 6.2 | 452 | 100.0 |
| Werk vir iemand anders | 328 | 8.6 | 144 | 3.8 | 398 | 10.5 | 966 | 25.4 | 1,035 | 27.3 | 223 | 5.9 | 299 | 7.9 | 100 | 2.6 | 303 | 8.0 | 3,796 | 100.0 |
| TOTAAL | 374 | 8.8 | 167 | 3.9 | 446 | 10.5 | 1,076 | 25.3 | 1,152 | 27.1 | 249 | 5.9 | 340 | 8.0 | 113 | 2.7 | 331 | 7.8 | 4,248 | 100.0 |

TABEL 5.7

RESPONSIE VAN VASTE WERKERS OP 'N VRAAG OF HULLE VIR HULSELF OF VIR IEMAND ANDERS WERK VOLGENS GELOOF

| Responsie | Geloof | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hindoe | | Moslem | | Christen | | Ander | | Geen | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Werk vir hulself | 331 | 9.8 | 103 | 18.2 | 13 | 4.6 | 3 | 37.5 | 2 | 25.0 | 452 | 10.6 |
| Werk vir iemand anders | 3,050 | 90.2 | 463 | 81.8 | 272 | 95.4 | 5 | 62.5 | 6 | 75.0 | 3,796 | 89.4 |
| TOTAAL | 3,381 | 100.0 | 566 | 100.0 | 285 | 100.0 | 8 | 100.0 | 8 | 100.0 | 4,248 | 100.0 |

5.3.1 Beroep en soort werker

'n Breedvoeriger ontleding van die vernaamste soorte werk wat deur seisoen-, stuk- en korttydwerkers verrig word, verskyn in tabel 5.8.

Dit blyk dat die seisoenwerkers hoofsaaklik by die verbouing en bemarking van suikerriet (39.3%) en groente (21.4%) betrokke is. Ongeveer die helfte van die stukwerkers verrig geskoolde en halfgeskoolde arbeid (51.2%). Wat korttydwerkers betref, is 25.6 persent as geskoolde en halfgeskoolde arbeiders en 22.0 persent as verkoops- en verwante werkers werksaam.

5.3.2 Soort werk en geslag

In tabel 5.9 word die beroep wat deur die werkers wat nie ten volle geëmplojeer is nie verrig word, volgens geslag ontleed.

TABEL 5.9

BEROEPE BEOEFEN DEUR WERKERS WAT NIE TEN VOLLE GEËMPLOJEER IS NIE VOLGENS GESLAG

| Beroep | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Verbouing, verpakking en bemarking van groente | 17 | 10.5 | 6 | 8.7 | 23 | 10.0 |
| Verbouing en bemarking van tropiese vrugte | 1 | 0.6 | 1 | 1.4 | 2 | 0.9 |
| Verbouing en bemarking van suikerriet | 7 | 4.3 | 7 | 10.1 | 14 | 6.1 |
| Verbouing en bemarking van graan- en boontjiesoorte, ens. | 2 | 1.2 | 1 | 1.4 | 3 | 1.3 |
| Verkoops- en verwante werker | 15 | 9.3 | 8 | 11.6 | 23 | 10.0 |
| Fabriekswerker (uitgeslote diê waar groente, vrugte, vis of walvis verwerk word) | 6 | 3.7 | 2 | 2.9 | 8 | 3.5 |
| Visser en bootbemanning | 1 | 0.6 | - | - | 1 | 0.4 |
| Persoonlike diens, slegs kelner | 5 | 3.1 | - | - | 5 | 2.2 |
| Ander persoonlike diens, bv. huisbediende | 6 | 3.7 | 25 | 36.2 | 31 | 13.4 |
| Vervoer-, aflewerings- en kommunikasiedienste, bv. vragmotor- en busbestuurder, briewebesteller | 7 | 4.3 | - | - | 7 | 3.0 |
| Klerklike werker, bv. boekhouer, tikster | 3 | 1.9 | 1 | 1.4 | 4 | 1.7 |
| Geskoolde en halfgeskoolde werker, bv. werktuigkundige, verwer, kleremaker | 69 | 42.6 | 15 | 21.7 | 84 | 36.4 |
| Arbeider, bv. persone wat peuselwerkies verrig | 21 | 13.0 | 2 | 2.9 | 23 | 10.0 |
| Ander, bv. kraamverpleegster | 2 | 1.2 | 1 | 1.4 | 3 | 1.3 |
| TOTAAL | 162 | 100.0 | 69 | 100.0 | 231 | 100.0 |

| Verbouing, verpakking en bemarking van groente | 3 | 13.0 | 10 | 43.5 | 3 | 13.0 | 5 | 21.7 | 1 | 4.3 | - | - | - | - | - | - | 1 | 4.3 | - | - | 23 | 100.0 | R18.0 |
| Verbouing en bemarking van tropiese vrugte | 1 | 50.0 | - | - | 1 | 50.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 100.0 | * |
| Verbouing en bemarking van suikerriet | 6 | 42.9 | 1 | 7.1 | 5 | 35.7 | 2 | 14.3 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 14 | 100.0 | R20.0 |
| Verbouing en bemarking van graan-, boontjiesoorte, ens. | - | - | 1 | 33.3 | 1 | 33.3 | 1 | 33.3 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 100.0 | * |
| Verkoops- en verwante werker | 6 | 26.1 | 4 | 17.4 | 3 | 13.0 | 3 | 13.0 | 3 | 13.0 | 2 | 8.7 | 1 | 4.3 | 1 | 4.3 | - | - | - | - | 23 | 100.0 | R25.0 |
| Fabriekswerker (uitgeslote dié waar groente, vrugte, vis of walvis verwerk word) | - | - | 1 | 12.5 | 1 | 12.5 | 3 | 37.5 | 2 | 25.0 | 1 | 12.5 | - | - | - | - | - | - | - | - | 8 | 100.0 | R36.7 |
| Visser en bootbemanning | - | - | - | - | 1 | 100.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 | * |
| Persoonlike diens, slegs kelner | 1 | 20.0 | 2 | 40.0 | 1 | 20.0 | - | - | 1 | 20.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 | 100.0 | R17.5 |
| Ander persoonlike diens, bv. huisbediende | 18 | 58.1 | 11 | 35.5 | 1 | 3.2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 3.2 | - | - | 31 | 100.0 | R 8.3 |
| Vervoer-, aflewerings- en kommunikasiediens, bv. vragmotor-, busbestuurder, briewebesteller | 1 | 14.3 | - | - | 4 | 57.1 | - | - | 1 | 14.3 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 14.3 | 7 | 100.0 | R25.0 |
| Klerklike werker, bv. boekhouer, tikster | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 25.0 | 2 | 50.0 | 1 | 25.0 | - | - | - | - | 4 | 100.0 | R70.0 |
| Geskoolde en halfgeskoolde werker, bv. werktuigkundige, verwer, kleremaker | 10 | 11.9 | 16 | 19.0 | 16 | 19.0 | 12 | 14.3 | 10 | 11.9 | 4 | 4.8 | 3 | 3.6 | 5 | 6.0 | 1 | 1.2 | 7 | 8.3 | 84 | 100.0 | R27.5 |
| Arbeider, persone wat bv. peuselwerkies verrig | 6 | 26.1 | 5 | 21.7 | 6 | 26.1 | 2 | 8.7 | 1 | 4.3 | 1 | 4.3 | 1 | 4.3 | - | - | - | - | 1 | 4.3 | 23 | 100.0 | R20.0 |
| Ander, bv. kraamverpleegster | 1 | 33.3 | - | - | 2 | 66.7 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 100.0 | * |
| TOTAAL | 53 | 22.9 | 51 | 22.1 | 45 | 19.5 | 28 | 12.1 | 19 | 8.2 | 9 | 3.9 | 7 | 3.0 | 7 | 3.0 | 3 | 1.3 | 9 | 3.9 | 231 | 100.0 | R21.2 |

TABEL 6.15

INKOMSTE IN GOEDERE IN DIE VORM VAN GRATIS HUISVESTING VOLGENS MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE

| Gratis huisvesting | Inkomste | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Minder as R10 | | R10-19 | | R20-29 | | R30-39 | | R40-49 | | R50-59 | | R60-69 | | R70 en meer | | Onbekend | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 65 | 45.5 | 146 | 35.6 | 129 | 21.0 | 98 | 12.9 | 51 | 9.6 | 32 | 8.6 | 27 | 6.0 | 25 | 3.8 | 7 | 18.9 | 580 | 14.6 |
| Nee | 78 | 54.5 | 264 | 64.4 | 484 | 79.0 | 660 | 87.1 | 483 | 90.4 | 338 | 91.4 | 421 | 94.0 | 640 | 96.2 | 30 | 81.1 | 3,398 | 85.4 |
| TOTAAL | 143 | 100.0 | 410 | 100.0 | 613 | 100.0 | 758 | 100.0 | 534 | 100.0 | 370 | 100.0 | 448 | 100.0 | 665 | 100.0 | 37 | 100.0 | 3,978 | 100.0 |

TABEL 6.16

INKOMSTE IN GOEDERE IN DIE VORM VAN GRATIS MAALTYE VAN WERKGEWERS ONTVANG VOLGENS MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE

| Getal maaltye (per dag) | Inkomste | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Minder as R10 | | R10-19 | | R20-29 | | R30-39 | | R40-49 | | R50-59 | | R60-69 | | R70 en meer | | Onbekend | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 81 | 56.6 | 265 | 64.6 | 499 | 81.4 | 680 | 89.7 | 488 | 91.4 | 338 | 91.4 | 425 | 94.9 | 645 | 97.0 | 31 | 83.8 | 3,452 | 86.8 |
| 1 | 8 | 5.6 | 28 | 6.8 | 18 | 2.9 | 16 | 2.1 | 11 | 2.1 | 8 | 2.2 | 4 | 0.9 | 3 | 0.5 | - | - | 96 | 2.4 |
| 2 | 12 | 8.4 | 39 | 9.5 | 29 | 4.7 | 25 | 3.3 | 11 | 2.1 | 10 | 2.7 | 10 | 2.2 | 7 | 1.1 | - | - | 143 | 3.6 |
| 3 | 42 | 29.4 | 78 | 19.0 | 67 | 10.9 | 37 | 4.9 | 24 | 4.5 | 14 | 3.8 | 9 | 2.0 | 10 | 1.5 | 6 | 16.2 | 287 | 7.2 |
| TOTAAL | 143 | 100.0 | 410 | 100.0 | 613 | 100.0 | 758 | 100.0 | 534 | 100.0 | 370 | 100.0 | 448 | 100.0 | 665 | 100.0 | 37 | 100.0 | 3,978 | 100.0 |

6.4 VERMEERDERING IN SALARIS

In hierdie afdeling word gelet op die werkers wat ten volle geëmplojeer is, se inkomste tydens die ondersoek in vergelyking met hul inkomste drie jaar vantevore. Van die 4,248 vaste werkers het 17.7 persent verklaar dat hulle nie drie jaar vantevore gewerk het nie. Vir die doeleindes van die ontleding wat nou volg, word hulle buite rekening gelaat.

6.4.1 Vermeerdering in salaris volgens geslag

In tabel 6.17 word die responsies met geslag in verband gebring.

TABEL 6.17

HUIDIGE VERDIENSTE VAN VASTE WERKERS TEENOOR DIÉ VAN DRIE JAAR GELEDE VOLGENS GESLAG

| Verdienste | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Meer | 2,433 | 74.7 | 171 | 72.5 | 2,604 | 74.5 |
| Dieselfde | 589 | 18.1 | 55 | 23.3 | 644 | 18.4 |
| Minder | 236 | 7.2 | 10 | 4.2 | 246 | 7.0 |
| TOTAAL | 3,258 | 100.0 | 236 | 100.0 | 3,494 | 100.0 |

Bykans driekwart (74.5%) van die werkers wat ten volle geëmplojeer is, het meer tydens die opname as drie jaar vantevore verdien. Relatief meer vroue (23.3%) as mans (18.1%) het verklaar dat hulle salaris konstant gebly het.

6.4.2 Vermeerdering in salaris volgens onderwyspeil

In tabel 6.18 word 'n ontleding gegee van die responsies volgens onderwyspeil.

Dit blyk uit die tabel dat hoe hoër die proefpersone se onderwyspeil is, hoe hoër die persentasie proefpersone is wat tans meer as drie jaar voor die ondersoek verdien.

6.5 INKOMSTE UIT EEN OF MEER SOORTE WERK

Die vraag is aan die vaste werkers gestel of hulle uit meer as een soort werk 'n inkomste verkry. Daar is beweer dat die Indiërs in die algemeen hulle inkomste aanvul deur ook ander werk (behalwe die hoofberoep) te verrig. Die antwoorde op hierdie vraag word in tabel 6.19 met die woonplek van die ondervraagdes in verband gebring. In totaal is daar slegs 73, naamlik 1.7 persent, van die 4,248 vaste werkers wat 'n inkomste uit meer as een soort werk verkry het. Dit blyk ook dat die stad meer geleentheid vir 'n aanvullende inkomste as enige ander woonplek bied.

Die betrokke gebruik het dus nie so algemeen voorgekom as wat dikwels beweer word nie.

6.6 BYDRAES

Die vaste werkers is ten slotte versoek om aan te toon of gereelde aftrekkings gemaak word van hul salarisse, lone of inkomstes ten behoewe van die werkloosheidsversekeringsfonds, 'n mediese fonds, 'n pensioen- of assuransieskema, vakuniefooie en verpligte besparing, ten einde te kan vasstel hoeveel by die een of ander skema vir bestaansbeveiliging betrokke is.

Volgens die tabel dra ongeveer twee derdes (66.3%) van die persone by tot die werkloosheidsversekeringfonds en bykans een derde (32.2%) tot die mediese fonds. Slegs 3.2 persent dra by tot 'n verpligte besparingskema.

TABEL 6.18

HUIDIGE VERDIENSTE VAN VASTE WERKERS TEENOOR DIÉ VAN DRIE JAAR GELEDE VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Verdienste | Onderwyspeil | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nooit op skool of geen standerd geslaag nie | | St. 1 of laer | | St. 2 of 3 | | St. 4 of 5 | | St. 6 | | St. 7 | | St. 8 | | St. 9 | | St. 10 | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Meer | 221 | 64.8 | 110 | 71.4 | 268 | 68.9 | 630 | 71.3 | 702 | 75.1 | 146 | 81.1 | 218 | 80.4 | 71 | 89.9 | 238 | 90.8 | 2,604 | 74.5 |
| Dieselfde | 93 | 27.3 | 33 | 21.4 | 82 | 21.1 | 173 | 19.6 | 174 | 18.6 | 26 | 14.4 | 43 | 15.9 | 5 | 6.3 | 15 | 5.7 | 644 | 18.4 |
| Minder | 27 | 7.9 | 11 | 7.1 | 39 | 10.0 | 80 | 9.1 | 59 | 6.3 | 8 | 4.4 | 10 | 3.7 | 3 | 3.8 | 9 | 3.4 | 246 | 7.0 |
| TOTAAL | 341 | 100.0 | 154 | 100.0 | 389 | 100.0 | 883 | 100.0 | 935 | 100.0 | 180 | 100.0 | 271 | 100.0 | 79 | 100.0 | 262 | 100.0 | 3,494 | 100.0 |



TABEL 6.19

GETAL WERKE WAARUIT 'N INKOMSTE VERKRY WORD VOLGENS WOONPLEK

| Getal | Woonplek | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Groot dorp | | Dorp | | Klein dorp | | Kleinhoewe | | Plaas | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 1 | 2,293 | 98.8 | 473 | 98.1 | 169 | 96.6 | 531 | 98.7 | 58 | 92.1 | 651 | 97.3 | 4,175 | 98.3 |
| 2 | 22 | 0.9 | 6 | 1.2 | 6 | 3.4 | 6 | 1.1 | 4 | 6.3 | 15 | 2.2 | 59 | 1.4 |
| 3 | 1 | 0.0 | - | - | - | - | 1 | 0.2 | 1 | 1.6 | 3 | 0.4 | 6 | 0.1 |
| 4 of meer | 5 | 0.2 | 3 | 0.6 | - | - | - | - | - | - | - | - | 8 | 0.2 |
| TOTAAL | 2,321 | 100.0 | 482 | 100.0 | 175 | 100.0 | 538 | 100.0 | 63 | 100.0 | 669 | 100.0 | 4,248 | 100.0 |

TABEL 6.20

BYDRAES EN PERSENTASIE ONDERVRAAGDES VAN WIE SE INKOMSTE AFTREKKINGS GEMAAK WORD

| Bydraes | Persentasie ondervraagdes | | | Totaal |
| --- | --- | --- | --- | --- |
| | Ja | Nee | Weet nie | |
| Werkloosheidsfonds | 66.3 | 32.0 | 1.7 | 100.0 |
| Mediese fonds | 32.2 | 65.1 | 2.6 | 100.0 |
| Pensioen- of assuransieskema | 28.8 | 68.2 | 3.0 | 100.0 |
| Vakuniefooie | 29.6 | 68.3 | 2.1 | 100.0 |
| Verpligte besparing | 3.2 | 95.0 | 1.8 | 100.0 |

# HOOFSTUK 7

# BEROEP- EN WERKGEWERVERWISSELING

## 7.1 INLEIDING

In die onderhawige ondersoek is gepoog om, onder andere, die verskynsel van beroep- en werkgewerverwisseling by die Indiërwerkers te ontleed.

## 7.2 BEROEPVERWISSELING

### 7.2.1 Die eerste en die huidige beroep van die vaste werkers

In tabel 7.1 word 'n uiteensetting van die eerste en die huidige beroep van die werkers wat ten volle geëmplojeer is, gegee. Aangesien slegs die hoofberoepsgroepe ontleed word, word beroepverwisseling binne die hoofberoepsgroepe nie aangedui nie.

Dit blyk dat die huidige en die eerste beroepsgroep by 67.4 persent van die vaste werkers nog dieselfde is. Die geringste mate van beroepverwisseling kom onder die lede van die professionele of tegniese hoofberoepsgroep voor waar 86.2 persent nog in dieselfde beroep werksaam is. Hierna volg die landbouers en vissers, en die ambagsmanne, produksiewerkers en arbeiders (75.9% elk), verkoopswerkers (68.1%) en klerklike werkers (56.3%). Slegs 21.1 persent van die administratiewe, uitvoerende of bestuurwerkers beoefen nog steeds hul eerste beroep. Hierdie klein persentasie is te verwag aangesien persone in hierdie kategorie meesal bevorder is tot hierdie groep.

Afgesien dus van laasgenoemde hoofberoepsgroep vind beroepverwisseling meer plaas onder werkers in beroepsgroepe waar 'n hoë onderwyspeil nie 'n vereiste is nie.

Indien die „herkoms" van die lede van die hoofberoepsgroepe volgens huidige beroep en eerste beroep ontleed word, blyk dit dat meer as die helfte van die beroepsgroepe hoofsaaklik uit die geledere van die ambagsmanne, produksiewerkers en arbeiders (merendeels laasgenoemde groep) aangevul is. Meer as 20 persent van die werkers in die vervoer-, aflewerings- en kommunikasiedienste (29.6%), die administratiewe, uitvoerende of bestuurswerkers (25.0%) en persoonlike diens-, sport- en ontspanningswerkers (20.9%) het as ambagsmanne, produksiewerkers maar hoofsaaklik as arbeiders hul beroepslewe begin.

In tabel 7.2 word die vaste werkers volgens eerste en huidige beroepe vergelyk.

TABEL 7.2

EERSTE EN HUIDIGE BEROEP VAN VASTE WERKERS

| Hoofberoepsgroep | Eerste beroep | | Huidige beroep | |
|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % |
| Professionele of tegniese werker | 334 | 7.9 | 355 | 8.4 |
| Administratiewe, uitvoerende of bestuurswerker | 16 | 0.4 | 76 | 1.8 |
| Klerklike werker | 352 | 8.3 | 465 | 10.9 |
| Verkoopswerker | 634 | 14.9 | 570 | 13.4 |
| Landbouer en visser | 440 | 10.4 | 266 | 6.3 |
| Myn-, steengroef- en verwante werker | 1 | 0.0 | 1 | 0.0 |
| Werker in vervoer-, aflewerings- en kommunikasiedienste | 230 | 5.4 | 314 | 7.4 |
| Ambagsman, produksiewerker en arbeider | 1,765 | 41.5 | 1,799 | 42.3 |
| Persoonlike diens-, sport- en ontspanningswerker | 476 | 11.2 | 402 | 9.5 |
| TOTAAL | 4,248 | 100.0 | 4,248 | 100.0 |

Hiervolgens blyk dit dat die professionele of tegniese werkers, die administratiewe, uitvoerende of bestuurswerkers, klerklike werkers, werkers in vervoer-, aflewerings- en kommunikasiedienste en die ambagsmanne, produksiewerkers en arbeiders 'n toename in

TABEL 7.1

EERSTE BEROEP VAN VASTE WERKERS VOLGENS HUIDIGE BEROEP

| Eerste beroep | Huidige beroep: Professionele of tegniese werkers | | Administratiewe, uitvoerende of bestuurswerkers | | Klerklike werkers | | Verkoopswerkers | | Landbouers en vissers | | Myn-, steengroef- en verwante werkers | | Werkers in vervoer-, aflewerings- en kommunikasiediens | | Ambagsmanne, produksiewerkers en arbeiders | | Persoonlike diens-, sport- en ontspanningswerkers | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Dieselfde as huidige | 306 | 86.2 | 16 | 21.1 | 262 | 56.3 | 388 | 68.1 | 202 | 75.9 | - | - | 100 | 31.8 | 1,366 | 75.9 | 223 | 55.5 | 2,863 | 67.4 |
| Professionele of tegniese werker | - | - | 1 | 1.3 | 11 | 2.4 | 7 | 1.2 | - | - | - | - | 2 | 0.6 | 5 | 0.3 | 2 | 0.5 | 28 | 0.7 |
| Administratiewe, uitvoerende of bestuurswerker | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Klerklike werker | 12 | 3.4 | 10 | 13.2 | - | - | 23 | 4.0 | 1 | 0.4 | - | - | 11 | 3.5 | 25 | 1.4 | 8 | 2.0 | 90 | 2.1 |
| Verkoopswerker | 9 | 2.5 | 20 | 26.3 | 44 | 9.5 | - | - | 9 | 3.4 | 1 | 100.0 | 33 | 10.5 | 102 | 5.7 | 28 | 7.0 | 246 | 5.8 |
| Landbouer en visser | - | - | 1 | 1.3 | 6 | 1.3 | 17 | 3.0 | - | - | - | - | 46 | 14.6 | 129 | 7.2 | 39 | 9.7 | 238 | 5.6 |
| Myn-, steengroef- en verwante werker | 1 | 0.3 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.0 |
| Werker in vervoer-, aflewerings- en kommunikasiedienste | 5 | 1.4 | 6 | 7.9 | 19 | 4.1 | 23 | 4.0 | 7 | 2.6 | - | - | - | - | 52 | 2.9 | 18 | 4.5 | 130 | 3.1 |
| Ambagsman, produksiewerker en arbeider | 16 | 4.5 | 19 | 25.0 | 92 | 19.8 | 72 | 12.6 | 23 | 8.6 | - | - | 93 | 29.6 | - | - | 84 | 20.9 | 399 | 9.4 |
| Persoonlike diens-, sport- en ontspanningswerker | 6 | 1.7 | 3 | 3.9 | 31 | 6.7 | 40 | 7.0 | 24 | 9.0 | - | - | 29 | 9.2 | 120 | 6.7 | - | - | 253 | 6.0 |
| TOTAAL | 355 | 100.0 | 76 | 100.0 | 465 | 100.0 | 570 | 100.0 | 266 | 100.0 | 1 | 100.0 | 314 | 100.0 | 1,799 | 100.0 | 402 | 100.0 | 4,248 | 100.0 |

getalle toon. Die laerbesoldigde groepe soos die verkoops-, die landbou- en die persoonlike dienswerkers toon weer 'n daling in getalle tussen eerste en huidige beroep. In hierdie verband merk A. L. Müller soos volg op: „Asians have also, wherever possible, tried to move towards more highly paid types of employment, not only out of a natural urge towards improved circumstances but also because of a feeling on their part that their cost of subsistence is higher than that of the Africans who form the bulk of the unskilled labourers and whose needs are primarily taken into consideration in wage determinations for unskilled labour" (7, bl. 124). Dit dui op 'n strewe na verbetering van die beroepstatus. R. Burrows meen dat daar twee redes hiervoor bestaan: „On the one hand there has been some development of opportunities in the better paid semi-skilled occupations. Secondly, the African has now become a growing competitor in the field of unskilled manual labour, partly because of the advantage of a more robust physique" (6, bl. 6).

7.2.2 Beroepverwisseling by die werkers wat nie ten volle geëmplojeer is nie

Om die mate van beroepverwisseling by die werkers wat nie ten volle geëmplojeer is nie, vas te stel, is hulle tydens die ondersoek gevra hoeveel verskillende beroepe hulle reeds beoefen het. Indien so 'n persoon, byvoorbeeld 'n arbeider, 'n smous, 'n visser en 'n messelaar was, het hy reeds vier verskillende beroepe beoefen. In tabel 7.3 word die getal beroepe wat beoefen word, volgens geslag ontleed.

TABEL 7.3

GETAL BEROEPE BEOEFEN DEUR WERKERS WAT NIE TEN VOLLE GEËMPLOJEER IS NIE VOLGENS GESLAG

| Getal | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| 1 | 54 | 33.3 | 60 | 87.0 | 114 | 49.4 |
| 2 | 61 | 37.7 | 8 | 11.6 | 69 | 29.9 |
| 3 | 22 | 13.6 | 1 | 1.4 | 23 | 10.0 |
| 4 | 14 | 8.6 | - | - | 14 | 6.1 |
| 5 | 9 | 5.6 | - | - | 9 | 3.9 |
| 6 of meer | 2 | 1.2 | - | - | 2 | 0.9 |
| TOTAAL | 162 | 100.0 | 69 | 100.0 | 231 | 100.0 |

Uit tabel 7.3 blyk dit dat net minder as die helfte van die werkers wat nie ten volle geëmplojeer is nie tot dusver slegs een soort beroep beoefen het.

Verreweg die meeste vroue (87.0%) het tot dusver slegs een soort beroep beoefen terwyl die meeste mans (66.7%) twee of meer beroepe beoefen het.

7.3 WERKGEWERVERWISSELING

7.3.1 Werkgewerverwisseling by die vaste werkers

Om beter insae in die mobiliteit van die werker te verkry, is ook vasgestel by hoeveel verskillende werkgewers die vaste werkers in hul huidige beroep in die vyf jaar wat die ondersoek voorafgegaan het, in diens was. Die inligting met betrekking tot ander werkers, soos byvoorbeeld die stukwerkers, wat dikwels van werkgewer verwissel, is nie ingewin nie. In tabel 7.4 word 'n uiteensetting gegee van die responsies wat verkry is. Die 2,097 (49.4%) vaste werkers wat òf vir hulself gewerk òf nog nie 5 jaar lank gewerk het nie, word buite rekening gelaat.

Volgens tabel 7.4 het 82.7 persent van die vaste werkers verklaar dat hul werkgewer ten tye van die ondersoek hul enigste werkgewer in hul huidige beroep in die betrokke tydperk was. Diegene wat vir twee werkgewers in hierdie beroep gewerk het, beloop 12.2 persent van die totaal en slegs 'n geringe persentasie (5.2%) was by drie of meer werkgewers in diens. Dit kom dus voor asof daar nie 'n groot mate van werkgewerverwisseling in die betrokke tydperk was nie.

TABEL 7.4

GETAL WERKGEWERS BY WIE DIE VASTE WERKERS IN DIE VOORAFGAANDE VYF JAAR IN HUL HUIDIGE BEROEP WERKSAAM WAS

| Getal werkgewers | Getal werknemers | Persentasie |
|---|---|---|
| Huidige werkgewer is die enigste | 1,778 | 82.7 |
| 2 | 262 | 12.2 |
| 3 | 62 | 2.9 |
| 4 | 25 | 1.2 |
| 5 - 7 | 18 | 0.8 |
| 8 en meer | 6 | 0.3 |
| TOTAAL | 2,151 | 100.0 |

7.3.2 Tydperk werksaam by huidige werkgewer

In tabel 7.5 word die tydperk wat die vaste werkers by hul huidige werkgewers werksaam is, of selfgeëmplojeer is, volgens die geslag van die werkers ontleed.

TABEL 7.5

TYDPERK WERKSAAM BY HUIDIGE WERKGEWER OF SELFGEËMPLOJEER VOLGENS GESLAG

| Tydperk | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Minder as 3 maande | 182 | 4.7 | 27 | 7.0 | 209 | 4.9 |
| 3 maande tot minder as 6 maande | 209 | 5.4 | 28 | 7.3 | 237 | 5.6 |
| 6 - 11 maande | 269 | 7.0 | 48 | 12.4 | 317 | 7.5 |
| 1 - 2 jaar | 583 | 15.1 | 101 | 26.2 | 684 | 16.1 |
| 3 - 4 jaar | 517 | 13.4 | 51 | 13.2 | 568 | 13.4 |
| 5 - 9 jaar | 900 | 23.3 | 82 | 21.2 | 982 | 23.1 |
| 10 - 14 jaar | 481 | 12.5 | 31 | 8.0 | 512 | 12.1 |
| 15 - 19 jaar | 265 | 6.9 | 12 | 3.1 | 277 | 6.5 |
| 20 - 29 jaar | 291 | 7.5 | 5 | 1.3 | 296 | 7.0 |
| 30 jaar en langer | 165 | 4.3 | 1 | 0.3 | 166 | 3.9 |
| TOTAAL | 3,862 | 100.0 | 386 | 100.0 | 4,248 | 100.0 |

Dit blyk dat die grootste enkele persentasie van die vaste werkers (23.1%) vir 'n ononderbroke tydperk van vyf tot nege jaar selfgeëmplojeer was of werksaam was by die werkgewer by wie hulle tydens die ondersoek in diens was. Sestien punt een persent is van een tot twee jaar en 13.4 persent van drie tot vier jaar by hulle huidige werkgewers in diens. Namate die tydperk van onafgebroke diens langer word, word die persentasies oor die algemeen kleiner, totdat slegs 3.9 persent reeds 30 jaar en langer vir hul huidige werkgewer werk.

Meer mans as vroue was vir betreklik lang tydperke by hul huidige werkgewer in diens.

7.3.3 Tydperk werksaam in huidige soort werk

Afgesien van die tydperk wat die vaste werkers by hul huidige werkgewers in diens is, is ook vasgestel hoe lank hulle werksaam was in die soort werk wat hulle tydens die opname gedoen het.

TABEL 7.6

TYDPERK WERKSAAM IN HUIDIGE SOORT WERK VOLGENS GESLAG

| Tydperk | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Minder as 3 maande | 135 | 3.5 | 21 | 5.4 | 156 | 3.7 |
| 3 maande tot minder as 6 maande | 162 | 4.2 | 20 | 5.2 | 182 | 4.3 |
| 6 - 11 maande | 218 | 5.6 | 44 | 11.4 | 262 | 6.2 |
| 1 - 2 jaar | 531 | 13.7 | 88 | 22.8 | 619 | 14.6 |
| 3 - 4 jaar | 517 | 13.4 | 58 | 15.0 | 575 | 13.5 |
| 5 - 9 jaar | 926 | 24.0 | 95 | 24.6 | 1,021 | 24.0 |
| 10 - 14 jaar | 535 | 13.9 | 38 | 9.8 | 573 | 13.5 |
| 15 - 19 jaar | 307 | 7.9 | 14 | 3.6 | 321 | 7.6 |
| 20 - 29 jaar | 335 | 8.7 | 7 | 1.8 | 342 | 8.1 |
| 30 jaar en langer | 196 | 5.1 | 1 | 0.3 | 197 | 4.6 |
| TOTAAL | 3,862 | 100.0 | 386 | 100.0 | 4,248 | 100.0 |

Die gegewens in tabel 7.6 kom in baie opsigte ooreen met dié in tabel 7.5. Die grootste enkele persentasie van albei geslagte (24.0%) beoefen hul huidige beroep reeds vyf tot nege jaar lank. Meer mans (21.7%) as vroue (5.7%) doen hul huidige soort werk vir 15 jaar en langer, terwyl meer vroue (22.0%) as mans (13.3%) vir minder as een jaar in hul huidige beroep staan.

7.3.4 Redes vir werkgewerverwisseling

Slegs die vaste werkers wat voorheen 'n ander werkgewer gehad het, is versoek om die belangrikste rede te verstrek waarom hulle by die laaste geleentheid van werkgewer verwissel het. Hierdie redes word in tabel 7.7 met die geslag van die werker in verband gebring. Aangesien dié vraag verleentheid by sommige werkers kon veroorsaak, kan daar oor die betroubaarheid van die antwoorde geen uitsluitsel gegee word nie.

TABEL 7.7

REDE VIR VERWISSELING VAN WERKGEWER VOLGENS GESLAG

| Rede | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Vrywillige bedanking | | | | | | |
| Hoër verdienste elders | 919 | 43.7 | 17 | 18.5 | 936 | 42.6 |
| Werkure te lank of ongereeld | 94 | 4.5 | 3 | 3.3 | 97 | 4.4 |
| Om te rus of vakansie te hou | 10 | 0.5 | 3 | 3.3 | 13 | 0.6 |
| Werk te veeleisend en werkstoestande onaangenaam | 94 | 4.5 | 3 | 3.3 | 97 | 4.4 |
| Om nader aan eie mense te woon of a.g.v. 'n huwelik | 79 | 3.8 | 11 | 12.0 | 90 | 4.1 |
| Geen vooruitsigte vir bevordering nie | 136 | 6.5 | 4 | 4.3 | 140 | 6.4 |
| Groot afstand tussen woon- en werkplek of onbevredigende vervoerdiens | 48 | 2.3 | 3 | 3.3 | 51 | 2.3 |
| Geen vriende by die werk of kon nie met mede-werknemers klaarkom nie | 17 | 0.8 | - | - | 17 | 0.8 |
| Verdere studie | 4 | 0.2 | - | - | 4 | 0.2 |
| Subtotaal | 1,401 | 66.6 | 44 | 47.8 | 1,445 | 65.8 |

TABEL 7.7 (VERVOLG)

| Rede | Mans G | Mans % | Vroue G | Vroue % | Totaal G | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ontslaan | | | | | | |
| Moeilikheid met werkgewer of onbevredigende diens gelewer | 63 | 3.0 | 3 | 3.3 | 66 | 3.0 |
| Vermindering van personeel | 347 | 16.5 | 25 | 27.2 | 372 | 16.9 |
| Die besigheid het gesluit | 161 | 7.6 | 9 | 9.8 | 170 | 7.7 |
| Nie ten volle in die beroep opgelei nie | 2 | 0.1 | 1 | 1.1 | 3 | 0.1 |
| Staking | 21 | 1.0 | - | - | 21 | 1.0 |
| Projek afgehandel | 27 | 1.3 | - | - | 27 | 1.2 |
| Sonder werkgewer se toestemming afwesig | 6 | 0.3 | 1 | 1.1 | 7 | 0.3 |
| Vervang deur Kleurlinge | 2 | 0.1 | - | - | 2 | 0.1 |
| Rede vir ontslag onbekend | 8 | 0.4 | - | - | 8 | 0.4 |
| Subtotaal | 637 | 30.3 | 39 | 42.4 | 676 | 30.7 |
| Ander redes | | | | | | |
| Swak gesondheid of 'n ongeluk | 21 | 1.0 | 5 | 5.4 | 26 | 1.2 |
| Die persoon kon nie langer vir homself werk nie en het vir iemand anders gaan werk | 10 | 0.5 | - | - | 10 | 0.5 |
| Hoë ouderdom | 2 | 0.1 | - | - | 2 | 0.1 |
| Onbekend | 34 | 1.6 | 4 | 4.3 | 38 | 1.7 |
| Subtotaal | 67 | 3.2 | 9 | 9.8 | 76 | 3.5 |
| TOTAAL | 2,105 | 100.0 | 92 | 100.0 | 2,197 | 100.0 |

Dit blyk uit tabel 7.7 dat 65.8 persent uit eie wil bedank het, 30.7 persent is afgedank, 1.2 persent is weens swak gesondheid of beserings ontslaan of het as gevolg daarvan hul werk laat vaar, terwyl 1.7 persent geen rede wou aanvoer nie.

Die grootste enkele groep, naamlik 42.6 persent (43.7% mans en 18.5% vroue), het te kenne gegee dat hulle 'n hoër salaris of loon elders kon verdien. Hierteenoor het 16.9 persent (16.5% mans en 27.2% vroue) „vermindering van personeel" as rede vir hul werkgewerverwisseling aangevoer wat moontlik as 'n gerieflike antwoord op 'n lastige vraag beskou kan word.

# HOOFSTUK 8

# DIE OMVANG VAN WERKLOOSHEID

## 8.1 INLEIDING

Een van die oogmerke van die ondersoek was om die omvang van werkloosheid onder die Indiërbevolking van Natal te bepaal. Die ramings verskyn dan ook in hierdie hoofstuk.

## 8.2 PROBLEME MET DIE IDENTIFISERING VAN WERKLOSES

'n Werklose word in hoofstuk 1 omskrywe as iemand wat nie werk nie, kan werk en in 'n mindere of meerdere mate aktief na werk soek. Hieruit is dit reeds duidelik dat werkskuwes en ander persone wat nie werk nie en nie op die uitkyk vir werk is nie, nie as werkloses ingedeel is nie.

Ten spyte van bogenoemde definisie, was dit in sommige gevalle moeilik om te besluit of 'n persoon as werkloos geklassifiseer moes word al dan nie. Enkele probleme wat ondervind is, word kortliks aangestip.

Ten eerste lewer die na-skoolse vroue wat nie beroepsarbeid verrig nie en tuis aangetref word, probleme. Volgens Westerse standaarde behoort hierdie vroue te werk, daar word verwag dat hulle werk sal soek en dit wil dus op die oog af voorkom asof hulle werkloos is. Tog is hulle, volgens die definisie van 'n werklose meesal nie werkloos nie omdat dit dikwels nog tradisie is dat die Indiërvrou tussen puberteit en die huwelik tuis moet bly en nie moet werk nie[1]. Hierdie vroue is normaalweg nie as werkloses ingedeel nie omdat die meeste van hulle nie werk gesoek het nie.

Heelwat moeiliker is dié gevalle wat te kenne gee dat hulle wil werk, en moontlik ook op die uitkyk is vir werk, maar beslis nie bereid is om sekere soorte werk te aanvaar nie of nie bereid is om in sekere situasies te werk nie ten spyte van die feit dat Blanke en Kleurlingvroue in dié beroepe aangetref word en in dergelike omstandighede werk. In hierdie gevalle is daar blykbaar tot 'n kompromie met die streng tradisies gekom en verklaar die vrou dat sy graag by familie wil gaan werk of in ander omstandighede wat nie „aanstoot" sal gee nie. Aangesien daar in die meeste van hierdie gevalle vereistes gestel word wat die verkryging van werk feitlik uitskakel, is hierdie vroue normaalweg ook nie as werkloos beskou nie.

Waar 'n Indiërvrou wel te kenne gegee het dat sy wil of moet gaan werk en haar eise is realisties - met ander woorde waar dit wil voorkom asof sy sal werk as sy werk kan vind of as werkgeleenthede beskikbaar word - is sy as werkloos geklassifiseer.

In die klassifikasie van die mans is daar ook probleme ondervind. Indiërmans verklaar dikwels dat hulle werkloos is en na werk soek maar by nadere ondersoek blyk dit dat hulle deeltyds werk of peuselwerkies vir geldelike gewin verrig. Hierdie gevalle is byna deurgaans as werkers wat nie ten volle geëmplojeer is nie ingedeel. Tog is sommige dergelike gevalle as werkloses ingedeel. Hier word gedink aan gevalle wat werk soek en peuselwerkies van geringe omvang (maar tog vir geldelike gewin) verrig wat in skerpe kontras staan met die persoon se ondervinding, onderwyskwalifikasies en potensiële verdienvermoë. Daar is geargumenteer dat daar nie verwag kan word dat dergelike persone met gevoude hande tuis moet sit om as 'n werklose te kwalifiseer nie.

Ander persone wat volgens eie oordeel werkloos is, is selfs as voltydse werkers ingedeel, byvoorbeeld persone wat hul werk verloor het, weer werk soek maar intussen voltyds op hul familie se plase of hoewes boer.

Uit voorgaande is dit duidelik dat, nieteenstaande genoemde definisie van 'n werklose, die grenslyn tussen 'n werklose en die ander kategorieë van persone wat op die arbeidsmark meeding, soms baie vaag was.

---

[1] Die invloed van onder andere hierdie tradisie word duidelik bespeur in die statistiek wat toon dat die deelname van Indiërvroue in die Indiërarbeidsmag gering is. In 1960 was die verhouding tussen werkende Indiërmans en -vroue in die buurt van 9:1 teenoor 3:1 en 2:1 by die Blankes en Kleurlinge onderskeidelik (10, bl. H - 17 en 18).

Daar kan weer vermeld word dat seisoenwerkers in die „afseisoen" nie as werkloses beskou is nie. So ook stukwerkers wat, nadat een taak afgehandel is, weer op soek was na 'n volgende „kontrak". Hierdie „aflêtydperke" is natuurlik normaal in die arbeidspatroon van seisoen- en stukwerkers. Voormalige seisoen- en stukwerkers wat lank reeds werkloos is en tydens die opname op soek was na 'n vaste en voltydse betrekking, is egter wel as werkloos geklassifiseer.

Soos blyk uit afdeling 1.4 is afgetredenes normaalweg ook nie as werkloses beskou nie en is pensioentrekkers, of hulle werk soek al dan nie, nooit in berekening gebring nie.

8.3 DIE GERAAMDE GETAL WERKLOSES

In die wooneenhede van die 5,108 ondervraagdes is 6,508 mans (tussen 15 en 64 jaar) en 6,668 vroue (tussen 15 en 59 jaar) aangetref. Hiervan was 611 mans (9.4% van die totale getal mans) en 95 vroue (1.4%) werkloos. In die Durban-Pinetowngebied alleen kom die persentasie van persone werkloos op 10.9 persent by die mans en 1.4 persent by die vroue te staan.

Met bogenoemde syfers beskikbaar, sou dit 'n eenvoudige taak gewees het om die totale getal werkloses in die onderskeie gebiede en die betrokke ouderdomsgroepe te bereken mits die bevolkingsyfers ten opsigte van 1964 (die jaar waarin die veldondersoek plaasgevind het) bekend was. Dit was egter nie die geval nie aangesien die jongste volkstelling in 1960 plaasgevind het en die middeljaarramings van die bevolking van die Buro vir Statistiek vir die Republiek as geheel geld.

Die 1960-sensus toon dat daar in dié jaar 241,637 Indiërmans (alle ouderdomsgroepe) in die Republiek woonagtig was. Volgens die middeljaarramings het dié getal tot 262,000 in 1964 aangegroei. In hierdie tydperk het die vroulike bevolking vanaf 235,488 tot 258,000 vermeerder. Die persentasietoenames kom op 8.4 by die mans en 9.6 persent by die vroue te staan.

Met die oog op 'n raming is daar nou van die veronderstelling uitgegaan dat die mans en vroue in die betrokke ouderdomsgroepe in Natal as geheel, sowel as in die Durban-Pinetowngebied afsonderlik, ook met onderskeidelik 8.4 en 9.6 persent in die tydperk vanaf 1960 tot 1964 toegeneem het. In 1960 was daar 106,644 Asiatemans tussen 15 en 64 jaar en 102,428 Asiatevroue tussen 15 en 59 jaar in Natal as geheel woonagtig. 'n Toename van onderskeidelik 8.4 en 9.6 persent in die tydperk vanaf 1960 tot 1964 beteken dat daar in Julie 1964 onderskeidelik 115,602 mans en 112,261 vroue in bogenoemde ouderdomsgroepe in Natal as geheel woonagtig was (vir die Durban-Pinetowngebied sou dit onderskeidelik 70,623 en 66,945 wees).
Na die berekening van hierdie syfers was dit moontlik om die persentasie werkloses wat in die wooneenhede aangetref is as basis te neem vir die berekening van die getal werkloses in die universum.

Die volgende is dan die geraamde getal werkloses in Natal as geheel en in die Durban-Pinetowngebied afsonderlik:

Natal (Insluitende die Durban-Pinetowngebied)

| | | |
|---|---|---|
| Werklose mans | : | 10,867 (9.4% van 115,602) |
| Werklose vroue | : | 1,572 (1.4% van 112,261) |

Durban-Pinetowngebied

| | | |
|---|---|---|
| Werklose mans | : | 7,698 (10.9% van 70,623) |
| Werklose vroue | : | 937 (1.4% van 66,884) |

8.4 ANDER WERKLOOSHEIDSYFERS

Bogenoemde raming van die omvang van werkloosheid is nie vergelykbaar met die amptelike werkloosheidstatistiek wat deur die Departement van Arbeid gepubliseer word nie. Die hoofrede hiervoor is dat die omskrywing van 'n werklose wat in hierdie ondersoek gebruik word, verskil van dié op grond waarvan persone as werkloses deur die Departement van Arbeid aangedui word.

Die huidige statistiek is ook nie vergelykbaar met dié van die Buro vir Statistiek wat tydens die jongste bevolkingsensusopname ingewin is nie. Die kriteria wat vir hierdie ondersoek gebruik is, is „strenger" as dié wat deur bogenoemde Buro gebruik is.

'n Ondersoek wat deur die Universiteit van Natal in 1962 onderneem is, met nagenoeg dieselfde omskrywing van 'n werklose as dié wat in die huidige ondersoek gebruik is, toon dat daar destyds nagenoeg 15, 000 werklose Indiërs in die munisipale gebied van Durban woonagtig was (8, bl. iv). Hierdie raming is veel hoër as die huidige wat die getal werkloses in die Durban-Pinetowngebied op tussen 8, 000 en 9, 000 stel. Veranderinge in die ekonomiese posisie bied waarskynlik nie voldoende verklaring vir hierdie groot verskil nie.

Op grond van gegewens wat deur hierdie Buro tydens 'n sosio-ekonomiese opname van Indiërs in Natal ingewin is, is die getal werklose Indiërs in Natal bo die ouderdom van 15 jaar op ietwat meer as 11, 000 (8, 995 mans en 2, 306 vroue) geraam (4, bl. 66). Hierdie ondersoek is in 1963 onderneem en die omskrywing van 'n werklose kom grootliks ooreen met dié van die huidige ondersoek.

## HOOFSTUK 9

## DIE WERKLOSES

### 9.1 INLEIDING

Alvorens die gegewens wat in verband staan met die werkloosheid en arbeidspatroon van die werkloses ontleed word, word enkele agtergrondgegewens met betrekking tot hierdie groep in afdeling 9.2 bespreek.

### 9.2 ALGEMENE KENMERKE

Die werkloses is as groep heelwat jonger as die vaste werkers. Hulle mediaanouderdom kom op 23.7 jaar teenoor die 29.4 jaar van die vaste werkers te staan. Veral opvallend is die feit dat 57.4 persent van die werkloses tussen die ouderdomme van 15 en 24 jaar is teenoor 33.6 persent van die vaste werkers.

In tabel 3.5 is reeds aangedui hoe die onderwyskwalifikasies van die werkloses daar uitsien. Aangesien 51.5 persent van die vaste werkers teenoor 44.0 persent van die werkloses minstens standerd ses geslaag het, wil dit voorkom asof laasgenoemde groep ietwat swakker daaraan toe is as eersgenoemdes. Die werkloses as groep beskik egter oor veel beter kwalifikasies as die werkers wat nie ten volle geëmplojeer is nie.

Aangesien 'n groter persentasie werkloses (63.8%) as vaste werkers (54.6%) in die stad voorgekom het, kan afgelei word dat die probleem van werkloosheid ietwat ernstiger in stedelike gebiede as op die platteland is.

Elf punt drie persent van die werkloses is vroue en die res (88.7%) mans.

### 9.3 DIE LAASTE BEROEP WAT DIE WERKLOSE BEOEFEN HET

Die mees resente beroepe wat deur die werkloses beoefen is, verskyn in tabel 9.1.

TABEL 9.1

LAASTE BEROEP WAT DIE WERKLOSE BEOEFEN HET VOORDAT WERKLOOSHEID INGETREE HET VOLGENS GESLAG

| Soort beroep | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Professionele of tegniese werker | | | | | | |
| Onderwyser en instrukteur | 3 | 0.5 | 2 | 2.8 | 5 | 0.8 |
| Ander, bv. prokureur, dokter, verpleegster | 1 | 0.2 | 2 | 2.8 | 3 | 0.5 |
| Administratiewe, uitvoerende of bestuurswerker, bv. direkteur, besigheidsbestuurder, hotel- en fabriekseienaar, boukontrakteur | 3 | 0.5 | - | - | 3 | 0.5 |
| Klerklike werker, bv. klerk, kassier | 23 | 4.1 | 3 | 4.2 | 26 | 4.1 |
| Verkoopswerker | | | | | | |
| Werkende eienaar in die groot- en kleinhandel | 6 | 1.1 | - | - | 6 | 1.0 |
| Ander persone in die groot- en kleinhandel, bv. winkelassistent, slagter | 49 | 8.8 | 1 | 1.4 | 50 | 7.9 |
| Ander, bv. smouse en agente | 13 | 2.3 | 1 | 1.4 | 14 | 2.2 |
| Landbouer en visser | | | | | | |
| Boer en visser (selfgeëmplojeer) | 2 | 0.4 | - | - | 2 | 0.3 |
| Plaasarbeider | 9 | 1.6 | - | - | 9 | 1.4 |

TABEL 9.1 (VERVOLG)

| Soort beroep | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Myn-, steengroef- en verwante werker | - | - | - | - | - | - |
| Werker in vervoer-, aflewerings- en kommunikasiedienste | | | | | | |
| Bestuurder van motorvoertuie | 27 | 4.8 | - | - | 27 | 4.3 |
| Ander, bv. briewebesteller, bode, spoorwerker | 24 | 4.3 | 1 | 1.4 | 25 | 4.0 |
| Ambagsman, produksiewerker en arbeider | | | | | | |
| (a) Vakman | | | | | | |
| Vakman in die boubedryf | 6 | 1.1 | - | - | 6 | 1.1 |
| Vakman in die meubelbedryf | 5 | 0.9 | - | - | 5 | 0.8 |
| Ander vakmanne, bv. haarkapper, drukker | 5 | 0.9 | - | - | 5 | 0.8 |
| (b) Halfgeskoolde werker | | | | | | |
| Werker in die tekstielbedryf | 59 | 10.6 | 15 | 21.1 | 74 | 11.8 |
| Werker in die leer-, vel- en wolbedryf | 18 | 3.2 | - | - | 18 | 2.9 |
| Werker in die metaalbedryf en herstel van masjinerie | 8 | 1.4 | 1 | 1.4 | 9 | 1.4 |
| Werker in die voedsel-, tabak- en drankbedryf | 9 | 1.6 | - | - | 9 | 1.4 |
| Konstruksiewerker | 17 | 3.0 | - | - | 17 | 2.7 |
| Ander halfgeskooldes | 31 | 5.6 | - | - | 31 | 4.9 |
| (c) Arbeider | | | | | | |
| Arbeider in die voedselbedryf | 13 | 2.3 | 1 | 1.4 | 14 | 2.2 |
| Ander arbeiders in fabrieke | 53 | 9.5 | 10 | 14.1 | 63 | 10.0 |
| Arbeider by konstruksiewerke | 13 | 2.3 | - | - | 13 | 2.1 |
| Arbeider in die handel | 8 | 1.4 | - | - | 8 | 1.3 |
| Ander arbeiders | 7 | 1.3 | - | - | 7 | 1.1 |
| Persoonlike diens-, sport- en ontspanningswerker | | | | | | |
| Huisbediende en tuinwerker by private persone | 3 | 0.5 | 10 | 14.1 | 13 | 2.1 |
| Werker in hotelle, losieshuise, restaurants, bv. kok, kelner | 23 | 4.1 | 1 | 1.4 | 24 | 3.8 |
| Opsigter en skoonmaker van geboue | 2 | 0.4 | - | - | 2 | 0.3 |
| Veiligheidswerker, bv. polisie, nagwag | - | - | - | - | - | - |
| Ander, bv. wassery- en droogskoonmaakwerker, kroegman | 15 | 2.7 | 2 | 2.8 | 17 | 2.7 |
| Het nooit voorheen gewerk nie | 103 | 18.5 | 21 | 29.6 | 124 | 19.7 |
| TOTAAL | 558 | 100.0 | 71 | 100.0 | 629 | 100.0 |

'n Aansienlike persentasie van die werkloses (19.7%) het nog nooit gewerk nie en aansienlike persentasies was verkoopswerkers (11.1%), halfgeskoolde werkers (25.1%), arbeiders (16.7%) en persoonlike diens-, sport- en ontspanningswerkers (8.9%). Die meeste manlike en vroulike werkloses was ook in bogenoemde hoofberoepsgroepe geëmplojeer.

Indien die beroepstruktuur van die vaste werkers (tabelle 5.1 en 5.2) met die „beroepstruktuur" van die werkloses vergelyk word, kom, met die uitsondering van enkele beroepskategorieë, weinig verskille voor. Aangesien daar 'n veel hoër persentasie vaste werkers in die groepe professionele en tegniese werkers, administratiewe, uitvoerende en bestuurswerkers en klerklike werkers aangetref is as in die geledere van die werkloses, wil dit voorkom asof die risiko van persone in hierdie beroepsgroepe om werkloos te word, kleiner is as in die geval van persone in die ander groepe.

## 9.4 TYDPERK WERKLOOS

By die omskrywing van werkloosheid is daar nie gemeld vir watter tydperk 'n persoon werkloos moet wees alvorens hy as sodanig beskou kan word nie. Die feit dat hy sonder werk is, kan werk en aktief na werk soek, was voldoende om hom as werkloos te klassifiseer. Gevolglik wissel die tydperke van werkloosheid van 'n paar dae tot drie jaar en langer[1].

TABEL 9.2

TYDPERK VAN WERKLOOSHEID VOLGENS GESLAG

| Tydperk werkloos | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Minder as 2 weke | 18 | 3.2 | 4 | 5.6 | 22 | 3.5 |
| 2 weke en meer maar minder as 1 maand | 40 | 7.2 | 4 | 5.6 | 44 | 7.0 |
| 1 maand en meer maar minder as 2 maande | 34 | 6.1 | 5 | 7.0 | 39 | 6.2 |
| 2 - 3 maande | 69 | 12.4 | 6 | 8.5 | 75 | 11.9 |
| 4 - 5 maande | 58 | 10.4 | 8 | 11.3 | 66 | 10.5 |
| 6 - 7 maande | 106 | 19.0 | 18 | 25.4 | 124 | 19.7 |
| 8 - 9 maande | 22 | 3.9 | 3 | 4.2 | 25 | 4.0 |
| 10 - 11 maande | 8 | 1.4 | 1 | 1.4 | 9 | 1.4 |
| 12 - 17 maande | 56 | 10.0 | 4 | 5.6 | 60 | 9.5 |
| 18 - 23 maande | 14 | 2.5 | 3 | 4.2 | 17 | 2.7 |
| 24 maande maar minder as 36 maande | 52 | 9.3 | 7 | 9.9 | 59 | 9.4 |
| 3 jaar en langer | 81 | 14.5 | 8 | 11.3 | 89 | 14.1 |
| TOTAAL | 558 | 100.0 | 71 | 100.0 | 629 | 100.0 |

Volgens tabel 9.2 was 39.1 persent (38.0% vroue en 39.3% mans) van die totale getal werkloses minder as ses maande, 37.3 persent (40.8% vroue en 36.8% mans) van ses maande tot 23 maande en 23.5 persent (21.2% vroue en 23.8% mans) vir twee jaar en langer werkloos.

Die feit dat meer as 60 persent van die werkloses langer as ses maande werkloos is, is onrusbarend aangesien dit welbekend is dat lang tydperke van werkloosheid die moreel van die werker ondermyn. Die feit dat meer as 20 persent van die werkloses reeds vir minstens twee jaar werkloos is, skep die vermoede dat daar heelwat chroniese werkloses - en moontlik ook werkskuwes - in hul geledere voorkom.

Vervolgens word die tydperk van werkloosheid ook volgens die ouderdom van die werkloses ontleed. Tabel 9.3 toon dat hoe ouer die werklose is, hoe langer neig die tydperk van werkloosheid. Terwyl slegs 16.4 persent van die werkloses in die jongste groep reeds vir minstens twee jaar werkloos is, is meer as die helfte van die werkloses van 55 jaar en ouer twee jaar of langer werkloos.

Dit beteken nie dat die probleem van chroniese werkloosheid slegs tot die ouer werkloses beperk is nie. Van die 148 persone wat byvoorbeeld reeds vir minstens twee jaar werkloos is, is 59 (39.9%) in die ouderdomsgroep 15 tot 24 jaar. M. Russel het min of meer dieselfde bevind: „Even at the age of 18 there are a considerable number of Indian youths who have been unemployed for at least 2 years. As many as 40% of all the chronically unemployed are under the age of 25" (8, bl. 17).

Ten slotte word die tydperk van werkloosheid in tabel 9.4 met die onderwyspeil van die werklose in verband gebring. Hoewel daar nie sprake van 'n duidelike verband tussen onderwyspeil en die werkloosheidtydperk is nie, wil dit tog voorkom asof diegene wat geen skoolopleiding ontvang het of nie ver op skool kon vorder nie, oor die algemeen vir langer tydperke werkloos was as diegene met betreklik hoë onderwyskwalifikasies. Daar moet egter rekening gehou word

[1] 'n Persoon wat tussen twee tydperke van werkloosheid slegs vir 'n week of minder gewerk het, se werkloosheidstydperk is nie as onderbroke beskou nie.

TABEL 9.3

TYDPERK VAN WERKLOOSHEID VOLGENS OUDERDOM

| Tydperk werkloos | Ouderdom | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15-24j. | | 25-34j. | | 35-44j. | | 45-54j. | | 55-64j. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Minder as 2 weke | 14 | 3.9 | 6 | 4.3 | 1 | 1.6 | - | - | 1 | 4.2 | 22 | 3.5 |
| 2 weke en meer maar minder as 1 maand | 33 | 9.1 | 6 | 4.3 | 4 | 6.3 | - | - | 1 | 4.2 | 44 | 7.0 |
| 1 maand en meer maar minder as 2 maande | 22 | 6.1 | 9 | 6.4 | 4 | 6.3 | 3 | 7.5 | 1 | 4.2 | 39 | 6.2 |
| 2 - 3 maande | 42 | 11.6 | 22 | 15.7 | 7 | 10.9 | 4 | 10.0 | - | - | 75 | 11.9 |
| 4 - 5 maande | 37 | 10.2 | 20 | 14.3 | 3 | 4.7 | 6 | 15.0 | - | - | 66 | 10.5 |
| 6 - 7 maande | 90 | 24.9 | 18 | 12.9 | 8 | 12.5 | 6 | 15.0 | 2 | 8.3 | 124 | 19.7 |
| 8 - 9 maande | 15 | 4.2 | 4 | 2.9 | 3 | 4.7 | 1 | 2.5 | 2 | 8.3 | 25 | 4.0 |
| 10 - 11 maande | 6 | 1.7 | 1 | 0.7 | 1 | 1.6 | 1 | 2.5 | - | - | 9 | 1.4 |
| 12 - 17 maande | 34 | 9.4 | 11 | 7.9 | 8 | 12.5 | 4 | 10.0 | 3 | 12.5 | 60 | 9.5 |
| 18 - 23 maande | 9 | 2.5 | 4 | 2.9 | 3 | 4.7 | - | - | 1 | 4.2 | 17 | 2.7 |
| 24 maande maar minder as 36 maande | 27 | 7.5 | 19 | 13.6 | 6 | 9.4 | 4 | 10.0 | 3 | 12.5 | 59 | 9.4 |
| 3 jaar en langer | 32 | 8.9 | 20 | 14.3 | 16 | 25.0 | 11 | 27.5 | 10 | 41.7 | 89 | 14.1 |
| TOTAAL | 361 | 100.0 | 140 | 100.0 | 64 | 100.0 | 40 | 100.0 | 24 | 100.0 | 629 | 100.0 |

TABEL 9.4

TYDPERK VAN WERKLOOSHEID VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Tydperk werkloos | Onderwyspeil: Nooit op skool of geen standerd geslaag nie | | St. 1 of laer | | St. 2 of 3 | | St. 4 of 5 | | St. 6 | | St. 7 | | St. 8 | | St. 9 | | St. 10 | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Minder as 2 weke | 2 | 4.3 | 1 | 4.5 | 1 | 1.5 | 9 | 4.2 | 4 | 2.3 | 2 | 6.1 | - | - | - | - | 3 | 15.8 | 22 | 3.5 |
| 2 weke en meer maar minder as 1 maand | 6 | 12.8 | - | - | 3 | 4.5 | 13 | 6.0 | 15 | 8.8 | 3 | 9.1 | 2 | 5.1 | 1 | 6.7 | 1 | 5.3 | 44 | 7.0 |
| 1 maand en meer maar minder as 2 maande | 1 | 2.1 | - | - | 6 | 9.0 | 15 | 6.9 | 9 | 5.3 | 2 | 6.1 | 1 | 2.6 | 2 | 13.3 | 3 | 15.8 | 39 | 6.2 |
| 2 - 3 maande | 3 | 6.4 | 1 | 4.5 | 7 | 10.4 | 27 | 12.5 | 24 | 14.0 | 5 | 15.2 | 6 | 15.4 | - | - | 2 | 10.5 | 75 | 11.9 |
| 4 - 5 maande | 3 | 6.4 | 3 | 13.6 | 2 | 3.0 | 25 | 11.6 | 18 | 10.5 | 4 | 12.1 | 8 | 20.5 | 3 | 20.0 | - | - | 66 | 10.5 |
| 6 - 7 maande | 4 | 8.5 | 5 | 22.7 | 14 | 20.9 | 33 | 15.3 | 35 | 20.5 | 8 | 24.2 | 15 | 38.5 | 5 | 33.3 | 5 | 26.3 | 124 | 19.7 |
| 8 - 9 maande | 4 | 8.5 | 1 | 4.5 | 2 | 3.0 | 8 | 3.7 | 6 | 3.5 | 1 | 3.0 | 2 | 5.1 | 1 | 6.7 | - | - | 25 | 4.0 |
| 10 - 11 maande | - | - | - | - | 1 | 1.5 | 5 | 2.3 | 2 | 1.2 | 1 | 3.0 | - | - | - | - | - | - | 9 | 1.4 |
| 12 - 17 maande | 5 | 10.6 | 4 | 18.2 | 4 | 6.0 | 26 | 12.0 | 12 | 7.0 | 4 | 12.1 | 1 | 2.6 | 2 | 13.3 | 2 | 10.5 | 60 | 9.5 |
| 18 - 23 maande | 1 | 2.1 | - | - | - | - | 7 | 3.2 | 9 | 5.3 | - | - | - | - | - | - | - | - | 17 | 2.7 |
| 24 maande maar minder as 36 maande | 7 | 14.9 | 2 | 9.1 | 8 | 11.9 | 19 | 8.8 | 17 | 9.9 | 2 | 6.1 | 3 | 7.7 | - | - | 1 | 5.3 | 59 | 9.4 |
| 3 jaar en langer | 11 | 23.4 | 5 | 22.7 | 19 | 28.4 | 29 | 13.4 | 20 | 11.7 | 1 | 3.0 | 1 | 2.6 | 1 | 6.7 | 2 | 10.5 | 89 | 14.1 |
| TOTAAL | 47 | 100.0 | 22 | 100.0 | 67 | 100.0 | 216 | 100.0 | 171 | 100.0 | 33 | 100.0 | 39 | 100.0 | 15 | 100.0 | 19 | 100.0 | 629 | 100.0 |

met vorige bevindings wat daarop dui dat ouer persone gemiddeld langer as die jongeres (tabel 9. 3) werkloos is en dat ouer persone oor die algemeen oor laer onderwyskwalifikasies as die jonger persone beskik (tabel 3. 2). Ouderdom, en nie onderwyspeil nie, mag dus verantwoordelik wees vir enige tendens wat in tabel 9.4 bespeur mag word.

## 9.5 DIE TYDPERK WAT DIE WERKLOSE IN SY LAASTE BETREKKING GESTAAN HET

Die tydperk wat die werklose sy laaste betrekking beklee het, word in tabel 9. 5 aangedui. Die 124 werkloses wat nog nooit gewerk het nie, word in hierdie en in tabel 9. 6 buite rekening gelaat.

Dit blyk dat 55. 4 persent van die werkloses wat wel voorheen gewerk het, minder as twee jaar in hul laaste betrekking werksaam was, 24. 7 persent van twee tot vyf jaar en 19. 9 persent ses jaar en langer. In die hoofberoepsgroep wat die beste verteenwoordig is, naamlik die ambagsmanne, produksiewerkers en arbeiders, is die persentasies naasteby dieselfde (respektiewelik 57. 0, 23. 6 en 19. 3%).

Uit bogenoemde wil dit voorkom asof die werkloses, afgesien van die feit dat hulle tydens die ondersoek werkloos was, meer onbestendigheid in die beroepslewe aan die dag lê as die vaste werkers. Teenoor 18. 0 persent van die vaste werkers wat hoogstens 11. 9 maande by hul huidige werkgewer in diens was (kyk tabel 7. 5), het 40. 4 persent van die werkloses hulle laaste betrekking vir minder as 'n jaar beklee.

## 9.6 REDE VIR WERKLOOSHEID

Die redes waarom die werkloses tydens die opname sonder werk was, kan hoofsaaklik in twee groepe verdeel word, naamlik vrywillige bedanking en afdanking. In tabel 9. 6 waar die redes volgens woonplek ontleed word, word 'n dienooreenkomstige indeling gemaak. Diegene wat voorheen selfgeëmplojeer was, word afsonderlik aangetoon.

Uit die tabel blyk dit dat 70. 7 persent van die werkloses afgedank is, 27. 7 persent uit vrye wil bedank het en 1. 6 persent nie in hul eie besigheid die mas kon opkom nie. Die grootste enkele persentasie het aangevoer dat hulle ontslaan is weens vermindering van personeel (36. 8%), gevolg deur diegene wat bedank het om 'n beter betalende werk te probeer vind (10. 3%) en daardie groep wat nie met hulle werkgewers oor die weg kon kom nie of onbevredigende diens gelewer het (10. 1%). Slegs een persoon (0. 2%) het sy werkloosheid aan 'n staking toegeskryf.

Volgens die tabel is die stedelinge meer onderhewig aan afdanking as diegene in dorpe en op plase. Teenoor die 77. 0 persent van die stedelinge is onderskeidelik 58. 3 en 58. 1 persent dorps- en plaasbewoners uit hul werk ontslaan.

## 9.7 INKOMSTE DEUR DIE WERKLOSE VERLANG

Die feit dat daar soveel werkloses is - en dat soveel van hierdie persone as chroniese werkloses ingedeel kan word - laat die vraag ontstaan of hierdie persone nie onrealistiese eise ten opsigte van besoldiging stel nie. Werkloses is dus versoek om aan te dui vir watter loon hulle bereid is om te werk.

### 9.7.1 Minimumkontantloon verlang volgens geslag

In tabel 9. 7 word aangetoon teen watter minimumkontantloon per maand werklose mans en vroue bereid is om 'n betrekking te aanvaar.

Volgens die gegewens in tabel 9. 7 sal ietwat meer as 'n kwart van die werkloses 'n minimumloon van minder as R30 per maand aanvaar, ongeveer die helfte tussen R30 en R49 en die res minstens R50 per maand.

TABEL 9.5

BETREKKING BEKLEE NET VOORDAT WERKLOOSHEID INGETREE HET VOLGENS TYDPERK WAT DIE BETREKKING BEKLEE IS

| Tydperk | Betrekking | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Professionele of tegniese werkers | | Administratiewe, uitvoerende of bestuurswerkers | | Klerklike werkers | | Verkoopswerkers | | Landbouers en vissers | | Myn-, steengroef- en verwante werkers | | Werkers in vervoer-, aflewerings- en kommunikasiediens | | Ambagsmanne, produksiewerkers en arbeiders | | Persoonlike diens-, sport- en ontspanningswerkers | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Minder as 3 maande | 1 | 12.5 | - | - | 5 | 19.2 | 2 | 2.9 | - | - | - | - | 2 | 3.8 | 24 | 8.6 | 10 | 17.9 | 44 | 8.7 |
| 3 - 5 maande | 2 | 25.0 | - | - | 7 | 26.9 | 6 | 8.6 | - | - | - | - | 5 | 9.6 | 37 | 13.3 | 6 | 10.7 | 63 | 12.5 |
| 6 - 11 maande | 1 | 12.5 | - | - | 1 | 3.8 | 18 | 25.7 | 1 | 9.1 | - | - | 14 | 26.9 | 55 | 19.7 | 7 | 12.5 | 97 | 19.2 |
| 12 - 23 maande | 1 | 12.5 | 1 | 33.3 | 5 | 19.2 | 10 | 14.3 | 1 | 9.1 | - | - | 9 | 17.3 | 43 | 15.4 | 6 | 10.7 | 76 | 15.0 |
| 24 - 35 maande | - | - | - | - | 3 | 11.5 | 7 | 10.0 | 1 | 9.1 | - | - | 5 | 9.6 | 21 | 7.5 | 7 | 12.5 | 44 | 8.7 |
| 3 - 5 jaar | 2 | 25.0 | 1 | 33.3 | 2 | 7.7 | 13 | 18.6 | 3 | 27.3 | - | - | 8 | 15.4 | 45 | 16.1 | 7 | 12.5 | 81 | 16.0 |
| 6 - 8 jaar | 1 | 12.5 | - | - | 1 | 3.8 | 5 | 7.1 | 1 | 9.1 | - | - | 2 | 3.8 | 22 | 7.9 | 5 | 8.9 | 37 | 7.3 |
| 9 - 11 jaar | - | - | 1 | 33.3 | - | - | 2 | 2.9 | 2 | 18.2 | - | - | 2 | 3.8 | 11 | 3.9 | 1 | 1.8 | 19 | 3.8 |
| 12 - 14 jaar | - | - | - | - | 1 | 3.8 | 3 | 4.3 | - | - | - | - | 2 | 3.8 | 8 | 2.9 | 3 | 5.4 | 17 | 3.4 |
| 15 - 17 jaar | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.4 | - | - | - | - | 1 | 1.9 | 2 | 0.7 | - | - | 4 | 0.8 |
| 18 - 20 jaar | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.4 | - | - | - | - | 1 | 1.9 | 2 | 0.7 | 1 | 1.8 | 5 | 1.0 |
| 21 jaar en langer | - | - | - | - | 1 | 3.8 | 2 | 2.9 | 2 | 18.2 | - | - | 1 | 1.9 | 9 | 3.2 | 3 | 5.4 | 18 | 3.6 |
| TOTAAL | 8 | 100.0 | 3 | 100.0 | 26 | 100.0 | 70 | 100.0 | 11 | 100.0 | - | - | 52 | 100.0 | 279 | 100.0 | 56 | 100.0 | 505 | 100.0 |

TABEL 9. 6

REDE VIR WERKLOOSHEID VOLGENS WOONPLEK

| Rede | Huidige woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| **Vrywillige Bedanking** | | | | | | | | |
| Hoër verdienste elders | 29 | 8.7 | 17 | 13.4 | 6 | 14.0 | 52 | 10.3 |
| Werkure te lank of ongereeld | 11 | 3.3 | 7 | 5.5 | 3 | 7.0 | 21 | 4.2 |
| Om te rus of vakansie te hou | 5 | 1.5 | 4 | 3.1 | 1 | 2.3 | 10 | 2.0 |
| Werk te swaar en werkstoestande onaangenaam | 15 | 4.5 | 8 | 6.3 | 2 | 4.7 | 25 | 5.0 |
| Nader aan eie mense te woon of as gevolg van 'n huwelik | 3 | 0.9 | 6 | 4.7 | 1 | 2.3 | 10 | 2.0 |
| Geen vooruitsigte vir bevordering nie | 4 | 1.2 | 3 | 2.4 | 2 | 4.7 | 9 | 1.8 |
| Groot afstand tussen woon- en werkplek of onbevredigende vervoerdiens | 1 | 0.3 | 5 | 3.9 | 3 | 7.0 | 9 | 1.8 |
| Geen vriende by die werk of kon nie met mede-werkers klaarkom nie | 1 | 0.3 | 3 | 2.4 | - | - | 4 | 0.8 |
| Subtotaal | 69 | 20.6 | 53 | 41.7 | 18 | 41.9 | 140 | 27.7 |
| **Ontslaan** | | | | | | | | |
| Moeilikheid met werkgewer of onbevredigende diens gelewer | 39 | 11.6 | 9 | 7.1 | 3 | 7.0 | 51 | 10.1 |
| Vermindering van personeel | 142 | 42.4 | 31 | 24.4 | 13 | 30.2 | 186 | 36.8 |
| Die besigheid het gesluit | 29 | 8.7 | 11 | 8.7 | 2 | 4.7 | 42 | 8.3 |
| Nie ten volle in die beroep opgelei nie | 1 | 0.3 | 1 | 0.8 | - | - | 2 | 0.4 |
| Staking | 1 | 0.3 | - | - | - | - | 1 | 0.2 |
| Projek afgehandel | 8 | 2.4 | 5 | 3.9 | 2 | 4.7 | 15 | 3.0 |
| Sonder werkgewer se toestemming afwesig | 6 | 1.8 | 2 | 1.6 | 1 | 2.3 | 9 | 1.8 |
| Hoë ouderdom, swak gesondheid of ongeluk | 29 | 8.7 | 11 | 8.7 | 4 | 9.3 | 44 | 8.7 |
| Opvolger was bereid om vir 'n kleiner loon te werk | 1 | 0.3 | 2 | 1.6 | - | - | 3 | 0.6 |
| Onbekend | 2 | 0.6 | 2 | 1.6 | - | - | 4 | 0.8 |
| Subtotaal | 258 | 77.0 | 74 | 58.3 | 25 | 58.1 | 357 | 70.7 |
| Eie besigheid gehad wat tot niet gegaan het | 8 | 2.4 | - | - | - | - | 8 | 1.6 |
| TOTAAL | 335 | 100.0 | 127 | 100.0 | 43 | 100.0 | 505 | 100.0 |

TABEL 9.7

MINIMUMKONTANTLOON WAARVOOR WERKLOSES BEREID IS OM TE WERK VOLGENS GESLAG

| Minimumkontant-loon per maand | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Minder as R10 | 11 | 2.0 | 8 | 11.3 | 19 | 3.0 |
| R 10 - 19 | 32 | 5.7 | 16 | 22.5 | 48 | 7.6 |
| R 20 - 29 | 85 | 15.2 | 25 | 35.2 | 110 | 17.5 |
| R 30 - 39 | 127 | 22.8 | 10 | 14.1 | 137 | 21.8 |
| R 40 - 49 | 135 | 24.2 | 7 | 9.9 | 142 | 22.6 |
| R 50 - 59 | 60 | 10.8 | 3 | 4.2 | 63 | 10.0 |
| R 60 - 69 | 52 | 9.3 | 1 | 1.4 | 53 | 8.4 |
| R 70 - 79 | 13 | 2.3 | - | - | 13 | 2.1 |
| R 80 - 99 | 20 | 3.6 | - | - | 20 | 3.2 |
| R100 en meer | 11 | 2.0 | - | - | 11 | 1.7 |
| Weet nie | 12 | 2.2 | 1 | 1.4 | 13 | 2.1 |
| TOTAAL | 558 | 100.0 | 71 | 100.0 | 629 | 100.0 |
| MEDIAANKONTANT-LOON | R41.3 | | R24.4 | | R39.6 | |

Soos verwag het die mans 'n hoër mediaanloon as die vroue verlang, naamlik R41.3 teenoor R24.4. Hierdie bedrae is minder as die maandelikse mediaaninkomste van die steekproefbevolking in sy geheel (kyk tabel 6.1 waar dit aangetoon word as respektiewelik R43.2 en R27.0). Hiervolgens geoordeel, is die eise van die werkloses nie onrealisties nie.

9.7.2 Minimumkontantloon volgens ouderdom

Volgens tabel 9.8 is die mediaankontantloon waarvoor werkloses in die ouderdomsgroepe tussen 25 en 54 jaar bereid is om te werk, laer as die ooreenstemmende bedrae wat die totale getal proefpersone in die betrokke ouderdomsgroepe verdien (kyk tabel 6.2). Diegene tussen 15 en 24 jaar verlang egter 'n ietwat hoër mediaanloon as dié van die werkers in hierdie ouderdomsgroep. Veral opvallend is die hoë mediaankontantloon van R58.3 per maand waarop die werkloses van 55 tot 64 jaar aanspraak maak. Die werkers in hierdie ouderdomsgroep se mediaankontantloon kom op slegs R42.9 per maand te staan. Dit verbaas dus nie dat so 'n hoë persentasie van laasgenoemde groep werkloses as chroniese werkloses bestempel kan word nie.

9.7.3 Minimumkontantloon volgens laaste vorige beroep

Die minimum maandelikse kontantloon waarvoor die werkloses bereid is om te werk, word in tabel 9.9 met die laaste vorige beroep in verband gebring.

Blykens die tabel verlang die werkloses wat nog nooit gewerk het nie, die laagste mediaankontantloon per maand, naamlik R34.0. Weens die geringe getalle kon die mediaanloon wat verlang word nie vir daardie beroepe waaraan normaalweg 'n hoë besoldiging verbonde is (die professionele en administratiewe werkers), bereken word nie. Nogtans wil dit voorkom of die vaste werkers in die hoofberoepsgroepe professionele en tegniese en die administratiewe, uitvoerende en bestuurswerkers 'n heelwat hoër mediaanloon ontvang (kyk tabel 6.6) as waarvoor die werkloses bereid is om te werk. Die werkloses wat in hul laaste vorige beroep vakmanne was, verlang die hoogste mediaankontantloon, naamlik R72.0 per maand in vergelyking met die mediaanloon van R106.0 per maand wat die vakmanne onder die vaste werkers verdien (kyk tabel 6.10). By die halfgeskooldes en arbeiders (uitgesonderd die plaasarbeiders) is dit onderskeidelik R40.7 en R46.0 (kyk tabel 6.11) en R35.0 en R32.5 (kyk tabel 6.12). Die mediaaninkomste van R35.0 per maand wat deur die werklose landbouers en vissers verlang word, is hoog in vergelyking met die werklike mediaaninkomste van R22.3 per maand van die vaste werkers (kyk tabel 6.8) hoewel onthou moet word dat laasgenoemdes dikwels ook inkomste in goedere as deel van hul kontantbesoldiging ontvang. Dit laat egter die indruk dat van hierdie werkloses nie van voorneme is om na hul vorige beroepe terug te keer nie.

TABEL 9.8

MINIMUMKONTANTLOON WAARVOOR WERKLOSES BEREID IS OM TE WERK VOLGENS OUDERDOM

| Minimumkontantloon per maand | Ouderdom | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15-24j. | | 25-34j. | | 35-44j. | | 45-54j. | | 55-64j. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Minder as R10 | 10 | 2.8 | 4 | 2.9 | 3 | 4.7 | - | - | 2 | 8.3 | 19 | 3.0 |
| R10 - 19 | 33 | 9.1 | 7 | 5.0 | 3 | 4.7 | 5 | 12.5 | - | - | 48 | 7.6 |
| R20 - 29 | 85 | 23.5 | 13 | 9.3 | 4 | 6.3 | 6 | 15.0 | 2 | 8.3 | 110 | 17.5 |
| R30 - 39 | 91 | 25.2 | 30 | 21.4 | 9 | 14.1 | 6 | 15.0 | 1 | 4.2 | 137 | 21.8 |
| R40 - 49 | 81 | 22.4 | 30 | 21.4 | 18 | 28.1 | 9 | 22.5 | 4 | 16.7 | 142 | 22.6 |
| R50 - 59 | 26 | 7.2 | 21 | 15.0 | 10 | 15.6 | 3 | 7.5 | 3 | 12.5 | 63 | 10.0 |
| R60 - 69 | 20 | 5.5 | 15 | 10.7 | 10 | 15.6 | 5 | 12.5 | 3 | 12.5 | 53 | 8.4 |
| R70 - 79 | 2 | 0.6 | 4 | 2.9 | 5 | 7.8 | 1 | 2.5 | 1 | 4.2 | 13 | 2.1 |
| R80 - 99 | 4 | 1.1 | 8 | 5.7 | 1 | 1.6 | 3 | 7.5 | 4 | 16.7 | 20 | 3.2 |
| R100 en meer | 1 | 0.3 | 5 | 3.6 | 1 | 1.6 | 1 | 2.5 | 3 | 12.5 | 11 | 1.7 |
| Weet nie | 8 | 2.2 | 3 | 2.1 | - | - | 1 | 2.5 | 1 | 4.2 | 13 | 2.1 |
| TOTAAL | 361 | 100.0 | 140 | 100.0 | 64 | 100.0 | 40 | 100.0 | 24 | 100.0 | 629 | 100.0 |
| MEDIAANKONTANTLOON | R35.3 | | R44.8 | | R47.2 | | R42.8 | | R58.3 | | R39.6 | |

TABEL 9.9

MINIMUMKONTANTLOON WAARVOOR WERKLOSES BEREID IS OM TE WERK VOLGENS LAASTE VORIGE BEROEP WAT BEOEFEN IS

| Beroep | Minimumkontantloon per maand | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | | Mediaankontantloon |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Minder as R10 | | R10-19 | | R20-29 | | R30-39 | | R40-49 | | R50-59 | | R60-69 | | R70 en meer | | Weet nie | | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | |
| Het nog nooit gewerk nie | 3 | 2.4 | 16 | 12.9 | 26 | 21.0 | 35 | 28.2 | 21 | 16.9 | 9 | 7.3 | 5 | 4.0 | 3 | 2.4 | 6 | 4.8 | 124 | 100.0 | R34.0 |
| Professionele of tegniese werker | - | - | - | - | 3 | 37.5 | - | - | 3 | 37.5 | 2 | 25.0 | - | - | - | - | - | - | 8 | 100.0 | * |
| Administratiewe, uitvoerende of bestuurswerker | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 100.0 | - | - | - | - | 3 | 100.0 | * |
| Klerklike werker | - | - | - | - | 3 | 11.5 | 5 | 19.2 | 8 | 30.8 | 4 | 15.4 | 5 | 19.2 | 1 | 3.8 | - | - | 26 | 100.0 | R46.3 |
| Verkoopswerker | - | - | 3 | 4.3 | 7 | 10.0 | 14 | 20.0 | 17 | 24.3 | 11 | 15.7 | 9 | 12.9 | 9 | 12.9 | - | - | 70 | 100.0 | R46.5 |
| Landbouer en visser | 1 | 9.1 | 2 | 18.2 | 2 | 18.2 | 1 | 9.1 | 3 | 27.3 | 1 | 9.1 | 1 | 9.1 | - | - | - | - | 11 | 100.0 | R35.0 |
| Myn-, steengroef- en verwante werker | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Werker in vervoer-, aflewerings- en kommunikasiediens | 1 | 1.9 | 3 | 5.8 | 4 | 7.7 | 13 | 25.0 | 11 | 21.2 | 6 | 11.5 | 7 | 13.5 | 5 | 9.6 | 2 | 3.8 | 52 | 100.0 | R43.6 |
| Vakman | - | - | - | - | 1 | 6.3 | - | - | 1 | 6.3 | 1 | 6.3 | 3 | 18.8 | 10 | 62.5 | - | - | 16 | 100.0 | R72.0 |
| Halfgeskoolde werker | 3 | 1.9 | 9 | 5.7 | 31 | 19.6 | 32 | 20.3 | 38 | 24.1 | 17 | 10.8 | 11 | 7.0 | 14 | 8.9 | 3 | 1.9 | 158 | 100.0 | R40.7 |
| Arbeider (nie plaasarbeider nie) | 6 | 5.7 | 10 | 9.5 | 24 | 22.9 | 24 | 22.9 | 27 | 25.7 | 7 | 6.7 | 5 | 4.8 | 1 | 1.0 | 1 | 1.0 | 105 | 100.0 | R35.0 |
| Persoonlike diens-, sport- en ontspanningswerker | 5 | 8.9 | 5 | 8.9 | 9 | 16.1 | 13 | 23.2 | 13 | 23.2 | 5 | 8.9 | 4 | 7.1 | 1 | 1.8 | 1 | 1.8 | 56 | 100.0 | R36.5 |
| TOTAAL | 19 | 3.0 | 48 | 7.6 | 110 | 17.5 | 137 | 21.8 | 142 | 22.6 | 63 | 10.0 | 53 | 8.4 | 44 | 7.0 | 13 | 2.1 | 629 | 100.0 | R39.6 |

* Weens die geringe getalle nie bereken nie.

9.8 BESTAANSMIDDELE VAN DIE WERKLOSE

Alhoewel die gesamentlike familiestelsel stadig maar seker veld onder die Indiërs in die Republiek verloor, wil dit nogtans voorkom of die werkloses dikwels deur die ander lede van die familie teen ekonomiese terugslae beskerm word. Die gevolg hiervan is dat werkloses wat traag is om werk te vind, dikwels 'n mate van beskerming geniet teen akute ekonomiese nood met die gevolg dat die dryfkrag om werk te vind, nie te sterk aanwesig is nie. Op 'n vraag waarvan hulle tydens die tydperk van werkloosheid leef, het 87.1 persent werkloses dan ook verklaar dat hulle onder andere hulp van hul eggenotes, ouers, familie of vriende ontvang.

Werkloses ontvang egter ook van ander instansies hulp. So het onderskeidelik 15.3 en 1.1 persent werkloosheidsvoordele of hulp van liefdadigheidsorganisasies ontvang. Vier punt agt persent het verklaar dat hulle van hulle spaargeld lewe en 1.1 persent het diverse ander bronne, soos byvoorbeeld deur te dobbel, vermeld. Dit is interessant om daarop te let dat slegs een van die 111 werkloses wat lid is van 'n vakunie of werkersorganisasie, hulp van so 'n vereniging ontvang.

9.9 REGISTRASIE BY DIE DEPARTEMENT VAN ARBEID

Daar is deur middel van wetgewing[1] bepaal dat 'n werksoeker in 'n aangewese gebied[2] wat vir 'n onafgebroke tydperk van meer as 'n week werkloos is, so gou doenlik maar in elk geval binne die volgende sewe dae by 'n werkverskaffingskantoor moet registreer. Ook daardie werkgewers wat oor vakatures beskik, moet die naaste kantoor daarvan in kennis stel sodat 'n geregistreerde werklose wat vir sodanige werk mag kwalifiseer, sonder versuim aansoek kan doen. Sodoende kan 'n werklose gouer aan 'n werk gehelp word.

9.9.1 Redes vir nie-registrasie

Nieteenstaande bogenoemde maatreëls is daar nog talle werkloses wat in gebreke bly om hulle as werkloos te laat registreer. Van die 629 werkloses het 245 verklaar dat hulle tydens die opname as werkloos geregistreer was. 'n Verdere 51 was nie tydens die ondersoek geregistreer nie maar wel vroeër gedurende hul huidige tydperk van werkloosheid (44 van hulle het opgehou om te registreer omdat die tydperk waartydens voordele aan hulle betaalbaar was, verstryk het).

Die 333 (52.9%) werkloses wat nooit geregistreer het nie,is gevra om die vernaamste rede te verstrek waarom hulle nie by 'n werkverskaffingskantoor van die Departement van Arbeid geregistreer het nie. Die responsies verskyn in tabel 9.10.

Volgens tabel 9.10 het die grootste enkele persentasie, naamlik 36.6 persent, beweer dat hulle nie geweet het dat hulle moet of kon registreer nie. Die Indiërwerkloses wat nie op werkloosheidsvoordele geregtig was nie[3] en dus nie die moeite gedoen het om te registreer nie, het 31.5 persent beloop.

---

1) Wet op Registrasie vir Werk (Wet nr. 34 van 1945, soos gewysig). Tot dusver is die wet slegs op Blankes, Kleurlinge en Asiate in die groter metropolitaanse (nywerheids-) gebiede van toepassing.

2) 'n Gebied waar die wet van toepassing is.

3) Volgens die Werkloosheidsversekeringswet (Wet nr. 53 van 1946, soos gewysig) is, onder andere, die volgende persone nie bydraers tot die werkloosheidversekeringsfonds nie en dus nie op die werkloosheidsvoordele geregtig nie:

1. Persone wie se verdienste R2,500 per jaar oorskry.
2. Deeltydse werknemers.
3. Die eggenoot of eggenote van 'n werkgewer wat by daardie werkgewer in diens is.
4. Huisbediendes.
5. Persone in diens in die landbou behalwe persone uitsluitlik of hoofsaaklik in diens in bosbou.

TABEL 9.10

REDES WAAROM SEKERE WERKLOSES NOOIT GEREGISTREER HET NIE

| Rede | G | % |
|---|---|---|
| Nie op werkloosheidsvoordele geregtig nie | 105 | 31.5 |
| Onbewus van die verpligting of moontlikheid van registrasie | 122 | 36.6 |
| Woon te ver van die naaste registrasiekantoor | 12 | 3.6 |
| Betwyfel die werkverskaffingskantoor se vermoë om werk te vind of werk te vind waarin daar belanggestel word | 27 | 8.1 |
| Het nie 'n bydraersverslagkaart (vorm U. F. 74) terug ontvang nie en kon dus nie werkloosheidsvoordele eis nie* | 22 | 6.6 |
| Verwag om binnekort weer in diens geneem te word | 13 | 3.9 |
| Ander redes | 32 | 9.6 |
| TOTAAL | 333 | 100.0 |

*Sonder die bydraersverslagkaart sal 'n bydraer tot die Werkloosheidversekeringsfonds nie voordele uit die Fonds kan bekom nie. Dit berus by die werker om te sorg dat bydraes ten opsigte van hom deur sy werkgewer aan die Fonds oorbetaal word en dat laasgenoemde 'n bydraersverslagkaart vir hom van die Werkloosheidversekeringskommissaris aanvra. Na voltooiing en ondertekening daarvan moet die kaart aan die diensverlater oorhandig word. Dit kan dus gebeur dat 'n werkgewer nie hierdie pligte nakom nie omdat hy nie geneë mag wees om sy deel van die bydraes in die fonds te stort nie (die Werkloosheidversekeringsfonds word deur bydraes van die staat, die werkgewer en werknemer in stand gehou). Gevolglik is die diensverlater gedurende sy werkloosheidstydperk nie op voordele geregtig nie.

9.9.2 Rede vir registrasie

Van die 296 werkloses wat wel op een of ander stadium by 'n werkverskaffingskantoor as werkloos geregistreer het, het 246 (83.1%) dit gedoen omrede hulle op voordele geregtig was. Vier-en-dertig (11.5%) het geglo dat die Departement van Arbeid vir hulle werk sal vind, 11 (3.7%) het geregistreer omdat dit volgens wet verpligtend is, vier (1.4%) is deur ander persone daartoe aangeraai en een (0.3%) omdat sommige werkgewers op bewys van registrasie aandring.

9.9.3 Registrasie volgens geslag, ouderdom en woonplek

Soos reeds gemeld, het die getal werkloses wat tydens die opname by 'n werkverskaffingskantoor as werkloos geregistreer was, 245 of 39.0 persent van die totale groep beloop. Hiervan was 228 (93.1%) mans en 17 (6.9%) vroue. Slegs ietwat meer as 'n kwart van die werkloses in die jongste ouderdomsgroep (15 tot 24 jaar) het geregistreer teenoor onderskeidelik 59.3, 43.8, 52.5 en 54.2 persent van die 25 tot 34, 35 tot 44, 45 tot 54 en 55 tot 64 jaar oue groepe.

Indien die geregistreerde werkloses volgens woonplek ontleed word, blyk dit dat van die werkloses in die stad (45.6%) in verhouding meer geneig is om te registreer as die werkloses woonagtig in dorpe (30.9%) en op plase (17.5%).

9.9.4 Die tydperk tussen aanvang van werkloosheid en registrasie by 'n werkverskaffingskantoor

Vier-en-twintig punt ses persent van die 629 werkloses het binne sewe dae nadat hulle werkloos geword het as werkloos geregistreer teenoor onderskeidelik 14.3, 7.0 en 1.1 persent wat van agt dae tot 'n maand, een tot ses maande en langer as ses maande gewag het.

In die Durban-Pinetowngebied het 44.7 persent van die werkloses teenoor 70.3 persent in die res van Natal nooit geregistreer nie. Die persentasies wat binne sewe dae geregistreer het, beloop onderskeidelik 30.7 en 11.9 persent vir die twee gebiede.

## 9.10 DIE WERKLOSE AS WERKSOEKER

### 9.10.1 Getal kere werk gesoek

Die werkloses is ook versoek om aan te toon in watter mate hulle aktief na werk soek. Sestien punt twee persent het hul wonings gedurende die maand wat die ondersoek voorafgegaan het, meer as twintig keer verlaat spesifiek met die doel om te gaan werk soek, en onderskeidelik 10.7, 15.6 en 44.5 persent het in diê tydperk hul wonings van dertien tot twintig keer, agt tot twaalf keer, of een tot sewe keer met diê doel verlaat. Dertien persent het nie gedurende die afgelope maand werk gaan soek nie. Slegs 19.7 persent van die vroue teenoor 45.3 persent van die mans het ten minste agt keer hul wonings gedurende die betrokke tydperk verlaat om werk te soek.

'n Ontleding van die getal kere wat die werkloses hul wonings verlaat het om te gaan werk soek volgens die ouderdom van die werkloses (kyk tabel 9.11), toon dat 39.9 persent van die 15- tot 24-jariges teenoor onderskeidelik 53.5, 43.7, 37.5 en 20.9 persent van die werkloses wat 25 tot 34, 35 tot 44, 45 tot 54 en 55 tot 64 jaar oud is, hul wonings ten minste agt keer verlaat het om werk te soek.

### 9.10.2 Skriftelike aansoeke om werk

Die werkloses is ook gevra of hulle gedurende die maand wat die opname voorafgegaan het, werk deur middel van 'n geskrewe aansoek probeer vind het. Slegs 'n kwart het bevestigend hierop geantwoord.

### 9.10.3 Werk wat die werkloses aangebied is

Vir slegs een-en-veertig (6.5%) van die werkloses is tydens die huidige werkloosheidstydperk 'n werk aangebied wat hulle geweier het. Die laaste soort werk wat die werkloses aangebied is, is: Klerklike werk (aan 6 persone), winkelassistent (4), agent (2), plaasarbeider (1), bestuurder van motorvoertuie (3), vakmanswerk in die boubedryf (1), vakmanswerk in die drukkersbedryf (1), halfgeskoolde werk in die tekstielbedryf (3), ander halfgeskoolde werk (3), arbeider in die voedselindustrie (1), arbeider in ander as voedselfabrieke (14) en arbeider in die handel (2).

Aan twee-en-dertig persone is daar een keer, aan vier persone twee keer en aan vyf persone drie keer 'n werk aangebied wat van die hand gewys is.

Ten slotte blyk dit dat dertien (31.7%) van hierdie een-en-veertig persone die lae lone as rede aangevoer het waarom hulle die laaste werk wat hulle aangebied is, geweier het. Ses het te ver van die werkplek gewoon en vyf het die werktoestande as te swak en onaangenaam beskou. Die res het ander diverse redes aangevoer.

TABEL 9.11

GETAL KERE WAT WERKLOSES, GEDURENDE DIE MAAND WAT DIE OPNAME VOORAFGEGAAN HET, HUL WOONPLEK VERLAAT HET OM WERK TE SOEK VOLGENS OUDERDOM

| Getal | Ouderdom | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15-24j. | | 25-34j. | | 35-44j. | | 45-54j. | | 55-64j. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 45 | 12.5 | 12 | 8.6 | 13 | 20.3 | 7 | 17.5 | 5 | 20.8 | 82 | 13.0 |
| 1 | 14 | 3.9 | 6 | 4.3 | 3 | 4.7 | 1 | 2.5 | 2 | 8.3 | 26 | 4.1 |
| 2 | 21 | 5.8 | 8 | 5.7 | 3 | 4.7 | 4 | 10.0 | 6 | 25.0 | 42 | 6.7 |
| 3 | 29 | 8.0 | 10 | 7.1 | 3 | 4.7 | 1 | 2.5 | 1 | 4.2 | 44 | 7.0 |
| 4 | 31 | 8.6 | 13 | 9.3 | 4 | 6.3 | 5 | 12.5 | 3 | 12.5 | 56 | 8.9 |
| 5 | 27 | 7.5 | 4 | 2.9 | 7 | 10.9 | 3 | 7.5 | - | - | 41 | 6.5 |
| 6 | 36 | 10.0 | 7 | 5.0 | 2 | 3.1 | 3 | 7.5 | 1 | 4.2 | 49 | 7.8 |
| 7 | 14 | 3.9 | 5 | 3.6 | 1 | 1.6 | 1 | 2.5 | 1 | 4.2 | 22 | 3.5 |
| 8 - 12 | 60 | 16.6 | 24 | 17.1 | 8 | 12.5 | 5 | 12.5 | 1 | 4.2 | 98 | 15.6 |
| 13 - 20 | 41 | 11.4 | 17 | 12.1 | 7 | 10.9 | 2 | 5.0 | - | - | 67 | 10.7 |
| 21 en meer | 43 | 11.9 | 34 | 24.3 | 13 | 20.3 | 8 | 20.0 | 4 | 16.7 | 102 | 16.2 |
| TOTAAL | 361 | 100.0 | 140 | 100.0 | 64 | 100.0 | 40 | 100.0 | 24 | 100.0 | 629 | 100.0 |

## HOOFSTUK 10

## DIE LENGTE VAN DIE WERKWEEK

### 10.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aandag geskenk aan die lengte van die werkweek (in terme van werkure en werkdae) van die werkers wat ten volle en dié wat nie ten volle geëmplojeer is nie. Die ondervraagdes is versoek om, by die berekening van die getal ure wat gewerk word, die daaglikse etenspouses, maar nie die teepouses nie, buite rekening te laat.

### 10.2 LENGTE VAN DIE WERKWEEK BY DIE VASTE WERKER

#### 10.2.1 Lengte van die werkweek in terme van werkdae

In tabel 10.1 word 'n uiteensetting gegee van die getal dae wat die mans en vroue wat ten volle geëmplojeer is per week gewerk het.

TABEL 10.1

LENGTE VAN WERKWEEK IN TERME VAN WERKDAE VOLGENS GESLAG

| Getal dae | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Hoogstens 4 dae | 12 | 0.3 | 6 | 1.6 | 18 | 0.4 |
| 5 dae | 1,670 | 43.2 | 256 | 66.3 | 1,926 | 45.3 |
| 6 dae | 2,001 | 51.8 | 98 | 25.4 | 2,099 | 49.4 |
| 7 dae | 179 | 4.6 | 26 | 6.7 | 205 | 4.8 |
| TOTAAL | 3,862 | 100.0 | 386 | 100.0 | 4,248 | 100.0 |

Die tabel toon dat feitlik al die vaste werkers òf 'n vyf- òf 'n sesdaagse werkweek het (respektiewelik 45.3% en 49.4%). Punt vier persent van die vaste werkers werk vier dae per week en 4.8 persent werk op al die dae van die week.

Relatief meer vroue as mans werk op vyf dae van die week (66.3% teenoor 43.2% onderskeidelik). Die posisie is egter omgekeerd ten opsigte van 'n sesdaagse werkweek (25.4% vroue teenoor 51.8% mans).

#### 10.2.2 Lengte van die werkweek in terme van werkure

Vervolgens word gelet op die getal ure wat per week gewerk word.

TABEL 10.2

LENGTE VAN WERKWEEK IN TERME VAN WERKURE VOLGENS GESLAG

| Ure per week | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| 30 en minder | 127 | 3.3 | 37 | 9.6 | 164 | 3.9 |
| 31 - 35 | 121 | 3.1 | 37 | 9.6 | 158 | 3.7 |
| 36 - 40 | 458 | 11.9 | 76 | 19.7 | 534 | 12.6 |
| 41 - 45 | 1,254 | 32.5 | 136 | 35.2 | 1,390 | 32.7 |
| 46 - 50 | 1,407 | 36.4 | 65 | 16.8 | 1,472 | 34.7 |
| 51 - 55 | 189 | 4.9 | 9 | 2.3 | 198 | 4.7 |
| 56 - 60 | 130 | 3.4 | 9 | 2.3 | 139 | 3.3 |
| 61 - 65 | 38 | 1.0 | 3 | 0.8 | 41 | 1.0 |
| 66 - 70 | 36 | 0.9 | 4 | 1.0 | 40 | 0.9 |
| 71 en meer | 102 | 2.6 | 10 | 2.6 | 112 | 2.6 |
| TOTAAL | 3,862 | 100.0 | 386 | 100.0 | 4,248 | 100.0 |

Blykens tabel 10. 2 werk 67. 4 persent van die totale getal werkers 41 tot 50, 12. 5 persent meer as 50 en 20. 2 persent minder as 41 uur per week. Dit is ook duidelik dat ongeveer twee keer soveel vroue as mans hoogstens 40 uur per week werk (38. 9% teenoor 18. 3%).

In tabel 10. 3 word die getal ure wat die vaste werkers per week werk, met hul woonplek in verband gebring. Dit blyk dat onderskeidelik 91. 0, 87. 6, 84. 6, 83. 9 en 81. 2 persent van die vaste werkers wat in stede, groot dorpe, dorpe, klein dorpe en op plase woonagtig is, hoogstens vyftig uur per week werk. By die kleinhoewebewoners is die ooreenstemmende persentasie slegs 65. 1, wat waarskynlik daaraan toe te skryf is dat hulle meesal as kleinboere vir eie rekening werk en dus bereid is om lang ure te werk.

Daar kan afgelei word dat met uitsondering van die kleinhoewebewoners wat die langste werkweek het, die lengte van die werkweek (volgens die aantal ure gewerk), styg na gelang die graad van stedelikheid afneem.

Die indeling van die getal ure per week gewerk volgens die onderwyspeil van die werkers (tabel 10. 4) toon dat die werkweek van diegene met geen of weinig onderwyskwalifikasies oor die algemeen veel langer is as dié van persone wat betreklik ver op skool gevorder het. Teenoor die 30 persent van diegene wat hoogstens standerd een geslaag het, het slegs 4. 2 persent van diegene wat standerd tien geslaag het, 'n werkweek van langer as 50 uur gehad.

## 10. 3 LENGTE VAN DIE WERKWEEK BY PERSONE WAT NIE TEN VOLLE GEËMPLOJEER IS NIE

Aangesien die seisoen-, stuk- en korttydwerkers nie 'n reëlmatige werkpatroon het nie, kan daar nie van die lengte van 'n werkweek in dieselfde sin as by die vaste werkers gepraat word nie. Die ontleding word dus beperk tot slegs die getal ure wat hulle per week werk wanneer hulle wel werk. Uit die aard van die saak was die getal ure wat 'n persoon per week werk, ook nie altyd dieselfde nie en moes die veldwerkers hulle noodgedwonge op „gemiddeldes" en skattings verlaat.

Eerstens word die lengte van die werkweek in tabel 10. 5 volgens geslag ontleed.

TABEL 10. 5

GEMIDDELDE GETAL URE PER WEEK GEWERK VOLGENS GESLAG

| Ure per week | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Minder as 6 | 3 | 1. 9 | 4 | 5. 8 | 7 | 3. 0 |
| 6 - 10 | 14 | 8. 6 | 8 | 11. 6 | 22 | 9. 5 |
| 11 - 15 | 10 | 6. 2 | 9 | 13. 0 | 19 | 8. 2 |
| 16 - 20 | 15 | 9. 3 | 12 | 17. 4 | 27 | 11. 7 |
| 21 - 25 | 17 | 10. 5 | 9 | 13. 0 | 26 | 11. 3 |
| 26 - 30 | 31 | 19. 1 | 10 | 14. 5 | 41 | 17. 7 |
| 31 - 35 | 12 | 7. 4 | 4 | 5. 8 | 16 | 6. 9 |
| 36 - 40 | 26 | 16. 0 | 3 | 4. 3 | 29 | 12. 6 |
| 41 - 45 | 12 | 7. 4 | 3 | 4. 3 | 15 | 6. 5 |
| 46 - 50 | 16 | 9. 9 | 4 | 5. 8 | 20 | 8. 7 |
| 51 - 55 | 5 | 3. 1 | 2 | 2. 9 | 7 | 3. 0 |
| 56 - 60 | - | - | 1 | 1. 4 | 1 | 0. 4 |
| 61 en meer | 1 | 0. 6 | - | - | 1 | 0. 4 |
| TOTAAL | 162 | 100. 0 | 69 | 100. 0 | 231 | 100. 0 |

In vergelyking met die 61. 4 persent van die totale getal, het 75. 3 persent vroue en 55. 6 persent mans hoogstens 30 uur per week gewerk.

Ten slotte word die lengte van die werkweek van die werkers wat nie ten volle geëmplojeer is nie, met die vernaamste soort werk wat hulle verrig, in verband gebring.

TABEL 10.3

LENGTE VAN WERKWEEK IN TERME VAN WERKURE VOLGENS WOONPLEK

| Ure per week | Huidige woonplek | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Groot dorp | | Dorp | | Klein dorp | | Kleinhoewe | | Plaas | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 30 en minder | 89 | 3.8 | 22 | 4.6 | 11 | 6.3 | 24 | 4.5 | 3 | 4.8 | 15 | 2.2 | 164 | 3.9 |
| 31 - 35 | 99 | 4.3 | 21 | 4.4 | 5 | 2.9 | 22 | 4.1 | 1 | 1.6 | 10 | 1.5 | 158 | 3.7 |
| 36 - 40 | 369 | 15.9 | 60 | 12.4 | 14 | 8.0 | 44 | 8.2 | 8 | 12.7 | 39 | 5.8 | 534 | 12.6 |
| 41 - 45 | 937 | 40.4 | 175 | 36.3 | 48 | 27.4 | 119 | 22.1 | 5 | 7.9 | 106 | 15.8 | 1,390 | 32.7 |
| 46 - 50 | 618 | 26.6 | 144 | 29.9 | 70 | 40.0 | 242 | 45.0 | 24 | 38.1 | 374 | 55.9 | 1,472 | 34.7 |
| 51 - 55 | 95 | 4.1 | 16 | 3.3 | 10 | 5.7 | 22 | 4.1 | 10 | 15.9 | 45 | 6.7 | 198 | 4.7 |
| 56 - 60 | 57 | 2.5 | 12 | 2.5 | 7 | 4.0 | 23 | 4.3 | 3 | 4.8 | 37 | 5.5 | 139 | 3.3 |
| 61 - 65 | 7 | 0.3 | 2 | 0.4 | 3 | 1.7 | 13 | 2.4 | 4 | 6.3 | 12 | 1.8 | 41 | 1.0 |
| 66 - 70 | 15 | 0.6 | 4 | 0.8 | 2 | 1.1 | 8 | 1.5 | 2 | 3.2 | 9 | 1.3 | 40 | 0.9 |
| 71 en meer | 35 | 1.5 | 26 | 5.4 | 5 | 2.9 | 21 | 3.9 | 3 | 4.8 | 22 | 3.3 | 112 | 2.6 |
| TOTAAL | 2,321 | 100.0 | 482 | 100.0 | 175 | 100.0 | 538 | 100.0 | 63 | 100.0 | 669 | 100.0 | 4,248 | 100.0 |

TABEL 10.4

LENGTE VAN WERKWEEK IN TERME VAN WERKURE VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Ure per week | Onderwyspeil | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nooit op skool of geen standerd geslaag nie | | St. 1 of laer | | St. 2 of 3 | | St. 4 of 5 | | St. 6 | | St. 7 | | St. 8 | | St. 9 | | St. 10 | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 30 en minder | 6 | 1.6 | 2 | 1.2 | 7 | 1.6 | 14 | 1.3 | 15 | 1.3 | 6 | 2.4 | 20 | 5.9 | 7 | 6.2 | 87 | 26.3 | 164 | 3.9 |
| 31 - 40 | 41 | 11.0 | 10 | 6.0 | 54 | 12.1 | 135 | 12.5 | 159 | 13.8 | 43 | 17.3 | 76 | 22.4 | 21 | 18.6 | 153 | 46.2 | 692 | 16.3 |
| 41 - 50 | 259 | 69.3 | 120 | 71.9 | 318 | 71.3 | 789 | 73.3 | 840 | 72.9 | 175 | 70.3 | 211 | 62.1 | 73 | 64.6 | 77 | 23.3 | 2,862 | 67.4 |
| 51 - 60 | 44 | 11.8 | 21 | 21.6 | 47 | 10.5 | 91 | 8.5 | 95 | 8.2 | 14 | 5.6 | 13 | 3.8 | 8 | 7.1 | 4 | 1.2 | 337 | 7.9 |
| 61 - 70 | 12 | 3.2 | 5 | 3.0 | 11 | 2.5 | 23 | 2.1 | 16 | 1.4 | 3 | 1.2 | 6 | 1.8 | 2 | 1.8 | 3 | 0.9 | 81 | 1.9 |
| 71 en meer | 12 | 3.2 | 9 | 5.4 | 9 | 2.0 | 24 | 2.2 | 27 | 2.3 | 8 | 3.2 | 14 | 4.1 | 2 | 1.8 | 7 | 2.1 | 112 | 2.6 |
| TOTAAL | 374 | 100.0 | 167 | 100.0 | 446 | 100.0 | 1,076 | 100.0 | 1,152 | 100.0 | 249 | 100.0 | 340 | 100.0 | 113 | 100.0 | 331 | 100.0 | 4,248 | 100.0 |

Die persone wat volgens tabel 10. 6 betrokke is by die verbouing en bemarking van tropiese vrugte en graansoorte, sowel as die vissers en bootbemanning, die klerklike werkers en die diverse groep wat onder „ander" ingedeel is, is te klein in getal om afleidings te regverdig. Die groepe betrokke by die verbouing en bemarking van suikerriet, die fabriekswerkers en persone wat vervoerwerk verrig, sluit die grootste persentasie werkers in wat 41 uur of langer per week werk. Meer as die helfte van die „ander" persoonlike dienswerkers (die huisbediendes, kokke, wasvroue, ensovoorts) werk minder as 21 uur per week, en 60 persent van die kelners werk slegs tussen 21 en 30 uur per week. Die persoonlike dienswerkers het as geheel blykbaar die kortste werkweek aangesien slegs 13. 9 persent (vyf van die 36 persone) 31 uur of langer per werkweek werk.

TABEL 10.6

LENGTE VAN WERKWEEK IN TERME VAN WERKURE VOLGENS VERNAAMSTE SOORT SEISOEN- OF STUKWERK

| Vernaamste soort seisoen- of stukwerk | Ure per week | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hoogstens 20 | | 21-30 | | 31-40 | | 41 en langer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Verbouing, verpakking en bemarking van groente | 10 | 43.5 | 8 | 34.8 | 3 | 13.0 | 2 | 8.7 | 23 | 100.0 |
| Verbouing en bemarking van tropiese vrugte | 1 | 50.0 | - | - | 1 | 50.0 | - | - | 2 | 100.0 |
| Verbouing en bemarking van suikerriet | - | - | 2 | 14.3 | 2 | 14.3 | 10 | 71.4 | 14 | 100.0 |
| Verbouing en bemarking van graan- en boontjiesoorte, ens. | 1 | 33.3 | 2 | 66.7 | - | - | - | - | 3 | 100.0 |
| Verkoops- en verwante werker | 9 | 39.1 | 10 | 43.5 | 2 | 8.7 | 2 | 8.7 | 23 | 100.0 |
| Fabriekswerker (uitgeslote dié waar groente, vrugte, vis of walvis verwerk word) | - | - | 2 | 25.0 | 3 | 37.5 | 3 | 37.5 | 8 | 100.0 |
| Visser en bootbemanning | - | - | 1 | 100.0 | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| Persoonlike diens, slegs kelner | 2 | 40.0 | 3 | 60.0 | - | - | - | - | 5 | 100.0 |
| Ander persoonlike diens, bv. huisbediende | 17 | 54.8 | 9 | 29.0 | 3 | 9.7 | 2 | 6.5 | 31 | 100.0 |
| Vervoer-, aflewerings- en kommunikasiediens, bv. vragmotor- en busbestuurder, briewebesteller | 3 | 42.9 | 1 | 14.3 | 1 | 14.3 | 2 | 28.6 | 7 | 100.0 |
| Klerklike werker, bv. boekhouer, tikster | 2 | 50.0 | - | - | - | - | 2 | 50.0 | 4 | 100.0 |
| Geskoolde en halfgeskoolde werker, bv. werktuigkundige, verwer, kleremaker | 20 | 23.8 | 23 | 27.4 | 24 | 28.6 | 17 | 20.2 | 84 | 100.0 |
| Arbeider, bv. persone wat peuselwerkies verrig | 8 | 34.8 | 6 | 26.1 | 6 | 26.1 | 3 | 13.0 | 23 | 100.0 |
| Ander, bv. kraamverpleegster | 2 | 66.7 | - | - | - | - | 1 | 33.3 | 3 | 100.0 |
| TOTAAL | 75 | 32.5 | 67 | 29.0 | 45 | 19.5 | 44 | 19.0 | 231 | 100.0 |

# HOOFSTUK 11

# DIVERSE

## 11.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word diverse ander aangeleenthede behandel wat betrekking het op die arbeidspatroon van die Indiërs. Dié aspekte is onderemplojering, die voorkeur van ondervraagdes met betrekking tot werkgewers, afwesigheid van hul werk en sekere aangeleenthede met betrekking tot verlof.

## 11.2 ONDEREMPLOJERING

Met onderemplojering word in hierdie verband bedoel die emplojering van 'n persoon op 'n laer beroepsvlak as dié vlak waarop hy, op grond van sy ervaring en opleiding, waarskynlik met sukses sal kan funksioneer.

Geen objektiewe kriteria van onderemplojering is opgestel nie. Die omvang van die verskynsel berus op die subjektiewe menings van die werkers self.

Ten einde die omvang van onderemplojering te kan bepaal, is die vaste werkers eerstens gevra of hulle vir 'n ander soort werk opgelei is as dié wat hulle tydens die opname verrig het. Diegene wat aangedui het dat dit wel die geval is, kan egter nog nie as onderemplojeer beskou word nie aangesien 'n persoon dikwels in meer as een beroep opgelei is of meer kan verdien in die beoefening van 'n beroep waarin hy minder bedrewe is. Diegene wat dus aangedui het dat hulle opgelei is om meer as een soort werk te verrig, is gevra of hulle meer sou verdien deur dié (ander) soort werk waarin hulle opleiding ontvang het, te doen. Persone wat bevestigend geantwoord het, is vir die doel van die ondersoek as ondergeëmplojeer beskou. Op 'n vraag waarom die persone dan nie die beter betalende beroepe volg nie, het dit geblyk dat sommige ondergeëmplojeerdes verkies om die huidige betrekkings te behou as gevolg van, onder andere, gesondheidsredes. Hierdie persone is dus nie as gevolg van „eksterne faktore" ondergeëmplojeer nie.

Soos hierbo vermeld, word slegs die vaste werkers by hierdie ontleding ingesluit. Volgens ander maatstawwe gemeet, kan ook die stuk-, seisoen- en korttydwerkers as ondergeëmplojeer beskou word.

In tabel 11.1 word getoon hoeveel vaste werkers vir 'n werk opgelei is wat hulle nie tydens die opname gedoen het nie.

TABEL 11.1

RESPONSIE VAN VASTE WERKERS OP 'N VRAAG OF HULLE VIR 'N WERK OPGELEI IS WAT HULLE NIE TYDENS DIE OPNAME GEDOEN HET NIE VOLGENS GESLAG

| Responsie | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 597 | 15.5 | 41 | 10.6 | 638 | 15.0 |
| Nee | 3,265 | 84.5 | 345 | 89.4 | 3,610 | 85.0 |
| TOTAAL | 3,862 | 100.0 | 386 | 100.0 | 4,248 | 100.0 |

Vyftien persent van die vaste werkers het beweer dat hulle opgelei is vir 'n ander soort werk as dié wat hulle tydens die opname gedoen het. Die persentasie ten opsigte van die mans kom op 15.5 en vir die vroue op 10.6 te staan.

Van die 638 werkers wat vir 'n alternatiewe soort werk opgelei is, het 342 of 53.6 persent aangedui dat hulle meer sou kon verdien deur daardie soort werk te verrig. Volgens die kriterium vir onderemplojering was 8.1 persent van die 4,248 vaste werkers dus ondergeëmplojeer.

In tabel 11. 2 word diê soort werk aangedui waarvoor die betrokke 342 werkers opgelei is en waarmee hulle meer sou kon verdien.

Dit blyk dat halfgeskoolde werk in die metaalbedryf[1)] deur die grootste enkele persentasie (14. 3%) van die ondergeëmplojeerdes aangedui is as diê werk waarmee hulle meer kan verdien. Daarna volg halfgeskoolde werk in die konstruksiewese (14. 0%) en klerklike werk (12. 0%).

TABEL 11. 2

SOORT WERK WAARMEE MEER VERDIEN KAN WORD

| Soort werk | G | % |
|---|---|---|
| Professionele of tegniese werker | | |
| Onderwyser en instrukteur | 5 | 1. 5 |
| Ander, bv. prokureur, dokter, verpleegster | 9 | 2. 6 |
| Administratiewe, uitvoerende of bestuurswerker, bv. direkteur, besigheidsbestuurder, hotel- en fabriekseienaar, boukontrakteur | 4 | 1. 2 |
| Klerklike werker, bv. klerk, kassier | 41 | 12. 0 |
| Verkoopswerker | | |
| Werkende eienaar in die groot- en kleinhandel | 1 | 0. 3 |
| Ander persone in die groot- en kleinhandel, bv. winkelassistent, slagter | 15 | 4. 4 |
| Ander, bv. smouse en agente | 1 | 0. 3 |
| Landbouer en visser | | |
| Plaasarbeider | 2 | 0. 6 |
| Visser wat vir iemand anders werk | 3 | 0. 9 |
| Myn-, steengroef- en verwante werker | 1 | 0. 3 |
| Werker in vervoer-, aflewerings- en kommunikasiediens | | |
| Bestuurder van motorvoertuie | 30 | 8. 8 |
| Ander, bv. briewebesteller, bode, spoorwerker | 3 | 0. 9 |
| Ambagsman, produksiewerker en arbeider | | |
| (a) Vakman | | |
| Vakman in die boubedryf | 1 | 0. 3 |
| Vakman in die meubelbedryf | 3 | 0. 9 |
| Ander vakmanne, bv. haarkapper, drukker | 3 | 0. 9 |
| (b) Halfgeskoolde werker | | |
| Werker in die tekstielbedryf | 38 | 11. 1 |
| Werker in die leer-, vel- en wolbedryf | 9 | 2. 6 |
| Werker in die metaalbedryf en die herstel van masjinerie | 49 | 14. 3 |
| Werker in die voedsel-, tabak- en drankbedryf | 2 | 0. 6 |
| Konstruksiewerker | 48 | 14. 0 |
| Ander halfgeskooldes | 27 | 7. 9 |
| (c) Arbeider | | |
| Arbeider in die voedselbedryf | 10 | 2. 9 |
| Ander arbeiders in fabrieke | 5 | 1. 5 |
| Arbeider by konstruksiewerke | 1 | 0. 3 |
| Ander arbeiders | 1 | 0. 3 |
| Persoonlike diens-, sport- en ontspanningswerker | | |
| Huisbediende en tuinwerker by private persone | 4 | 1. 2 |
| Werker in hotelle, losieshuise, restaurants, bv. kok, kelner | 19 | 5. 6 |
| Veiligheidswerker, bv. polisie, nagwag | 1 | 0. 3 |
| Ander, bv. wassery- en droogskoonmaakwerker, kroegman | 6 | 1. 8 |
| TOTAAL | 342 | 100. 0 |

[1)] Hieronder word sulke soorte werk soos motorwerktuigkunde, sweis, loodgietery, plaatmetaalwerk, ensovoorts bedoel.

Die redes waarom die betrokke 342 Indiërs nie hul posisie verbeter deur oor te skakel na die beter betalende werk waarvoor hulle opgelei is nie, word in tabel 11. 3 ontleed.

Blykens die tabel het 22. 8 persent verklaar dat daar nie sodanige werk in hul omgewing beskikbaar is nie, terwyl die grootste enkele persentasie, naamlik 39. 8 persent, van mening is dat daar wel sodanige werk beskikbaar is maar dat al die poste reeds gevul is. Sewe persent beweer dat daar nie poste vir Indiërs beskikbaar is in die betrokke soort werk nie, en 6. 7 persent voer swak gesondheid aan as rede waarom hulle nie die meer betalende werk aanvaar nie. Die res van die redes wat geopper is, byvoorbeeld „die huidige werk bied meer sekuriteit en is meer permanent van aard"; „verkies om eie werkgewer te wees"; „die werk is te veeleisend" of „die werkure te lank"; „weens wangedrag ontslaan" en „geen kapitaal om eie besigheid mee te begin nie", is onder „ander redes" ingedeel en beloop 23. 7 persent van die totaal.

## 11. 3 VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN WERKGEWER

Daar word soms beweer dat Indiërs bepaalde voorkeure het wat die bevolkingsgroep van hulle werkgewers betref. Daar is inligting oor hierdie aspek ingewin.

Eerstens word aangedui watter persentasies van die totale manlike en vroulike ondervraagdes hulle bereidwillig verklaar het om vir werkgewers van verskillende bevolkingsgroepe te werk. Selfgeëmplojeerdes is versoek om, vir die doeleindes van hierdie vraag, hulself as werknemers te beskou.

TABEL 11. 4

BEREIDWILLIGHEID OM VIR LEDE VAN ANDER GELOOFS- OF BEVOLKINGSGROEPE TE WERK VOLGENS GESLAG

| Geloofs- of bevolkingsgroep (werkgewer) | Bereidwilligheid | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Hindoe | 3,044 | 66.4 | 324 | 61.6 | 3,368 | 65.9 |
| Moslem | 2,982 | 65.1 | 313 | 59.5 | 3,295 | 64.5 |
| Blanke | 4,450 | 97.1 | 493 | 93.7 | 4,943 | 96.8 |
| Kleurling | 2,363 | 51.6 | 218 | 41.4 | 2,581 | 50.5 |
| Bantoe | 2,108 | 46.0 | 170 | 32.3 | 2,278 | 44.6 |

Volgens bostaande tabel was die Blankes die populêrste werkgewers. Baie van die proefpersone het die standpunt ingeneem dat hulle vir enigiemand sal werk as 'n goeie salaris aangebied word.

Tabel 11. 5 toon dat die Blankes as werkgewers by al die geloofsgroepe onder die proefpersone die populêrste is. Dit is opvallend dat die persentasie Hindoes wat bereid is om vir Hindoes te werk, nie veel groter is as die persentasie wat hulle bereid verklaar het om vir Moslems te werk nie. Dieselfde tendens word by die Moslems bespeur. Veral opvallend is die feit dat nagenoeg 34. 9 persent van die Hindoes nie bereid is om vir iemand van hul eie geloofsgroep te werk nie. Die ooreenstemmende persentasie by die Moslems kom op 28. 3 te staan.

Benewens die vraag of hulle bereidwillig is om vir 'n werkgewer uit elk van die bogenoemde groepe te werk, is die ondersoekgroep ook versoek om aan te dui vir wie hulle die graagste sou wou werk. Die responsies word in tabelle 11. 6 en 11. 7 ontleed.

Hoewel die persentasie wat „enigeen" aangedui het, betreklik hoog is, is dit weer duidelik dat die Blanke werkgewers die populêrste is en dit blyk dat bedenkings teen die Indiër-werkgewers gekoester word. Wat die presiese rede vir hierdie gesindhede is, is nie bekend nie hoewel sommige informante blykbaar verbitterd teenoor sekere van hulle rasgenote is as gevolg van lae lone wat hulle aangebied word. In hierdie verband het C. A. Woods beweer: „There is evidence from the house-to-house visits that many Indians in commercial employment must choose between unemployment or employment at low, even illegal, rates"(9, bl. 47).

TABEL 11.3

REDE WAAROM BETER BESOLDIGDE WERK NIE GEDOEN WORD NIE VOLGENS SOORT WERK WAARMEE MEER VERDIEN KAN WORD

| Werk waarmee meer verdien kan word | Rede waarom beter besoldigde werk nie gedoen word nie: Nie sulke werk in omgewing nie | | Geen vakante poste nie | | Geen poste vir Indiërs nie | | A.g.v. swak gesondheid | | Ontslaan weens wangedrag | | Ander | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Professionele of tegniese werker | | | | | | | | | | | | | | |
| Onderwyser en instrukteur | - | - | 1 | 20.0 | 2 | 40.0 | - | - | - | - | 2 | 40.0 | 5 | 100.0 |
| Ander, bv. prokureur, dokter, verpleegster | 2 | 22.2 | 5 | 55.6 | 1 | 11.1 | - | - | - | - | 1 | 11.1 | 9 | 100.0 |
| Administratiewe, uitvoerende en bestuurswerker, bv. direkteur, besigheidsbestuurder, hotel- en fabriekseienaar, boukontrakteur | - | - | 2 | 50.0 | 1 | 25.0 | - | - | - | - | 1 | 25.0 | 4 | 100.0 |
| Klerklike werker, bv. klerk, kassier | 9 | 22.0 | 21 | 51.2 | - | - | - | - | 3 | 7.3 | 8 | 19.5 | 41 | 100.0 |
| Verkoopswerker | | | | | | | | | | | | | | |
| Werkende eienaar in die groot- en kleinhandel | - | - | 1 | 100.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| Ander persone in die groot- en kleinhandel, bv. winkelassistent, slagter | 1 | 6.7 | 3 | 20.0 | 8 | 53.3 | - | - | 1 | 6.7 | 2 | 13.3 | 15 | 100.0 |
| Ander, bv. smouse en agente | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 | - | - | 1 | 100.0 |
| Landbouer en visser | | | | | | | | | | | | | | |
| Plaasarbeider | 1 | 50.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 50.0 | 2 | 100.0 |
| Visser wat vir iemand anders werk | - | - | - | - | - | - | 1 | 33.3 | 2 | 66.7 | - | - | 3 | 100.0 |
| Myn-, steengroef- en verwante werker | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| Werker in vervoer-, aflewerings- en kommunikasiediens | | | | | | | | | | | | | | |
| Bestuurder van motorvoertuie | 6 | 20.0 | 14 | 46.7 | - | - | 4 | 13.3 | 1 | 3.3 | 5 | 16.7 | 30 | 100.0 |
| Ander, bv. briewebesteller, bode, spoorwerker | 2 | 66.7 | 1 | 33.3 | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 100.0 |
| Ambagsman, produksiewerker en arbeider | | | | | | | | | | | | | | |
| (a) Vakman | | | | | | | | | | | | | | |
| Vakman in die boubedryf | - | - | - | - | 1 | 100.0 | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| Vakman in die meubelbedryf | 1 | 33.3 | 2 | 66.7 | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 100.0 |
| Ander vakmanne, bv. haarkapper, drukker | - | - | 2 | 66.7 | - | - | 1 | 33.3 | - | - | - | - | 3 | 100.0 |
| (b) Halfgeskoolde werker | | | | | | | | | | | | | | |
| Werker in die tekstielbedryf | 9 | 23.7 | 16 | 42.1 | - | - | 1 | 2.6 | 4 | 10.5 | 8 | 21.1 | 38 | 100.0 |
| Werker in die leer-, vel- en wolbedryf | 2 | 22.2 | 4 | 44.4 | 1 | 11.1 | - | - | 2 | 22.2 | - | - | 9 | 100.0 |
| Werker in die metaalbedryf en herstel van masjinerie | 10 | 20.4 | 22 | 44.9 | 5 | 10.2 | 1 | 2.0 | 5 | 10.2 | 6 | 12.2 | 49 | 100.0 |
| Werker in die voedsel-, tabak- en drankbedryf | 1 | 50.0 | 1 | 50.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 100.0 |
| Konstruksiewerker | 17 | 35.4 | 14 | 29.2 | 1 | 2.1 | 3 | 6.2 | 8 | 16.7 | 5 | 10.4 | 48 | 100.0 |
| Ander halfgeskooldes | 5 | 18.5 | 10 | 37.0 | 1 | 3.7 | 3 | 11.1 | 3 | 11.1 | 5 | 18.5 | 27 | 100.0 |
| (c) Arbeider | | | | | | | | | | | | | | |
| Arbeider in die voedselbedryf | 2 | 20.0 | 3 | 30.0 | 1 | 10.0 | 3 | 30.0 | 1 | 10.0 | - | - | 10 | 100.0 |
| Ander arbeiders in fabrieke | - | - | 4 | 80.0 | - | - | 1 | 20.0 | - | - | - | - | 5 | 100.0 |
| Arbeider by konstruksiewerke | - | - | 1 | 100.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| Arbeider in die handel | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Ander arbeiders | 1 | 100.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| Persoonlike diens-, sport- en ontspanningswerker | | | | | | | | | | | | | | |
| Huisbediende en tuinwerker by private persone | 4 | 100.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 4 | 100.0 |
| Werker in hotelle, losieshuise, restaurants, bv. kok, kelner | 4 | 21.1 | 6 | 31.6 | 1 | 5.3 | 3 | 15.8 | 1 | 5.3 | 4 | 21.1 | 19 | 100.0 |
| Opsigter en skoonmaker van geboue | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Veiligheidswerker, bv. polisie, nagwag | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 | 1 | 100.0 |
| Ander, bv. wassery- en droogskoonmaakwerker, kroegman | 1 | 16.7 | 3 | 50.0 | 1 | 16.7 | 1 | 16.7 | - | - | - | - | 6 | 100.0 |
| TOTAAL | 78 | 22.8 | 136 | 39.8 | 24 | 7.0 | 23 | 6.7 | 32 | 9.4 | 49 | 14.3 | 342 | 100.0 |

TABEL 11.5

BEREIDWILLIGHEID OM VIR LEDE VAN ANDER GELOOFS- OF BEVOLKINGSGROEPE TE WERK VOLGENS GELOOF

| Geloofs- of bevolkingsgroep (werkgewer) | Bereidwilligheid | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hindoe | | Moslem | | Christen | | Ander | | Geen | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Hindoe | 2,643 | 65.1 | 507 | 71.7 | 205 | 62.7 | 8 | 88.9 | 5 | 62.5 | 3,368 | 65.9 |
| Moslem | 2,517 | 62.0 | 564 | 79.8 | 201 | 61.5 | 8 | 88.9 | 5 | 62.5 | 3,295 | 64.5 |
| Blanke | 3,931 | 96.9 | 676 | 95.6 | 319 | 97.6 | 9 | 100.0 | 8 | 100.0 | 4,943 | 96.8 |
| Kleurling | 1,978 | 48.8 | 416 | 58.8 | 176 | 53.8 | 6 | 66.7 | 5 | 62.5 | 2,581 | 50.5 |
| Bantoe | 1,746 | 43.0 | 368 | 52.1 | 153 | 46.8 | 6 | 66.7 | 5 | 62.5 | 2,278 | 44.6 |

TABEL 11.6

VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN WERKGEWER VOLGENS GESLAG

| Groep | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Moslem | 107 | 2.3 | 21 | 4.0 | 128 | 2.5 |
| Hindoe | 128 | 2.8 | 26 | 4.9 | 154 | 3.0 |
| Blanke | 2,931 | 64.0 | 348 | 66.2 | 3,279 | 64.2 |
| Kleurling | 1 | 0.0 | 1 | 0.2 | 2 | 0.0 |
| Bantoe | 4 | 0.1 | - | - | 4 | 0.1 |
| Enigeen | 1,251 | 27.3 | 98 | 18.6 | 1,349 | 26.4 |
| Geeneen | 74 | 1.6 | 12 | 2.3 | 86 | 1.7 |
| Weet nie | 86 | 1.9 | 20 | 3.8 | 106 | 2.1 |
| TOTAAL | 4,582 | 100.0 | 526 | 100.0 | 5,108 | 100.0 |

Die ontleding word deur tabel 11.7 afgesluit. Dit wil voorkom asof veral die Christene en die ander kleiner groepe die Blanke as werkgewer verkies. 'n Groter persentasie Hindoes as Moslems het die Blanke aangedui en slegs betreklik geringe persentasies van die werkers in hierdie groepe was uitgesproke in hul keuse van persone uit hul eie groepe as werkgewers.

## 11.4 AFWESIGHEID

Vervolgens word die getal werkdae wat die proefpersone nie gewerk het nie, in die jaar wat die ondersoek voorafgegaan het, volgens die onderskeie oorsake ontleed.

Eerstens word aangedui hoeveel werkdae[1] daar nie op die arbeidsmark meegeding is nie.

TABEL 11.8

GETAL DAE GEDURENDE VOORAFGAANDE TWAALF MAANDE NIE OP ARBEIDSMARK MEEGEDING NIE VOLGENS GESLAG

| Tydperk | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | % | % |
| Volle tydperk meegeding | 4,378 | 95.5 | 459 | 87.3 | 4,837 | 94.7 |
| 1 - 99 dae | 36 | 0.8 | 9 | 1.7 | 45 | 0.9 |
| 100 - 199 dae | 127 | 2.8 | 36 | 6.8 | 163 | 3.2 |
| 200 - 299 dae | 36 | 0.8 | 20 | 3.8 | 56 | 1.1 |
| 300 dae | 5 | 0.1 | 2 | 0.4 | 7 | 0.1 |
| TOTAAL | 4,582 | 100.0 | 526 | 100.0 | 5,108 | 100.0 |

Volgens tabel 11.8 was 94.7 persent van die proefpersone deurentyd in die arbeidsmag. Die res was onder andere, skoliere wat vir 'n gedeelte van die tydperk nog op skool was en huisvroue wat in die loop van die betrokke jaar eers besluit het om tot die arbeidsmag toe te tree.

[1] Vir diegene wat vir 'n tydperk nie in die arbeidsmag was nie, is die werkweek op ses werkdae gedurende hierdie tydperk gestel. Dit geld ook vir die werkweek in die geval van die werkloses.

TABEL 11.7

VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN WERKGEWER VOLGENS GELOOF

| Geloofs - of bevolkingsgroep (werkgewer) | Geloof | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hindoe | | Moslem | | Christen | | Ander | | Geen | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Moslem | 46 | 1.1 | 79 | 11.2 | 3 | 0.9 | - | - | - | - | 128 | 2.5 |
| Hindoe | 143 | 3.5 | 4 | 0.6 | 6 | 1.8 | - | - | 1 | 12.5 | 154 | 3.0 |
| Blanke | 2,649 | 65.3 | 384 | 54.3 | 236 | 72.2 | 7 | 77.8 | 3 | 37.5 | 3,279 | 64.2 |
| Kleurling | 2 | 0.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 0.0 |
| Bantoe | 4 | 0.1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 4 | 0.1 |
| Enigeen | 1,063 | 26.2 | 209 | 29.6 | 72 | 22.0 | 1 | 11.1 | 4 | 50.0 | 1,349 | 26.4 |
| Geeneen | 67 | 1.7 | 12 | 1.7 | 6 | 1.8 | 1 | 11.1 | - | - | 86 | 1.7 |
| Weet nie | 83 | 2.0 | 19 | 2.7 | 4 | 1.2 | - | - | - | - | 106 | 2.1 |
| TOTAAL | 4,057 | 100.0 | 707 | 100.0 | 327 | 100.0 | 9 | 100.0 | 8 | 100.0 | 5,108 | 100.0 |

## TABEL 11.9

## GETAL DAE WERKLOOS GEDURENDE VOORAFGAANDE TWAALF MAANDE VOLGENS GESLAG

| Tydperk werkloos | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 3,644 | 79.5 | 400 | 76.0 | 4,044 | 79.2 |
| 1 - 7 dae | 8 | 0.2 | 1 | 0.2 | 9 | 0.2 |
| 8 - 14 dae | 8 | 0.2 | 1 | 0.2 | 9 | 0.2 |
| 15 - 21 dae | 17 | 0.4 | 2 | 0.4 | 19 | 0.4 |
| 22 - 28 dae | 48 | 1.0 | 10 | 1.9 | 58 | 1.1 |
| 29 - 49 dae | 37 | 0.8 | 6 | 1.1 | 43 | 0.8 |
| 50 - 99 dae | 150 | 3.3 | 25 | 4.8 | 175 | 3.4 |
| 100 - 199 dae | 339 | 7.4 | 46 | 8.7 | 385 | 7.5 |
| 200 - 299 dae | 136 | 3.0 | 15 | 2.9 | 151 | 3.0 |
| 300 dae | 195 | 4.3 | 20 | 3.8 | 215 | 4.2 |
| TOTAAL | 4,582 | 100.0 | 526 | 100.0 | 5,108 | 100.0 |

Gedurende die betrokke jaar was nagenoeg 20 persent van die proefpersone vir minstens een dag werkloos. Nagenoeg driekwart van hierdie persone was vir minstens 100 dae werkloos.

## TABEL 11.10

## GETAL DAE GEDURENDE VOORAFGAANDE TWAALF MAANDE VAN WERK AFWESIG WEENS SIEKTE VOLGENS GESLAG

| Tydperk afwesig | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 3,173 | 69.2 | 349 | 66.3 | 3,522 | 69.0 |
| 1 - 7 dae | 855 | 18.7 | 99 | 18.8 | 954 | 18.7 |
| 8 - 28 dae | 420 | 9.2 | 64 | 12.2 | 484 | 9.5 |
| 29 dae en langer | 134 | 2.9 | 14 | 2.7 | 148 | 2.9 |
| TOTAAL | 4,582 | 100.0 | 526 | 100.0 | 5,108 | 100.0 |

Nagenoeg twee derdes van die betrokke persone het verklaar dat hulle in die loop van die jaar nooit weens siekte van die werk afwesig was nie. Die meeste persone wat wel om dié rede afwesig was, was vir hoogstens 'n week afwesig.

## TABEL 11.11

## GETAL DAE GEDURENDE VOORAFGAANDE TWAALF MAANDE VAN WERK AFWESIG WEENS ONGELUKKE EN BESERINGS VOLGENS GESLAG

| Tydperk afwesig | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 4,468 | 97.5 | 523 | 99.4 | 4,991 | 97.7 |
| 1 - 7 dae | 60 | 1.3 | 2 | 0.4 | 62 | 1.2 |
| 8 - 28 dae | 37 | 0.8 | 1 | 0.2 | 38 | 0.7 |
| 29 dae en langer | 17 | 0.4 | - | - | 17 | 0.3 |
| TOTAAL | 4,582 | 100.0 | 526 | 100.0 | 5,108 | 100.0 |

Slegs 'n geringe persentasie van die gevalle, en slegs 0.6 persent van die vroue, was weens ongelukke en beserings van die werk afwesig.

TABEL 11.12

GETAL DAE GEDURENDE VOORAFGAANDE TWAALF MAANDE VAN WERK AFWESIG AS GEVOLG VAN ONGUNSTIGE WEERSTOESTANDE VOLGENS GESLAG

| Tydperk afwesig | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 4,456 | 97.2 | 507 | 96.4 | 4,963 | 97.2 |
| 1 - 7 dae | 52 | 1.1 | 11 | 2.1 | 63 | 1.2 |
| 8 - 28 dae | 47 | 1.0 | 6 | 1.1 | 53 | 1.0 |
| 29 dae en langer | 27 | 0.6 | 2 | 0.4 | 29 | 0.6 |
| TOTAAL | 4,582 | 100.0 | 526 | 100.0 | 5,108 | 100.0 |

Ongunstige weerstoestande het nie 'n groot invloed op werkbywoning uitgeoefen nie. Van die totale steekproef het slegs 2.8 persent verklaar dat hulle as gevolg daarvan op een of meer dae van die werk afwesig was.

TABEL 11.13

GETAL DAE GEDURENDE VOORAFGAANDE TWAALF MAANDE VAN WERK AFWESIG WEENS SWANGERSKAP EN BEVALLINGS

| Tydperk afwesig | G | % |
|---|---|---|
| Geen | 504 | 95.8 |
| 1 - 7 dae | - | - |
| 8 - 28 dae | 2 | 0.4 |
| 29 dae en langer | 20 | 3.8 |
| TOTAAL | 526 | 100.0 |

Minder as vyf persent van die werkende vroue was weens swangerskap of bevallings van die werk afwesig.

Vervolgens word die totale tydperk wat die proefpersone van die werk afwesig was as gevolg van voorgenoemde redes, in tabel 11.14 ontleed.

TABEL 11.14

TOTALE GETAL DAE GEDURENDE VOORAFGAANDE TWAALF MAANDE AFWESIG VAN WERK VOLGENS GESLAG

| Tydperk afwesig | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 930 | 20.3 | 94 | 17.9 | 1,024 | 20.0 |
| 1 - 7 dae | 297 | 6.5 | 51 | 9.7 | 348 | 6.8 |
| 8 - 14 dae | 751 | 16.4 | 46 | 8.7 | 797 | 15.6 |
| 15 - 21 dae | 927 | 20.2 | 93 | 17.7 | 1,020 | 20.0 |
| 22 - 28 dae | 328 | 7.2 | 30 | 5.7 | 358 | 7.0 |
| 29 - 35 dae | 155 | 3.4 | 15 | 2.9 | 170 | 3.3 |
| 36 - 49 dae | 109 | 2.4 | 12 | 2.3 | 121 | 2.4 |
| 50 - 99 dae | 239 | 5.2 | 43 | 8.2 | 282 | 5.5 |
| 100 - 199 dae | 400 | 8.7 | 67 | 12.7 | 467 | 9.1 |
| 200 - 299 dae | 193 | 4.2 | 40 | 7.6 | 233 | 4.6 |
| 300 dae | 253 | 5.5 | 35 | 6.7 | 288 | 5.6 |
| TOTAAL | 4,582 | 100.0 | 526 | 100.0 | 5,108 | 100.0 |

Slegs 20. 0 persent van die betrokke persone en onderskeidelik 20. 3 en 17. 9 persent van die mans en vroue, was nie een dag van die werk afwesig nie.

## 11. 5 VERLOF

Ten slotte word in tabel 11. 15 die getal dae aangedui wat die proefpersoon van werk afwesig was met verlof. Sowel betaalde as onbetaalde verlof word getoon.

Soos verwag kan word, was 'n baie kleiner persentasie met onbetaalde as met betaalde verlof (3. 2% teenoor 47. 5%). Ten opsigte van geslag was relatief meer mans (49. 0%) as vroue (34. 6%) met betaalde verlof. Die teendeel blyk egter die geval te wees by persone wat onbetaalde verlof geneem het.

TABEL 11.15

GETAL DAE GEDURENDE VOORAFGAANDE TWAALF MAANDE VAN WERK AFWESIG MET VERLOF MET EN SONDER BETALING VOLGENS GESLAG

| Tydperk afwesig | Besoldiging | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Met betaling | | | | | | Sonder betaling | | | | | |
| | Mans | | Vroue | | Totaal | | Mans | | Vroue | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen dae | 2,337 | 51.0 | 344 | 65.4 | 2,681 | 52.5 | 4,438 | 96.9 | 506 | 96.2 | 4,944 | 96.8 |
| 1 - 7 dae | 91 | 2.0 | 18 | 3.4 | 109 | 2.1 | 63 | 1.4 | 10 | 1.9 | 73 | 1.4 |
| 8 - 14 dae | 984 | 21.5 | 52 | 9.9 | 1,036 | 20.3 | 37 | 0.8 | 2 | 0.4 | 39 | 0.8 |
| 15 - 21 dae | 1,058 | 23.1 | 103 | 19.6 | 1,161 | 22.7 | 21 | 0.5 | 4 | 0.8 | 25 | 0.5 |
| 22 dae en langer | 112 | 2.4 | 9 | 1.7 | 121 | 2.4 | 23 | 0.5 | 4 | 0.8 | 27 | 0.5 |
| TOTAAL | 4,582 | 100.0 | 526 | 100.0 | 5,108 | 100.0 | 4,582 | 100.0 | 526 | 100.0 | 5,108 | 100.0 |

# HOOFSTUK 12

# SAMEVATTING

## 12.1 INLEIDING

Die gegewens in hierdie verslag is verkry deur middel van onderhoude wat met 'n steekproef van 5,108 Indiërs gevoer is wat op die arbeidsmark meeding en in 22 landdrosdistrikte in Natal woonagtig is. Hierdie steekproef het 4,248 vaste werkers, 629 werkloses en 231 werkers wat nie ten volle geëmplojeer is nie (seisoen-, stuk- en korttydwerkers) ingesluit. Die ouderdomsgrense vir mans en vroue is onderskeidelik op 15 tot 64 jaar en 15 tot 59 jaar vasgestel. Die opname is gedurende Julie 1964 gedoen.

## 12.2 WOONPLEK EN MIGRASIE

Meer as die helfte van die ondersoekgroep, naamlik 56.1 persent, is in die stedelike gebied van Durban-Pinetown aangetref, 27.7 persent in dorpe en 16.2 persent op plase en kleinhoewes. 'n Aansienlike persentasie van die werkers wat op plase en in dorpe gebore is, is tydens die ondersoek in die stedelike gebied aangetref en daar is dus blyke van 'n stadwaartse trek.

Daar het nie 'n noemenswaardige verandering van woonplek plaasgevind nadat die proefpersone hul eerste voltydse werk aanvaar het nie en die oorgrote meerderheid het nog nie sedert hulle vyftiende lewensjaar van woonplek verwissel nie (2.2[1]). Die hoofrede vir die trek na die distrik waar die ondervraagdes tydens die opname aangetref is, was om werk te soek (2.3).

## 12.3 ONDERWYSPEIL EN AKADEMIESE KWALIFIKASIES

Slegs nagenoeg die helfte van die ondervraagdes het minstens oor 'n standerd sessertifikaat beskik en 6.6 persent van die mans teenoor 22.8 persent van die vroue was nooit op skool nie. Die jonger persone beskik oor die algemeen oor veel hoër onderwyskwalifikasies as die ouer persone.

Geoordeel aan die persentasie persone wat minstens standerd ses geslaag het, is die onderwyskwalifikasies van die bewoners van die groot dorpe die hoogste (nagenoeg twee derdes het standerd ses of 'n hoër standerd geslaag) en dié van diegene op plase die laagste (minder as 'n derde slaag minstens standerd ses).

Die onderwyspeil van die Engelssprekende Indiërs en dié wat „ander tale" as huistale het, is die hoogste. Onderskeidelik 72.8 en 68.5 persent van hierdie groepe het minstens standerd ses geslaag teenoor 62.2, 53.1, 46.0, 44.5 en 39.0 van die Gujerati-, Hindi-, Telugu-, Tamil- en Urdusprekendes.

Die werkers wat nie ten volle geëmplojeer is nie, beskik oor die laagste onderwyskwalifikasies. Vyf-en-sewentig punt vier persent van hulle teenoor onderskeidelik 56.0 en 48.5 persent van die werkloses en die wat ten volle geëmplojeer is, kon dit nie verder as standerd vyf bring nie (3.2).

Tale (byvoorbeeld Afrikaans, Engels en Latyn), kulturele vakke (soos Geskiedenis, Musiek, Kuns en Aardrykskunde) en wetenskapvakke (Natuur- en Skeikunde, Wiskunde, Biologie, Skeikunde, Plantkunde en Natuurkunde) is die vakke wat die meeste deur die ondervraagdes op skool na standerd ses gevolg is (3.3).

Slegs 691 ondervraagdes het verklaar dat hulle privaat studeer het nadat hulle begin werk het. Hoe hoër die standerd wat geslaag is, des te meer persone het gepoog om deur middel van privaatstudie hul kwalifikasies te verbeter (3.4).

---

[1] Met (2.2) word afdeling 2 van hoofstuk 2 bedoel.

Nagenoeg vyf persent van die proefpersone (256 persone) beskik oor naskoolse akademiese en/of professionele kwalifikasies en van hierdie proefpersone is een uit elke vyf 'n vrou. Die kwalifikasies het meesal toegang tot die onderwysberoep verleen (3.5). Slegs 36 van die 5,108 ondervraagdes het 'n tegniese sertifikaat verwerf (3.6), 29 proefpersone het ander bykomstige kwalifikasies verwerf (3.7), terwyl 145 persone aangetref is wat vakmanne is of wat hulself as sodanig beskou (3.8).

## 12.4 TOETREDE TOT DIE ARBEIDSMAG

Meer as 'n derde van die Indiërs was hoogstens 16 jaar oud toe hulle tot die arbeidsmag toegetree het. Die gemiddelde ouderdom waarop die vroue begin werk het, is hoër as dié van die mans (4.2).

Slegs 34.8 persent van die proefpersone het binne 'n maand na skoolverlating begin werk. Ongeveer dieselfde persentasie het eers na verloop van minstens 'n jaar hul eerste voltydse beroep aanvaar. Die tydperk tussen skoolverlating en toetrede tot die arbeidsmag is oor die algemeen langer by die vroue as by die mans.

Namate die onderwyspeil styg, word die tydperk tussen skoolverlating en diensaanvaarding oor die algemeen korter (4.3).

## 12.5 BEROEP

Die vakmanne, halfgeskooldes en arbeiders vorm saam die grootste enkele groep (42.3%) van die vaste werkers. Werkers in die volgende beroepsgroepe is oor die algemeen jonk: Onderwysers en instrukteurs, ander professionele en tegniese werkers soos prokureurs, dokters en verpleegsters, klerklike werkers, ander persone in die groot- en kleinhandel, halfgeskooldes in die tekstielbedryf en in die leer-, vel-, en wolbedryf en arbeiders in fabrieke en in die konstruksiewese. Hierteenoor is daar 'n groot persentasie van ouer werkers onder die boere en vissers aangetref.

In slegs drie van die beroepsgroepe het meer as 10 persent van die vaste werkers standerd 10 geslaag, naamlik die onderwysers en instrukteurs, die ander professionele en tegniese werkers en die administratiewe, uitvoerende en bestuurswerkers (onderskeidelik 70.6, 45.2 en 10.5%). Hierteenoor was ten minste 20 persent van die boere, plaasarbeiders, arbeiders in die voedselbedryf en konstruksiewese, en die huisbediendes en tuinwerkers nooit op skool nie.

Van die 54 vaste werkers wat oor universiteitsgrade beskik, is 42 werksaam as onderwysers, lektore of instrukteurs. Meer as die helfte van die 33 Indiërs wat tegniese sertifikate verwerf het, beklee poste waar hierdie opleiding blykbaar nie gebruik word nie.

'n Hoë persentasie professionele en tegniese werkers kom onder die Christene voor en 'n besonder hoë persentasie verkoopswerkers (36.0%) onder die Moslems. Dit blyk ook dat 18.2 persent Moslems teenoor 9.8 persent Hindoes en 4.6 persent Christene, wat ten volle geëmplojeer is, vir eie gewin werk (5.2).

Wat die 231 werkers wat nie ten volle geëmplojeer is nie, betref, is 39.3 persent van die 28 seisoenwerkers hoofsaaklik by die verbouing en bemarking van suikerriet betrokke. Ietwat meer as die helfte van die 121 stukwerkers en 25.6 persent van die 82 korttydwerkers verrig geskoolde en halfgeskoolde arbeid.

Die grootste enkele groep mans onder die wat nie ten volle geëmplojeer is nie (42.6%) doen geskoolde en halfgeskoolde werk, terwyl die persoonlike dienswerksters weer die beste onder die vroue verteenwoordig is (36.2%). Seisoenwerkers woon hoofsaaklik op plase (53.6%), terwyl stukwerkers (62.8%) en korttydwerkers (68.3%) merendeels in die stad woon.

Die hoofrede wat deur die persone wat nie ten volle geëmplojeer is nie, aangevoer word vir die feit dat hulle nie vaste werk verrig nie, is dat hulle nie permanente werk kan kry nie. Hierdie rede word deur 72.8 persent mans en 36.2 persent vroue aangevoer. Meer as 40 persent vroue het verklaar dat deeltydse werk hulle toelaat om ook hul huislike pligte na te kom (5.3).

Ietwat meer as 70 persent van die persone wat ten volle en dié wat nie ten volle geëmplojeer is nie,woon 'n halfmyl of verder van hul werkplek (5. 4).

## 12. 6 INKOMSTE

Die mediaaninkomste van die totale groep ondervraagdes bedra R41. 6 en dié van die mans en vroue onderskeidelik R43. 2 en R27. 0 per maand. Diegene in die ouderdomsgroep 35 tot 44 jaar het 'n hoër mediaaninkomste (R52. 0 per maand) as die persone in die ander ouderdomsgroepe. Die mediaaninkomste van die groep wat matriek geslaag het, is meer as driemaal so hoog as dié wat nog nooit op skool was of geen standerd geslaag het nie, naamlik R81. 6 teenoor R26. 4.

Die mediaaninkomste van die Gujeratisprekendes (R61. 3 per maand) is hoër as dié van die Engels- (R59. 6), Urdu- (R47. 6), Hindi- (R42. 1), Telugu- (R39. 6) en Tamilsprekendes (R39. 0), terwyl dié van die Moslems (R51. 9) hoër is as dié van die Christene (R45. 6) en Hindoes (R40. 6).

Onder die vaste werkers is die mediaaninkomste van die administratiewe, uitvoerende en bestuurswerkers die hoogste (R134. 0 per maand), dié van die vakmanne die tweede hoogste (R106. 0) en dié van die werkende eienaars in die groot- en kleinhandel (R85. 9) die derde hoogste. Die huisbediendes en tuinwerkers by private persone verdien die minste (mediaan van R12. 4 per maand). Dit moet egter in aanmerking geneem word dat laasgenoemdes dikwels 'n bykomende inkomste in natura ontvang, byvoorbeeld òf gratis voedsel òf vry inwoning òf albei. Onder die persone wat nie ten volle geëmplojeer is nie ontvang die klerklike werkers die hoogste mediaan-inkomste per maand (R70. 0) en die huisbediendes die laagste (R8. 3) (6. 2).

Veertien punt ses persent van die 3, 978 persone wat nie vir hulself werk nie of nie werkloos is nie, ontvang gratis huisvesting en 13. 2 persent ontvang een of meer gratis maaltye per dag (6. 3).

Van die 3, 494 vaste werkers wat voor die opname reeds drie jaar en langer gewerk het, het 74. 5 persent tydens die opname 'n hoër inkomste as drie jaar vantevore gehad. Voorts blyk dit ook dat hoe hoër die onderwyspeil van die werker, des te beter is sy kanse om met verloop van tyd meer te verdien (6. 4).

## 12.7 BEROEP- EN WERKGEWERVERWISSELING

Heelwat van die vaste werkers wat as ongeskoolde werkers tot die arbeidsmag toegetree het, is tydens die opname in ander beter betalende beroepe aangetref. 'n Vergelyking tussen die eerste en huidige beroep dui egter nie op aansienlike verskille nie.

Ietwat minder as die helfte (49. 4%) van die persone wat nie ten volle geëmplojeer is nie het tot en met die opname slegs een soort beroep beoefen. Ongeveer 'n derde (29. 9%) het reeds twee en die res drie of meer verskillende soorte beroepe beoefen (7. 2). Gedurende die tydperk van vyf jaar wat die opname voorafgegaan het, was daar 'n geringe verwisseling van werkgewers soos blyk uit die 82. 7 persent vaste werkers wat slegs een werkgewer gehad het (die 2, 097 persone wat vir hulself werk of nog nie vyf jaar lank werk nie, word hier buite rekening gelaat). Hierdie bestendigheid blyk verder uit die feit dat meer as die helfte (52. 6%) van die totale getal vaste werkers vir vyf jaar en langer by die huidige werkgewer gewerk het of selfgeëmplojeer was en dat 57. 8 persent vir periodes van vyf jaar en langer hulle huidige beroep beoefen.

Die vernaamste rede vir werkgewerverwisseling onder die vaste werkers is vrywillige bedanking (7. 3).

## 12. 8 DIE OMVANG VAN WERKLOOSHEID

Na raming was daar in 1964 nagenoeg 10, 867 manlike werklose Indiërs in Natal teenoor 1, 572 vroue. Dié getalle kom in die Durban-Pinetowngebied op onderskeidelik 7, 698 en 937 te staan. Laasgenoemde getalle is ingesluit by die eersgenoemde getalle (8. 3).

12.9 DIE WERKLOSES

Van die 629 werkloses wat in die steekproef aangetref is, is 11.3 persent vroue en 88.7 persent mans. Meer as die helfte van die werkloses is jonger as 25 jaar, hulle onderwyskwalifikasies is nie veel swakker as dié van die vaste werkers nie, terwyl die meeste van hulle in die stad aangetref is (9.2).

Gegewens oor die werkloses se laaste vorige beroepe toon dat die grootste enkele persentasie, naamlik 25.1 persent, halfgeskoolde werkers was, gevolg deur 16.7 persent arbeiders. Negentien punt sewe persent het nog nooit voorheen gewerk nie (9.3).

Slegs 10.5 persent werkloses was tydens die opname vir minder as 'n maand werkloos en 35.7 persent vir tydperke van 12 maande en langer. Dit blyk ook dat die gemiddelde tydperk van werkloosheid ietwat langer by die vroue as by die mans is, langer by die ouer as by die jonger persone is en langer is by diegene met 'n lae as by diegene met 'n hoë onderwyspeil (9.4).

Meer as 70 persent van die werkloses verklaar dat hulle hul laaste werk verloor het omdat hulle om die een of ander rede afgedank is (9.6).

Die minimumloon (mediaan) wat onderskeidelik deur die werklose mans en vroue verlang word indien hulle 'n werk aangebied sou word, is effens laer as die werklike mediaanloon wat deur die vaste werkers verdien is, naamlik R41.3 en R24.4 teenoor R43.2 en R27.0 per maand. Dit is egter opvallend dat indien die gegewens volgens ouderdom ontleed word, persone in die jongste en veral die oudste ouderdomsgroepe 'n hoër loon verwag as wat deur werkers in die ooreenstemmende ouderdomsgroepe verdien word.

Die werkloses wat in hul vorige laaste beroep onder die betreklik goedbesoldigde beroepsgroepe ressorteer het, verlang 'n laer minimumloon as wat deur die vaste werkers in die ooreenstemmende beroepsgroepe verdien word. Dit is egter opvallend dat die werklose landbouers en vissers 'n mediaanloon verlang wat heelwat hoër is as dit wat werklik deur die vaste werkers in hierdie beroepsgroep verdien word (9.7).

Die meerderheid werkloses (87.1%) het onder andere van hulp van hul eggenotes, ouers, familie of vriende gelewe, terwyl 15.3 persent werkloosheidsvoordele ontvang het (9.8). Van die 629 werkloses het 245 (39.0%) verklaar dat hul tydens die opname as werkloos by die Departement van Arbeid geregistreer was, terwyl 'n verdere 51 persone vroeër gedurende hul huidige tydperk van werkloosheid geregistreer was. Die grootste enkele persentasies van diegene wat nooit geregistreer het nie, beweer dat hulle nie daarvan bewus was dat hulle moes registreer nie, of nie op voordele geregtig was nie (onderskeidelik 36.6 en 31.5%). Van die 296 werkloses wat wel op een of ander stadium geregistreer het, het 83.1 persent dit gedoen omdat hul op voordele geregtig was (9.9).

12.10 DIE LENGTE VAN DIE WERKWEEK

Onderskeidelik 45.3 en 49.4 persent vaste werkers het 'n vyf- en sesdaagse werkweek (10.2.1). Die grootste enkele persentasie (34.7%) werk tussen 46 en 50 uur per week en die tweede grootste persentasie (32.7%) van 41 tot 45 uur per week. Gemiddeld werk die vroue 'n korter werkweek as die mans - 74.0 persent vroue teenoor 50.8 persent mans werk minder as 46 uur per week.

Die lengte van die werkweek volgens die aantal ure gewerk, styg namate die graad van verstedeliking afneem. Op die plase en veral op kleinhoewes word dan ook die langste werkweek aangetref. Die vaste werkers met 'n hoë onderwyspeil werk ook minder ure per week as die vaste werkers met 'n lae onderwyspeil (10.2).

Die werkers wat nie ten volle geëmplojeer is nie werk uit die aard van die saak minder ure per week as die vaste werkers. Teenoor slegs 19.0 persent van eersgenoemdes wat 41 uur en meer per week werk, is daar 79.9 persent vaste werkers in dieselfde kategorie (10.3).

12.11 DIVERSE

Volgens die kriteria van onderemplojering wat in hierdie ondersoek gebruik is, was 8.1 persent van die vaste werkers ondergeëmplojeer (11.2).

Werkgewers uit die Blanke bevolkingsgroep is die „populêrste" en Indiërwerkgewers word betreklik selde as eerste keuse gestel (11.3).

## LITERATUURLYS


1. COOPPAN, S. The entry of Durban Indian youth into the labour market. Durban, University of Natal, 1962.

2. KUPER, Hilda. Indian people in Natal. Durban, University of Natal Press, 1962.

3. HEY, P.D. The rise of the Natal Indian elite. Pietermaritzburg, The Natal Witness (Pty.) Ltd., 1961.

4. S. A. Dept. van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing. Die Sosio-Ekonomiese Posisie van die Indiërbevolking in Natal, deur J. M. Lötter. Pretoria, die Buro, 1966.

5. S. A. Dept. van Inligting. Indiërs van Suid-Afrika. Pretoria, Staatsdrukker.

6. BURROWS, H. R. "Indian life and labour in Natal". Race Relations. 10(1), 1943: 1-36.

7. MÜLLER, A. L. "The economic position of the Asians in Africa". The S. A. Journal of Economics. 33(2), June, 1965: 114-130.

8. RUSSEL, M. Unemployment among Indians in Durban, 1962. Durban, University of Natal, Institute for social research, 1962.

9. WOODS, C. A. The Indian Community of Natal: their economic position. Cape Town, Oxford University Press, 1954. (Natal regional survey, vol. 9)

10. S. A. Buro vir Statistiek. Statistiese jaarboek, 1965. Pretoria, Staatsdrukker, 1965.

11. S. A. Buro vir Statistiek. Bevolkingsensus, 1960: Steekproeftabellasie no. 7 - Onderwyspeil alle rasse. Pretoria, Staatsdrukker, 1964.

N | H S R C
EK | LIBRARY

Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika deur die Staatsdrukker Pretoria 1968.